

Ɔ Pad Saam

GRATIS

Uitgawe 50 • Augustus | September 2018

Die VKB Groep op regte spoor met
GROOT resultate

Kan kommersiële
boerderye met
kommunale boerderye
vervang word?

**Plaasveiligheid:
Grondvlakfeite**

Geniet die plesier van 'n
vertikale tuin

Rissiebedryf

bied gulde geleentheid vir plaaslike produsente



Die **Lig** op jou pad
deur pastoor Kallie Kriel



Jou oog is die lig... Of hoe?

Lukas 11:33-36 lees soos volg: *Niemand steek 'n lamp op en steek dit dan weg of sit dit onder 'n emmer nie. Inteendeel, dit word op 'n staander geplaas om lig te laat skyn vir almal wat die kamer binnekom. Jou oog is die lamp vir jou liggaam. 'n Skoon oog laat lig in jou liggaam inskyn. Maar 'n vuil oog sluit die lig uit en dompel jou in duisternis. Maak seker dat die lig wat jy dink jy het, nie dalk duisternis is nie. As jou hele liggaam met lig gevul is, sonder donker hoekies, sal jou lewe stralend wees asof 'n helder lig op jou skyn.* (NLV)

Jou oog is die lamp van jou liggaam soos die son lig is vir die aarde en 'n kers lig is in 'n donker kamer. Die manier waarop mens na dinge kyk en interpreteer in die lewe, bring lig of duisternis in jou lewe in. Mense wat met God se Woord gevul word, sal lig veroorsaak omdat die Woord lig is. Jou lewensiening moet deur die Bybel gevorm word. Jy sien, dit is die lig op jou lewenspad. Daar is net een manier om na dinge te kyk. Dit is interessant om op te let dat een van die Engelse vertalings iets praat van 'n "single eye". 'n Een manier van kyk. Soos God met ander woorde dinge sien. Sien alles met die oog op die feit dat God jou liefhet. Sien alles met die oog op die feit dat God vir jou omgee. Sien alles met die feit dat God vir jou sorg. **Numeri 6:24-26** in die Nuwe Lewende Vertaling gee meer lig op ander vertalings deur te sê dat: "Die HERE sal vir jou goed wees en vir jou sorg. Die HERE sal jou raaksien en vir jou sy liefde gee. Die HERE sal jou goedgesind wees en vir jou voorspoed gee."

Ons hoofgedeelte se verwysing in **Matteus 6:23** waarsku dat as jy dink dat die lig inskyn en dit is duisternis, dan is dit pikswart donker in jou. Lig praat altyd van redding, lewe, vooruitsig en voorspoed, waar donker verwys na sonde, die slegte en teenspoed. In **Deut 30:19** roep God die hemel en aarde as getuie vir die mens om te kies tussen lewe en dood. Hy bemoedig die mens om lewe te kies. In **vers 20** word daar gesê dat deur die HERE lief te hê, Hom te gehoorsaam en jou te verbind aan Hom, lewe sal bring. 'n Lang lewe in die beloofde land word dan vir die volk voorgehou. Hoeveel te meer nie vir ons wat in Sy Seun glo nie. Deur Sy Gees gedoop is nie. In Sy kragveld beweeg nie. Kry jou oog op Hom en vir Hom en jy sal altyd lewe beleef. Ons liggame of lewens word met die lig gevul, sonder donker hoekies, nou sal jou lewe stralend wees asof 'n helder lig ook nou op jou skyn. Die Ou Vertaling sê dat die HERE sy aangesig oor jou sal laat skyn en jou genadig wees in **Numeri 6:25**. Maak seker dat die lig wat jy dink jy het, nie dalk duisternis is nie.

Iemand het eendag gesê dat ons die wêreld nie sien soos dit werklik is nie, maar soos wat ons is, met ander woorde soos ons gekondisioneer is, met ander woorde soos ons dit sien. Ons sig word beïnvloed soos ons grootword, en dinge en mense beleef. Vra vir die Here om jou te help sodat jou oog skoon sal wees en jou liggaam verlig sal word.

INHOUD

22-25

Plaasveiligheid: Grondvlakfeite

Uitgewer:
VKB en NTK

Redakteur:
Hannelie Cronjé
Posbus 100
Reitz 9810
Tel. 058 863 8223
hanneliec@vkb.co.za

Eindredakteur:
Koos Janse van Rensburg

Ontwerp en Uitleg:
Ryno Steyn (VKB)

Taalversorging:
Lize Mulder

Druk:
Oranje Drukkers, Senekal

Advertensies:
Hannelie Cronjé (VKB)
hanneliec@vkb.co.za
Sel. 083 303 6117

Alle regte van Die Pad Saam word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.

Vkb beskik oor 'n kliëntediensentrum wat bestuur word deur die groep se skakelbeampte, me. Anelie Swemmer.

Kontak haar gerus by
058 863 8277 of per
e-pos by
aswem@vkb.co.za

50 Liewe lesers, jy hou vandag die 50ste uitgawe van Die Pad Saam vas! Daarom dink ek dit is gepas dat hierdie uitgawe opgedra word aan elke lesers, elke adverteerder, elke skrywer wat 'n bydrae skryf en elkeen wat dit lees en vir ons hul positiewe terugvoering én soms advies en kritiek stuur. Baie dankie dat jy elke twee maande jou eksemplaar in die winkel optel; dankie vir die vrae wat julle vir ons stuur sodat ons weet waarvoor om inligting te gaan versamel. Dankie ook aan almal wat agter die skerms werk om die redaksie te help om hierdie tydskrif saam te stel. Dis danksy julle ondersteuning en die bydrae van elke rolspeler dat ons sterker staan as ooit tevore. Mag ons vir nog baie lank Die Pad Saam stap!

4	Voorwoord
6 - 9	Die VKB Groep op regte spoor met GROOT resultate
10	Verkryging van mededingende voordeel en bevordering van beleggingsgeleenthede in landbou
12	10 wenke vir 'n suksesvolle entrepreneur
14 - 18	Kan kommersiële boerderye met kommunale boerderye vervang word?
22-25	Plaasveiligheid: Grondvlakfeite
26	Die ekonomie van die platteland
28	Besigheidsoerwoud: Arende
30 - 31	Agriculture in Tasmania, Australia
32 - 34	Boogjag groei in Suid-Afrika
36 - 38	Die ABC van Slenkdalkoors
40 - 41	Wenke vir stresvrye veevervoer
42 - 44	Nupro
45 - 46	Kan Skaapkraalmis op lande gebruik word?
48	Voermol
50 - 51	Riglyne vir kalf grootmaak
52 - 54	Die beheer van geeluintjies in gewasse - 'n geïntegreerde benadering
56 - 57	Pannar - 60 Jaar
58 - 60	Soetrissies is staatmaker vir produsent en kok
62 - 63	Rissiebedryf bied gulde geleentheid vir plaaslike produsente
64	Bou rissies van goeie wortelstelsel af op
66 - 68	Geniet die plesier van 'n vertikale tuin
70 - 72	Gesondheid: Probiotika vs Antibiotika
76 - 77	Grainfield Chickens Dijon Mustard Chicken on the braai
80 - 82	NTK Nuus
84 - 86	VKB Nuus

45-46

Kan Skaap Kraalmis op lande gebruik word?

40-41

Wenke vir stresvrye veevervoer

52-54

Pret-boek wenners sal aangekondig word in Oktober/November Uitgawe

Die beheer van geeluintjies in gewasse - 'n geïntegreerde benadering



These articles are available in english on our website at:
<https://goo.gl/jkJtpF>



6-9

Die VKB Groep op regte spoor met GROOT resultate

Ek het my ma drie maande gelede verloor en met die ter perse gaan van hierdie uitgawe het my pa nog aan die lewe vasgehou, maar ons verwag enige oomblik die tyding van sy heengaan. Daarom het hierdie brief wat iemand vir my via die internet aangestuur het, soveel betekenis. Ek het plek-plek my eie gedagtes bygevoeg om dit op my en my ouers van toepassing te maak en ek sou so graag hierdie brief aan die twee gryskoppe wou voorlees. Dit staan jou dus vry om dieselfde te doen wanneer jy die brief aan j^{ou} ouers stuur of voorlees.

Liewe Mamma en Pappa

Ek wil hierdie brief eintlik al so lankal vir julle skryf, maar die tyd is altyd te min om regtig eerlikwaar in waardering te gaan sit en dinge te onthou wat ek al lankal vergeet het.

Ek wil eerstens vir julle baie dankie sê vir die Christelike opvoeding waarmee julle my grootgemaak het. Sonder my geloof sou die lewe leeg en sinneloos gewees het. Selfs al het ek by tye getwyfel of God regtig bestaan en of ek regtig Sy kind is, het julle voorbeeld en geloof my uiteindelik terugbring by my Vader, waar ek vandag my geloof as die fondament vir my elke besluit gebruik.

Dankie, Pappa, vir jou liefde vir die natuur en jou absolute bewondering vir God se skepping, tot waar ek Pappa elke oggend op Pappa se knieë sien bid het vir Pappa se kinders. Mamma, vir die vertroue wat Mamma altyd in God geplaas het dat alles ten goede sal uitwerk, en Mamma se ongelooflike vermoë om Mamma se gesin op so 'n wonderlike manier te dien. Dankie vir elke gebed wat julle namens my opgestuur het Hemel toe.

Dan wil ek vir julle oor en oor dankie sê vir julle aanvaarding teenoor my. Hulle sê altyd God gee spesiale kinders vir spesiale ouers in die sin dat net hulle so 'n spesiale kind sal kan groot kry. In daardie opsig glo ek julle moet uiters spesiaal wees, want ek weet ek kon nie 'n maklike kind gewees het om groot te kry nie. Dit beteken vir my so geweldig baie dat julle my lief het en aanvaar net soos ek is. Julle het altyd teruggestaan en my deur al my moeilike fases laat gaan, en steeds met ope arms aan die ander kant vir my bly wag.

Ek wil vir julle baie dankie sê vir al die materiële goed waarmee julle my versorg het. Pappa, dat jy so hard gewerk sodat ons ons drome kan volg, en Mamma, dat Mamma altyd elke geleentheid ondersoek het om ons soveel as moontlik te help om onself te ontwikkel.

Dankie vir die beskerming wat julle altyd vir my gebied het. Dat julle altyd jul bes gedoen om my veilig te hou, of om my te leer hoe om myself te beskerm. Ek weet vandag dat julle dit alles uit liefde gedoen het en wat julle geglo het die beste vir ons is. Ek weet daar was tye wat julle moes terugstaan sodat ek my eie foute kon maak en ek weet dit moes vir julle moeilik gewees het, maar dit was altyd oukei, want ek het geweet ek het ouers wat aan die ander kant vir my wag en altyd vir my sal uitkyk.

Mamma, ek dink nie ek kan vir Mamma in woorde beskryf hoe lief ek Mamma het en hoeveel ek na Mamma opkyk nie. Ek kan nie dink aan 'n sterker mens as Ma nie. Mamma het altyd vorentoe gekyk en weer opgestaan. Ek weet Mamma het swaar gekry die laaste paar maande. Ek hoop dat ek ook eendag so 'n sterk persoon soos Mamma sal kan wees. Mamma was altyd so positief, en om elke donker wolk het Mamma altyd die silwer randjie gesien.

Pappa, die ander kinders op skool was altyd jaloes omdat ek 'n pa soos Pappa het. Pappa se lewenslus en entoesiasme oor alles was altyd so aansteeklik en het 'n mens altyd nuwe lewenslus gegee. Pappa is ook so 'n ongelooflike begrypende mens en ek weet daar is min dinge waarmee ek nie na Pappa toe kon gaan nie. Pappa het altyd so objektief na dinge gekyk en het regtig altyd die beste raad gehad. Pappa het altyd kans gesien om enige pad saam met Pappa se kinders – en die kleinkinders ook – te stap. Geen droom wat ons gehad het was ooit buite bereik met Pappa se ondersteuning nie. As ek hulp nodig gehad het, het ek geweet Pappa was altyd daar vir my.

Pappa, dankie vir elke spontane uitstappie en die wonders wat Pappa met my gedeel het van elke mooi veldblommetjie.

Ek wil ook sommer vir julle jammer sê oor elke grys haar en elke slapelose nag wat ek veroorsaak het, maar ek hoop julle besef dat sonder al die slegte ervaringe, sou ek nooit die mens gewees het wat ek vandag is nie.

Dankie vir alles wat julle vir my beteken het en nog baie jare vorentoe gaan beteken. Ek sou geen ander ouers in die wêreld wou hê as julle nie.

Liefde – Hannelie



Knowledge grows

Verbind tot 'n wêreld sonder
voedseltekort ... respek vir
ons planeet.



As wêreldklas spesialiste in en verskaffers van anorganiese voerfosfate, aanvullings, konsentrate en voedingsgebalanseerde veevoer, streef Yara daarna om deur plaaslike kennis, internasionale kundigheid en deurlopende tegniese advies, kwaliteit en produktiwiteit, die voorste verskaffer van volhoubare gewasvoeding- en veevoeroplossings te wees wat die winsgewendheid van produsente ondersteun.

Met 'n toenemend groeiende wêreldbevolking, bly ons verantwoordelikheid om die wêreld te voed en die planeet te beskerm, ten spyte van ekonomiese hindernisse, beperkte bewerkbare grond en skaars hulpbronne.

Om sterk verhoudings met ons kliënte te smee, om in mekaar te belê en vertrou op te bou, lei tot volgehoue sakesukses, want ons glo ... deur saam te werk, kan ons 'n werklike verskil maak.

Tel: +27 (0)31 910-5100 • E-pos: animal.nutrition.sa@yara.com
www.yara.co.za/animal-nutrition

Yara Animal Nutrition Suid-Afrika (Edms) Bpk. Reg. No. 2001/025850/07

Die VKB Groep

op regte spoor met **GROOT** resultate



2018
Finansiële resultate

Die VKB Groep is 'n moderne, dinamiese landboubesigheid wat sedert sy ontstaan bykans 'n eeu gelede, konstant daarop fokus om toenemend oplossings vir die veranderende en uiteenlopende behoeftes van landbouprodusente en verwante belanghebbendes te bewerkstellig.

As eertydse Landboukoöperasie is aan die basiese behoeftes vir landbou-insette, meganisasie, graanhantering en -bemarking, finansiering en versekering voldoen, maar in later jare is die visie uitgebrei om nywerhede as deel van die groepstrategie te inkorporeer en, waar sinvol, daarin te belê. Die VKB Groep spog vandag met 'n uitgebreide nywerheidsstruktuur wat soveel maandelik kommoditeite wat in sy bedieningsgebied geproduseer word, verwerk.

Die Groep beskik oor 'n eiesoortige aanspingsmodel vir bona fide-landbouprodusente wat aandeelhouders

in die Groep is. Dié model, tesame met die Groep se nywerhede wat kumulatiewe inkomste uit die onderskeie skakels in die voedselwaardeketting genereer tot finansiële voordeel van die aandeelhouders, kweek 'n lojale kliëntebasis wat die grondslag lê vir ekonomiese volhoubaarheid.

Vandag is die VKB Groep 'n "house of brands" met 'n unieke samestelling van handelsmerke en produkte wat die Groep een van die leiers in die landboubedryf maak.

Die Groep is ook een van die prominente werkgewers in die Oos-Vrystaat- en Limpopo-platteland, wat werk verskaf aan ongeveer 5 500 werknemers. Die Groep vorm die hoeksteen van die plattelandse ekonomie in die Oos-Vrystaat en as deel van goeie korporatiewe burgerskap, belê hy toenemend in inisiatiewe en infrastruktuur tot voordeel van die gemeenskappe waar hy sy sake bedryf.

VKB Groep se prestasie

Die 2018 finansiële jaar was 'n baie besondere jaar in VKB se geskiedenis. Die maatskappy vier in 2019 sy 100ste bestaansjaar en wy dit in met 'n rekordjaar in vele opsigte. Die VKB Groep het die jaar afgesluit met 'n wins van R534 miljoen voor belasting. Hierdie resultate verwesenlik VKB se strategiese doelwit waarna die afgelope aantal jare gestreef is, naamlik om R500 miljoen wins voor belasting te bereik. Dit is ook 'n jaar waarin die grootste graanoes in VKB Landbou (Edms.) Bpk. ("VKB Landbou") se geskiedenis hanteer is. Wat verder merkwaardig is, is dat die prestasie van die stabiele landboudivisie aangevul is deur die prestasie van die nywerhede, wat dramaties verbeter het teenoor die vorige jaar. Die resultate het ook meegebring dat rekordsaansparingskortings en dividende toegeken en verklaar kon word.

Hierdie resultate is bereik ten spyte van die feit dat al die nywerhede nog nie na wense presteer het nie en VKB sien uit dat al die entiteite en divisies binne die Groep hulle werklike potensiaal bereik.

VKB se landboudivisie presteer goed

Die kernrede vir VKB se bestaan bly die landbouprodusent. Dit is steeds die sentrale drywer van die strategie om 'n omgewing te skep waar produsente kan fokus op produksie en VKB hom beywer om die nodige insette en dienste aan die landbouprodusent te lewer. Daarnaas wil VKB ook 'n mark skep vir die produsent se produkte en waarde tot die produkte toevoeg.

VKB Landbou het die afgelope jaar weereens voortreflik presteer. Hierdie prestasie is gestimuleer deur die grootste someroes oot in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. VKB het gevolglik ook sy grootste oes ooit ontvang, wat weer ernstige logistieke uitdagings geskep het.

Dit kon gelukkig die hoof gebied word deur tydige uitbreiding van geriewe, innoverende planne en goeie graanbestuur. Die groot oes het dan ook die basis geskep vir die uitstekende finansiële prestasie.

Die effense afplattening in die ekonomie, die ineenstorting van die wildbedryf en die goeie reënval in Limpopo het tot gevolg gehad dat besigheid in die Limpopo-divisie effens onder die gemiddeld was, en dit het 'n demper geplaas op die resultate van die divisie.

Die onvermydelike negatiewe effek van die groot oes is dat dit 'n demper geplaas het op graanpryse en dat mielies en sojabone naby aan uitvoerpariteit verhandel het. As gevolg van die groot oes en lae kommoditeitspryse het die finansiële posisie van die meeste produsente redelik stabiel gebly, maar hulle kon nie die voordeel van 'n rekordoes ten volle benut nie.

Verbeterde prestasie van VKB se nywerhede

VKB se sekundêre doel is om waarde toe te voeg tot sy produsente se produkte.

In skrilte kontras met die vorige jaar se swak prestasie, het VKB Agri Processors (Edms.) Bpk. ("VKB Agri Processors") hierdie jaar baie goeie resultate gelever. Die groot someroeste en gevolglike lae mielie- en sojaboonpryse baan die weg vir baie mededingende toestande vir VKB se nywerhede.

Suid-Afrika is normaalweg 'n uitvoerder van primêre landbouprodukte, veral mielies. Gevolglik verhandel graan- en kommoditeite teen pryse wat afgelei word van uitvoerpariteit. Gegewe die droogte gedurende 2016, is graan verhandel op 'n afgeleide invoerprysbasis. Daar is verwag dat die nywerhede minder winsgewend sou wees gedurende invoerjare met hoë grondstofkoste en dat uitvoerjare geleenthede sou skep om winste te realiseer. Die impak van hoë en lae grondstofkoste op



Voorwoord: 2018 finansiële resultate



Koos Janse van Rensburg
Besturende
Direkteur:
VKB Groep

die nywerhede se prestasie was egter groter as wat aanvanklik voorsien is.

Grain Field Chickens (Edms.) Bpk. ("GFC") het uitstekend presteer en die verliese van die vorige jare is uitgewis. Die hoenderbedryf is tans baie meer stabiel in vergelyking met die vorige jaar, ten spyte van voortgesette hoë invoere. Die prestasie is meegebring deur goedkoper insette sowel as uitstekende resultate wat deur die kontrakgroeiers behaal is. Die vorige jaar se swak prestasie het die bestuursplan genoop om op elke klein besonderheid van die bedryf te fokus ten einde GFC se mededingendheid te verbeter.

Die sojaboonaanleg het ook uitstekende resultate vir die jaar gelever. Die operasionele prestasie van die aanleg is baie goed en die laer grondstofpryse het geleenthede gebied om teen redelike marges te pers.

VKB se meulens het beter presteer as die vorige jaar, maar nie aan die verwagtinge voldoen nie. Maalkapasiteit is gedurende die afgelope

Voorwoord vervolg jaar verder uitgebrei deur die toevoeging van Lydenburg Meule. Dit volg op die verkryging van die meule in Makhado (Louis Trichardt) gedurende die vorige jaar. Die groot wilmieles-oes en lae prys van wilmieles het tot gevolg gehad dat baie klein meulens weer in bedryf gestel is en deel in die reeds versadigde markte. Ongelukkig is duur mielievoorraad vanaf die vorige droogtejaar oorgedra na die huidige produksiejaar, wat die meulens se resultate gedemp het gedurende die eerste paar maande van die oorsigjaar. Zimbabwe se grens was ook vir die grootste deel van die jaar gesluit vir die invoer van meel uit Suid-Afrika. Markte vir die verhoogde volume produk is nog nie ten volle ontwikkel nie en sal op die kort termyn 'n demper plaas op die meulens se finansiële prestasie. Hierdie faktore veroorsaak dat surplus produk in die Suid-Afrikaanse mark beskikbaar is, pryse afgedruk word en die mielie-meulens nie volgens hulle potensiaal presteer nie.

Ongelukkig het die koringmeule afbreek gedoen aan die andersins goeie prestasie van die nywerhede. Die swak prestasie is hoofsaaklik te wyte aan die regering se gebrek aan 'n duidelike en deursigtige beleid aangaande die koringbedryf. Die huidige onseker beleid benadeel produsente en meulenaars. Die ondeursigtige wysiging van invoertariewe en die toedeling van tariefvrye koring aan enkele graanhandelaars het veroorsaak dat groot ongelukke in die koringbedryf geheers het gedurende die afgelope jaar. Hierdie toekennings van tariefvrye invoere

het veroorsaak dat sekere meulenaars die afgelope jaar 'n groot voorsprong gehad het bo hul mededingers ten opsigte van grondstofkoste. Die tariefvrye koring se primêre doel is om stapelvoedsel meer bekostigbaar te maak vir arm mense. Die ongelukke verspreiding van die tariefvrye invoere het egter tot gevolg gehad dat die voordeel nie deursyfer na die verbruiker nie. Die onstabielheid het ook 'n impak op produsentevlak en het 'n geweldige nadelige effek op koringproduksie in Suid-Afrika. VKB is vol vertroue dat die bedryf en die regering sal saamstaan om hierdie situasie aan te spreek vir die toekoms om sodoende die voortbestaan van die bedryf te verseker.

Goeie vordering is reeds gemaak met die vestiging van die nywerhede, wat reeds waarde toevoeg tot wilmieles (210 000 ton), geelmielies (85 000 ton), sojabone (140 000 ton) en koring (97 000 ton). Dit dek dus die vernaamste gewasse wat in die VKB-produksiegebied verbou word.

Strategiese ontplooiing

Die prestasie wat die afgelope jaar behaal is, onderskryf die meriete van VKB se strategie. VKB is steeds van mening dat die waardetoevoegingstrategie die regte strategie is en dat, gegewe 'n gelyke internasionale speelveld, die nywerhede in die toekoms nóg groter waarde vir VKB se aandeelhouers en produsente sal toevoeg.

Na die teleurstellende 2017 finansiële jaar, het die besigheid gedurende die afgelope jaar gestabiliseer. Met VKB se finansiële verhoudings bykans terug op doelwitvlakke, is die beplanning om dit hierdie jaar verder te stabiliseer en ook stelselmatig die groei-strategie voort te sit. In die landboudivisie is nuwe takke onlangs in Mpumalanga gevestig en VKB is voortdurend besig om te investeer in sy silokapasiteit en toerusting ten einde dienslewering te verbeter. In die nywerheidsdivisie is begin met die beplanning van 'n broeiery om dag oud kuikens aan GFC se kontrakgroeiërs te lewer.

Prognose vir 2019

Die prognose vir die 2019 finansiële jaar lyk uiters gunstig. Aanduidings is dat groot someroeste weereens ingesamel sal word. Sojabone en mielieslewer goeie opbrengste regdeur die VKB-gebied. Ongelukkig plaas beleidsonsekerheid oor grondeienaarskap 'n effense demper op investering in landbougrond.

Die groot someroes bied aan produsente die geleentheid om hul finansiële posisie te verbeter en bied aan VKB graanvolumes wat die bergingskapasiteit kan oorskry. Dit behoort in die 2019 finansiële resultate te reflekteer. Die laer kommoditeitspryse bied weereens aan al die nywerhede die geleentheid om billike resultate te realiseer. Gevolglik word met groot verwagting uitgesien na die ontplooiing van die nuwe finansiële jaar.

VKB Agri Processors (Edms.) Bpk.



Sas Kasselmann
Besturende
Direkteur:
VKB Agri
Processors
(Edms.) Bpk.

VKB Agri Processors is 'n gediversifiseerde maatskappy met belange in mielie- en koringmeulens, veevoervoer, 'n soja-oliepers en 'n hoenderverwerkingsaanleg.

Die maatskappy het die afgelope jaar meer as 700 000 ton graan en ander landbouprodukte verwerk. Dit is in ooreenstemming met VKB se strategie om waarde toe te voeg tot die primêre landbouprodukte wat in sy bedieningsgebied geproduseer word en skep addisionele aanvraag vir daardie produkte.

Die VKB Agri Processors Groep het 'n goeie jaar beleef, wat 'n uitsonderlike ommekeer is van die vorige jaar se syfers. Die meeste maatskappye in die VKB Agri Processors Groep het 'n wins getoon vir die jaar, met uitstekende prestasies deur GFC en Free State Oil (Edms.) Bpk. Die enigste maatskappy wat nie na verwagting presteer het nie, was VKB Flour Mills (Edms.) Bpk. ("VKB Flour Mills"). Dit is beïnvloed deur 'n koringmark wat baie wisselvallige marktoestande ervaar het.

VKB beskik tans oor die volgende ondernemings wat deel vorm van die VKB Agri Processors Groep:

VKB Milling (Edms.) Bpk.

Die maatskappy bestaan uit wilmielemeulens in Mokopane en Makhado met 'n maakapasiteit van 200 000 ton per jaar. VKB het sy mielie-meulekapasiteit gedurende die jaar uitgebrei met die aankoop van nog 'n meule in Mashishing (Lydenburg), wat gedurende 2017 met produksie begin het. VKB Milling (Edms.) Bpk. is nou goed geposisioneer om Limpopo en die omringende gebiede van hoëgehalte-mielie-meel te voorsien. Die Magnifisan-handelsnaam is goed gevestig

in Limpopo. Die maatskappy besit ook die meerderheidsaandeelhouding in Vhembe Milling (Edms.) Bpk. op Thohoyandou. Die mielie-mark het gedurende die afgelope jaar meer mededingend geraak met die laer mieliepryse, wat dit meer bekostigbaar gemaak het vir kleiner meulens om weer die mark te betree. Die fokus vir die nuwe jaar is om nuwe markte te vestig, volume groei te bereik en die handelsmerke verder te ontwikkel.

Grain Field Chickens (Edms.) Bpk.

Die maatskappy bedryf 'n hoenderabattoir op Reitzen het in Julie 2012 met produksie begin. Die kapasiteit is 780 000 hoenders per week en die abattoir word tans bedryf teen die toelaatbare kapasiteit. Die maatskappy is spesifiek gevestig om waarde toe te voeg tot die geelmielies en sojabone wat in die omgewing geproduseer word, met hoendervoer wat uit 85% geelmielies en sojabone bestaan. Die hoenderbedryf het 'n merkwaardige ommekeer getoon vanaf die vorige jaar, met laer invoere uit Europa en laer voerkoste wat bygedra het tot goeie prestasie.

TripleV Animal Feeds (Edms.) Bpk.

Hierdie veevoeraanleg is in 2012 op Vrede opgerig met die doel om voer vir die kontrakgroeiërs van GFC te produseer, en sodoende optimale groei en 'n konstante voorraad van gehaltehoenders aan die abattoir te voorsien. Ongeveer 80 000 ton geelmielies en 24 000 ton soja-oliekoek word per jaar in die aanleg gebruik. Die maatskappy het 'n goeie jaar beleef, met 'n sterk fokus om deurtlopend die gehalte van voer en dienslewering te verbeter.

Free State Oil (Edms.) Bpk.

Hierdie maatskappy is 'n soja-oliepers op Villiers. Konstruksie het in 2011 begin en produksie in September 2012. Die produksie van sojabone in die VKB-omgewing het die afgelope 10 jaar drasties toegeneem. Suid-Afrika was nog altyd 'n netto invoerder van soja-oliekoek, en oor die afgelope drie jaar kon waargeneem word hoe die plaaslike produksiekapasiteit uitgebrei het tot die huidige kapasiteit van 1 200 000 ton per jaar. Die kapasiteit by die Villiers-aanleg is 140 000 ton per jaar. Die mark het beter persmargegeleenthede geskep gedurende die jaar en dit, tesame met verbeterde operasionele doeltreffendheid, het gelei tot goeie jaareinduitslae.

VKB Flour Mills (Edms.) Bpk.

VKB Flour Mills (Edms.) Bpk. is 'n koringmeule en bakkerij op Frankfort wat in 2015 deur die VKB Groep aangekoop is. Die meule se kapasiteit is 110 000 ton en die maatskappy besit ook 'n aantal bakkerije in verskeie provinsies. Die bakkerije se meel word deur die Frankfort Meule verskaf. Die meelmark in Suid-Afrika het moeilike handelstoestande ervaar gedurende die afgelope jaar, met 'n toename in maakapasiteit wat pryse onder druk geplaas het en wisselvalligheid in die grondstofmark weens die onsekerheid rakende die koringtarief. Die ondeursigtige toedeling van tariefvrye ingevoerde koring het ook bygedra tot 'n ongelukke speelveld.

Nu-Pro Voere (Edms.) Bpk.

Hierdie veevoeraanleg op Bethlehem was die eerste nywerheid waarby VKB in 2008 betrokke geraak het. VKB besit 'n 50%-aandeel in die maatskappy, wat fokus op 'n verskeidenheid van veevoere, insluitend suiwel-, bees-, skaap-, wild-, lêhen- en braaikuikenvoer.

Strategie

Die VKB Agri Processors Groep se fokus vir die huidige jaar is om die operasionele doeltreffendheid van al die nywerhede te verbeter, die doeltreffende verkryging van grondstof en om waarde te verhoog deur handelsmerkontwikkeling.

vir die
LIEFDE
van die
LAND

VKB Landbou (Edms.) Bpk.

Strategiese doelwit

Die oorhoofse strategie van VKB Landbou is steeds om produsente te ondersteun om meer doeltreffend en winsgewend te boer deur produsente se insetkoste te verminder en die waarde van hul produkte te optimaliseer. Besigheid binne VKB Landbou word regdeur die Oos-Vrystaat en Limpopo sowel as gedeeltes van Mpumalanga gedoen.

Handelsafdeling

VKB Landbou se Handelsafdeling bestaan uit 'n netwerk van 57 bedryfspunte. Produkte wat aangebied word, sluit in brandstof, kunsmis, chemikalieë, saad, veemedisyne, veevoer, besproeiing, staal, omheining, boumateriaal, verpakkingsmateriaal en algemene hardeware.

In die Vrystaat het VKB Landbou se Handelsafdeling baie goed presteer. Die uiters positiewe resultate van verskeie projekte waarin die afgelope twee jaar belê is, werp nou vrugte af en het 'n substantiewe effek gehad op die groei in omset sowel as netto wins. In Limpopo het verkope van die meeste produkgroepe toegeneem, alhoewel sommige druk ervaar het weens die wisselende weersomstandighede en ander faktore soos, byvoorbeeld, die afname in die wildbedryf wat 'n negatiewe impak op veevoerverkope en omheining gehad het.

Die standaardisering en aanbieding van volledige produkreeks binne VKB se Handelsafdeling is steeds 'n groot prioriteit. Stelsels word tans in plek gestel om te verseker dat die produkaanbieding aan kliënte voortdurend verbeter, ten einde kliëntetevredenheid te verseker. As deel van hierdie strategie is 'n verspreidingsentrum gedurende die jaar in die Vrystaat geopen met die doel om die beskikbaarheid van produkte in die handelstakke te verbeter. 'n Soortgelyke verspreidingsentrum sal in die nuwe finansiële jaar in Limpopo open. Die positiewe bydrae van die nuwe verspreidingskanaal kan reeds in die voorraadhouding asook omsetgroei op takvlak waargeneem word.

Meganisasie

Meganisasiedienspunte bestaan uit 11 meganisasiewerkwinkels en -onderdelebedryfspunte, wat gediens word deur 11 heelgoederebemarkers. Meganisasie beskik oor 'n wye reeks produkte en agentskappe. Van die produkreeks sluit in Case, Jupidex, Rovic Leers, Falcon, AgriCAD, Equalizer en Amazone.

VKB Meganisasie het 'n uitdagende jaar beleef, veral as gevolg van druk op marges wat veroorsaak word deur toenemende mededinging in die mark. Gedurende die jaar is die Northmec-tak op Delmas aangekoop en is 'n volwaardige VKB Meganisasietak daar geopen. Aanvanklike vestigingskoste het die tak se winsgewendheid negatief beïnvloed, maar die tak behoort 'n positiewe bydrae tot VKB Meganisasie se winsgewendheid te lewer in die nuwe finansiële jaar.

Graanafdeling

VKB Landbou se Graanafdeling bestaan uit 23 graansilo's, waarvan 14 in die Noordoos-Vrystaat en 9 in Limpopo geleë is. Die silo's het 'n totale kapasiteit van 1,3 miljoen ton en is toegerus om verskeie grane en oliesaadprodukte per pad en spoor te ontvang en veilig te berg. 'n Verskeidenheid graandienste word by die graanbergingsgeriewe aangebied. Die geriewe word deurlopend opgradeer volgens die behoeftes van sy produsente en afnemers. As 'n addisionele diens aan produsente beskik VKB oor droog- en skoonmaakgeriewe om nat en besmette graan te ontvang.

Die goeie landboujaar in die Oos-Vrystaat het die grootste rol gespeel in die Graanafdeling

se winsgewendheid. 'n Rekordhoeveelheid graan is gedurende die seisoen ontvang, wat 'n wesentlike toename in die netto wins tot gevolg gehad het. Stookkapasiteit was van die grootste uitdagings om te oorkom gedurende die afgelope seisoen. Die geriewe was nie voldoende om die oes te hanteer nie en VKB Landbou was genoodsaak om sekere maatreëls te implementeer om die produsente se graan so effektief as moontlik te ontvang. Gegewe die oesgrootte, plaaslike verbruik en uitvoere, is 'n aantal alternatiewe oorweeg. Die opbergingsruimte by bestaande geriewe is uitgebrei deur die toevoeging van 111 000 ton addisionele stookkapasiteit. Hierdie geriewe het nie net die innamespoed en opbergingskapasiteit tydens oestyd verbeter nie, maar ook die geleentheid geskep om ander alternatiewe binne die afdeling te benut.

Graanbemarking

Die Graanbemarkingsafdeling is daarop gefokus om 'n omvattende diens aan produsente, graanhandelaars, meulenaars, veevoeraanlegte, internasionale handelaars en ander verwerkers te lewer. Hierdie diens, wat aan die VKB-kliënte se behoeftes voldoen, word gerugsteun deur effektiewe stelsels, prosedures en 'n Safex-setel, en word bedryf binne VKB Graan (Edms.) Bpk.

Die rekord somerproduksiejaar, met gevolglike lae kommoditeitspryse, het markgeleenthede geskep wat die afgelope finansiële jaar 'n wesentlike positiewe uitwerking op die resultate van VKB Graanbemarking gehad het. Die koste van kapitaal het verlaag en hierdie tendens behoort ook voort te duur in die nuwe finansiële jaar, met 'n soortgelyke positiewe effek.

Versekering

VKB se Versekeringsafdeling bestaan uit 11 kantore wat beman word deur 12 opgeleide en ervare adviseurs. Die afdeling bied 'n verskeidenheid produkte, waaronder persoonlike, eiebate- en oesversekering. Versekerers wie se produkte bemark word, sluit in Santam, Old Mutual Insure, Hollard, One Commercial en Landmark.

Die verwagte goeie oes van die komende seisoen het veral 'n positiewe effek gehad op die aantal tonne wat verseker is. Die hoër inkomste as gevolg hiervan word grootliks geneutraliseer deur die laer graanpryse. Die afdeling toon steeds goeie resultate ondanks die effek van die laer graanpryse. Hierdie besigheid word binne VKB Brokers (Edms.) Bpk. bedryf.

Finansiering

As geregistreerde kredietverskaffer voldoen VKB se Finansieringsafdeling aan die gedragskode en regulatoriese vereistes van die Nasionale Kredietreguleerder. Die kernfunksie van hierdie afdeling is om krediet te verskaf aan produsente, wat hulle in staat stel om hul produksie-insette te bekom ten einde landbouprodukte suksesvol en volhoubaar te kan produseer.


VKB bied aan die produsent 'n verskeidenheid mededingende en geskikte finansieringsprodukte, waaronder produksieleninge, maandrekenings, termynlenings en kontrakgroeifinansiering.

Filiale

Benewens bogenoemde afdelings beskik die maatskappy ook oor die volgende filiale, wat almal 'n wesentlike bydrae tot die sukses van VKB Landbou lewer:

Crown Bag (Edms.) Bpk.

Die maatskappy se fabriek, wat op Harrismith in die Vrystaat geleë is, vervaardig sedert 1989 verpakkingsmateriaal. Die VKB Groep se



Francois Swanepoel
Uitvoerende
Direkteur:
VKB Landbou
(Edms.) Bpk. –
Vrystaat-divisie



Francois Froneman
Uitvoerende
Direkteur:
VKB Landbou
(Edms.) Bpk. –
Limpopo-divisie

betrokkenheid by hierdie maatskappy is in lyn met die Groep se strategie om te fokus op integrasiegeleenthede in die landbouwaardeketting en om getrou te bly aan sy identiteit as 'n produsentebesigheid. Die fabriek het die kapasiteit om maandeliks meer as ses miljoen sakke te vervaardig. Die skaalvoordele wat uit dié kapasiteit voortspruit, verseker kostedoeltreffende verkryging van grondstowwe en verseker nie alleenlik die maatskappy se mededingende posisie in die mark nie, maar dra ook by tot die verlagings van insetkoste vir produsente.

Bethal Koelkamers (Edms.) Bpk.

Die maatskappy, 'n verkoelingsfasiliteit vir aartappelsaad geleë te Bethal in Mpumalanga, lewer al meer as 40 jaar 'n opbergingsdiens aan die aartappelbedryf. VKB Landbou het voorheen 'n 50%-belang in die gesamentlike onderneming met die Nasionale Aartappel Koöperasie Bpk. gehou, maar het laasgenoemde se 50% aan die begin van die jaar bekom. Die besigheid word sedertdien bedryf in 'n nuwe entiteit, genaamd Bethal Koelkamers (Edms.) Bpk.

AE Solutions (Edms.) Bpk.

Die maatskappy, met sy hoofkantoor in Centurion, beskik oor meer as 30 jaar omvattende ondervinding in die verkoop, diens en ondersteuning van analitiese toerusting in hoofsaaklik die landboubedryf.

Die maatskappy se spesialiste en netwerk van kenners bied 'n omvattende diens. Hierdie netwerk van kundigheid stel hulle in staat om die beste gebruik te maak van die voorste tegnologie en innovering in 'n wye verskeidenheid omstandighede en toestande.

Opgeleide spesialiste verskaf volledige steun ten opsigte van die toepassing en ontwikkeling van instrumente en metodes vir alle analyses en laboratoriums. 'n Span toegewyde diensingenieurs bied vinnige en kostedoeltreffende instandhouding en tegniese steun in al die gebiede waar die maatskappy in bedryf is, insluitend Suid-Afrika, Sub-Sahara Afrika, Mauritius, Madagaskar en die Seychelle-eilande.

VKB Fuels (Edms.) Bpk.

Die uitbreiding van VKB se brandstofaanbieding is 'n fokusarea vir die besigheid. Behalwe vir die opgradering van bestaande geriewe, behartig die maatskappy ook die aflewering van brandstof op produsente se plase. Deur die optimale bestuur van hierdie voorsieningsketting sal VKB beter uitvoering gee aan sy strategie om produsente te ondersteun om meer effektief en winsgewend te boer.

Farmpack (Edms.) Bpk.

Farmpack (Edms.) Bpk. wat gesetel is in die Nelspruit-omgewing, verskaf verpakkingsmateriaal aan die landbou- sowel as die nywerheidsektore. Die maatskappy vervaardig 'n wye reeks kartondose vir kliënte regoor die land en in Mosambiek.

Aansporingskortingmodel bied talle voordele

Die VKB Groep is dankbaar om rekordresultate bekend te maak vir die jaar geëindig 31 Maart 2018. Die Groep sluit die jaar af met 'n wins voor aansporingskortings en belasting van R534 miljoen. Bykans alle bedrywe behaal voortreflike resultate. Die Graanafdeling het gebaat by die rekordoes wat gedurende die winter gestroop is. Die rekordoes het die grondstofpryse afgedwing en dit het die winsgewendheid van die nywerhede grootliks herstel. VKB het die jaar begin met klein hoeveelhede grondstowwe wat nog hoog geprys was, maar nadat dit verwerk is, het die nywerhede se resultate drasties verbeter. Die Groep se pluimveebedrywighe is gelukkig nie direk geraak deur voëlgriep nie en dit het uitstekende resultate behaal. Die VKB Groep se diversifikasiestrategie en goeie prestasie van die landbou- en nywerhededivisies vorm die basis vir die rekordresultate wat behaal is.

VKB se unieke aansporingskortingmodel maak van die besigheid 'n voorkeurverskaffer in sy bedieningsgebied. 'n Wesenlike deel van die jaar se verdienste uit die landboubesigheid is, soos in die verlede, as aansporingskortings aan VKB se kliënte toegeken gedurende die oorsigjaar. Aansporingskortings ten bedrae van R1 113 miljoen is gedurende die afgelope vyf jaar verklaar. In die finansiële jaar geëindig op 31 Maart 2018 is R260 miljoen se aansporingskorting toegedeel en R40 miljoen se dividende is verklaar en betaal. Die R260 miljoen-aansporingskorting is gebaseer op elke kliënt se ondersteuning en deelname aan die besigheid se bedrywighe die afgelope jaar, terwyl die R40 miljoen-dividend verklaar is uit winste gegeneer deur die nywerhede. Die dividend word verklaar op grond van die aantal Klas 2- en Klas 4-voorkeuraandeel gehou deur aandeelhouers op 31 Maart 2018.

Die aansporingskorting wat die kliënt ontvang, hang af van die afdelings binne VKB Landbou waarmee hy sake gedoen het. Die verdeling van die aansporingskorting per afdeling word hiernaas uiteengesit. VKB is oortuig dat hierdie model steeds die mees doeltreffende waarde-ontsluitingsmeganisme is wat op 'n gebalanseerde basis die behoeftes van die maatskappy en sy kliënte aanspreek.

Die kortingsmodel werk soos volg: Wanneer 'n produsent by VKB aansluit, koop hy 5 000 aandele in die maatskappy teen R5 000. Hierdie aandele kan nie verhandel word nie en bly in die aandeelhouer se besit totdat hy te sterwe kom of totdat hy as aandeelhouer van VKB bedank. Van die jaarlikse aansporingskorting word ongeveer 10% in kontant uitbetaal. Die oorblywende 90% word gebruik om vir die produsent/kliënt voorkeuraandeel of skuldbriewe in die maatskappy uit te reik. Die voorkeuraandeel of skuldbriewe is aflosbaar na 15 jaar. Dit beteken dat 'n produsent 'n stewige neseier kan opbou deur met die maatskappy sake te doen.



Markus Mittermaier
Uitvoerende
Direkteur:
Finansies
VKB Groep

Aansporingskortings		2017	2018
Aansporingskortings verklaar (R'miljoen)		215	260
Kontant %		10%	10%
Dividende verklaar (R'miljoen)		0	40
Dividendkoers %		0%	3,09%
GRAANLEWERINGS			
R per ton gelewer			
Mielies		46	48
Koring		69	175
Sonneblom		99	120
Sojabone		71	95
Graansorghum		91	77
GRAANBEMARKING			
R per ton bemark			
Bemark		78	34
KOMMERSIEEL			
% van omset/premie/rente			
Handel en Insethandel	Gemiddelde % van omset	3,24%	2,80%
Meganisasie	Gemiddelde % van omset	0,52%	0%
Finansiering	Gemiddelde % van rente betaal	13,16%	19,97%
Beleggings	Gemiddelde % van rente ontvang	7,11%	7,85%

VKB Groep: Vyfjaaroorsig

	2014 12 mde R'm	2015 12 mde R'm	2016 12 mde R'm	2017 12 mde R'm	2018 12 mde R'm
G EKONSOLIDEERDE STAAT VAN WINS OF VERLIES EN ANDER OMVATTENDE INKOMSTE					
Verkope	7 311	7 822	9 488	10 621	11 243
Bedryfswins	326	390	489	355	724
Resultate van geassosieerdes	5	7	14	(1)	5
Finansieringskoste	(61)	(102)	(168)	(241)	(205)
Beleggingsinkomste	10	6	11	9	10
Wins voor aansporingskorting	279	300	346	123	534
Aansporingskorting	(210)	(228)	(200)	(215)	(260)
Wins voor belasting	69	73	146	(92)	274
Belasting	62	(10)	4	47	(59)
Wins na belasting	131	63	150	(46)	215
Aansporingskorting	210	228	200	215	260
Dividende verklaar	10	20	30	-	40
Dividendkoers	1,40%	2,28%	2,88%	0%	3,09%
G EKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE					
Niebedryfsbates	892	1 094	1 581	1 922	1 931
Bedryfsbates	2 553	3 103	4 261	4 372	4 566
Totale bates	3 445	4 197	5 842	6 294	6 497
Aandelekapitaal	1 213	1 382	1 525	1 665	1 829
Reserwes	182	228	371	222	395
Totale ekwiteit	1 395	1 610	1 896	1 887	2 225
Minderheidsbelang	(14)	(10)	92	66	80
Niebedryfslaste	313	375	386	543	718
Bedryfslaste	1 751	2 222	3 468	3 798	3 475
Totale ekwiteit en laste	3 445	4 197	5 842	6 294	6 497
WINSGEWENDHEID EN PRODUKTIWITEIT					
Opbrengs op totale bates	10%	10%	9%	6%	11%
Opbrengs op aandeelhouersbelang	20%	19%	18%	6%	24%
Bate-omsetsnelheid (aantal keer)	3,03	2,18	1,90	1,69	1,96
Bedryfswins as % van inkomste	4%	5%	5%	3%	6%
SOLVABILITEIT EN LIKIDITEIT					
Eiekapitaalverhouding	41%	38%	32%	30%	34%
Totale bates tot totale laste	1,67	1,62	1,52	1,45	1,55
Rentedekking (aantal keer)	5,57	3,93	3,06	1,51	3,60
Bedryfskapitaalverhouding	1,46	1,40	1,23	1,15	1,31
Vuurproefverhouding	1,11	1,02	0,84	0,84	0,99
Nota					
Verhoudings is verwerk na 12 maande waar van toepassing.					



Verkryging van mededingende voordeel en bevordering van beleggingsgeleenthede in landbou

Suid-Afrikaanse landbou bied steeds talle beleggingsgeleenthede ten spyte daarvan dat die bedryf die wind van voor kry met droogte in dele van die land en beleidsonsekerheid.

'n Skokkende 2,2% daling in die Bruto Binnelandse Produk in die eerste kwartaal van die jaar was hoofsaaklik die gevolg van landbou se daling van bykans 25%. Maar die sektor sal na verwagting vinnig herstel soos wat finansiering, innovering en uitbreiding die res van die jaar sal inskop.

Nico Groenewald, hoof van Agribesigheid by Standard Bank, sê landbou se afname is geen rede tot kommer nie, aangesien dit grootliks is omdat die sektor 'n uitstaande vierde kwartaal in 2017 beleef het. Kwartaal 4 was die toonaangewer nadat 37,5% behaal is.

Die langertermintendens lyk ook belowend. Ten spyte van die inkrimping van elke kwartaal in 2015 en 2016 weens die droogtetoestande in Suider-Afrika, het die landbou-, bosbou- en visserybedryf in werklikheid vir meer as vier opeenvolgende kwartale vóór die data van Kwartaal 1 gegroei.

Hoewel die grondbeleid 'n netelige kwessie bly, is verbruikers en besighede se vertroue aan die toeneem. Tesame met bevolkingsgroei en die uitbreiding van stede, dryf dit die behoefte na 'n dinamiese landbousektor. Op sy beurt, sê Groenewald, lok sektore hoër op in die waardeketting, soos agri-prosessering, vrugteverpakking en akwakultuur belanstelling van beleggers van beide die kontinent en ook internasionaal.

Landbou se bydrae tot Suid-Afrika se ekonomie het met bykans 8% gedaal sedert die 1960's. Dit word

nieteenstaande al hoe belangriker vir die nasionale ekonomie se gesondheid, en dit is ook 'n belangrike bron van werk in landelike gebiede vir ongeskoolde en seisoenale werkers. Data van Afri SA toon dat die aantal mense wat in die landboubedryf werk, met 29% toegeneem het van 624 000 in 2011 tot 881 000 in 2016.

“Daar moet meer op kommersiële en regeringsvlak gebeur om dit te realiseer,” sê Groenewald. “So byvoorbeeld, moet markgebaseerde benaderings deur 'n gekoördineerde poging deur alle belanghebbendes – boere, die regering, die burgerlike gemeenskap en die private sektor ingesluit – meer onderhandel word.”

Skaling van die transformasie deur finansies, infrastruktuur, instansies en monitering is die resep vir sukses. So byvoorbeeld sal beleide wat digitale en finansiële insluiting bevorder, die groei van plattelandse entrepreneurs en plattelandse ekonomieë aanhelp.

“Terwyl goeie boerderybestuur die pas sal help volhou met digitale uitdagings en geleenthede, bly beleidsondersteuning uiters noodsaaklik sodat landbou kan floreer, insluitende diegene wat infrastruktuurontwikkeling, energieverskaffing en verbeterde opleidingsgeriewe omvat.”

Onderinvestering in landbounavorsing deur talle lande in Sub-Sahara Afrika bly egter 'n kwelling. Suid-Afrika staan byvoorbeeld minder as 1% van sy nasionale begroting toe aan landbou, met 'n negatiewe effek op navorsing en ontwikkeling.

“Suid-Afrikaanse landbou staar beslis uitdagings in die gesig, maar dit bied ook talle geleenthede gegewe ons goedgevestigde handelskakels met Europe en nuwe markte wat in die Verre Ooste ontsluit word,” sê Groenewald. “Die feit dat ons een van die grootste voedselprodusente in Afrika is, plaas ons ook in 'n uitstekende posisie om te kapitaliseer op die groeiende bevolking en snelgroeiende ekonomieë op die res van die vasteland.”

BANK

LEEN

SPAAR

VERDIEN

VERSEKER



Bewerk die *land* *en oes die toekoms*

Kom ons praat agribesigheid.

Ons agribesigheid span is nie alleen bankiers nie, maar inderdaad kenners van hierdie dinamiese sektor. Ons bied toegang tot bedryfskapitaal, asook die buigsaamheid wat jy nodig het om jou besigheid te bestuur. Dit is hoekom meer besighede Standard Bank as enige ander bank in Suid-Afrika kies. Vir meer inligting, besoek www.standardbank.co.za/business

Standard Bank Voluit Vorentoe™

10 wenke vir 'n suksesvolle entrepreneur

Santam is passievol oor die ondersteuning en ontwikkeling van entrepreneurs – die drywers van 'n nuwe ekonomie. Deur ons 1001-dag-reeks het ons vir jou baie insigte en raad van besigheidseienaars gebring wat dit deur hul eerste drie jaar as besigheid gemaak het. Hier is 'n opsomming van 10 van ons allerbeste stukkies raad om jou te help om dit as entrepreneur te maak.

1. Maak seker jy het 'n soliede sakeplan

Beplanning speel 'n kardinale rol in die sukses van enige onderneming. 'n Sakeplan is 'n goeie beginpunt – definieer jou vaardighede en jou swakhede, kyk na die uniekheid daarvan en na hoe jy beplan om dit wat jy aanbied, te ontwikkel. Wat meer is, probeer om jouself geestelik en prakties voor te berei vir enigiets wat verkeerd kan gaan en hoe om dit te hanteer. Wat gebeur byvoorbeeld as jy beseer word? Wat as kliënte jou 'n maand laat betaal? Wat as 'n natuurramp jou tref? Of as 'n getroue verskaffer bankrot speel?

2. Berei jou voor vir finansiële uitdagings

Die meeste van die 600 plus kleinbesighede met wie ons in die Santam Start-up Survey onderhoude gevoer het, het gesê kontantvloei was by verre hul grootste uitdaging. Hanteer kontantvloei-probleme deur die waarde van een maand se uitgawes in jou spaarrekening te hou, of kyk na skeppende maniere om oorhoofste koste te verminder.

Jy kan ook aan kliënte korting aanbied as hulle 'n deposito of die volle bedrag vooruit betaal, of selfs 'n insentief, soos byvoorbeeld: "Betaal 10% minder as jy jou produk of diens 'n week vroeër kan lewer." Maar wat jy ook al doen, wees baie versigtig vir skuld – dit is een van die grootste vernietigers van kleinbesighede se sukses.

3. Wees spaarsamig – onthou jy is 'n beginner

Weerstaan die versoeking om geld op luukse kantore, duur toerusting en oordadige bemarking te bestee. Jou maatskappy se oorlewing hang af van wat in jou beursie is, so elke rand en sent moet drie keer omgedraai word. Handhaaf lae oorhoofse koste en bestuur jou kontantvloei doeltreffend. Vir een van die entrepreneurs wat die 1001 dae van oorlewing oorleef het, Jamie Pike, het dit beteken dat hy in plaas van 'n fisieke winkel, eers sy ware by 'n mark verkoop het. Vir die ontwerpers JesseJames het dit beteken dat hulle hul perseel met ander kleinbesighede gedeel het.

4. Moenie bang wees om vir hulp te vra nie

Daar is talle bronne daar buite vir netwerk, deel van kennis en advies. Netwerk is nie net vir nuwe sakegeleenthede nie; dit kan ook 'n wonderlike bron van ondersteuning en vars idees wees. Woon geleenthede soos Leadertex (gratis meesterklasse) en My Bix Expo (gratis as jy voor 'n sekere datum registreer) by. Moenie huiwer om vir raad van diegene rondom jou te vra nie (soos jou bemiddelaar, bankbestuurder, landheer of aangrensende besighede), of aanlynforums en die Facebook-gemeenskapgroepe in jou omgewing.

5. Plaas jou vertroue in 'n mentor wat jy vertrou

Dit kan 'n familielid, voormalige baas of kollega of selfs 'n aanlynbron of blog wees wat jy vertrou. 'n Mentor is 'n klankbord van onskatbare waarde – iemand wat was waar jy nou is; iemand met wie jy gereelde inkloussies kan hê, iemand wat jou nie sal veroordeel nie. 61,9% van respondente in ons opname het nie mentors gehad nie. Diegene wat wel gehad

het, sê egter dat hulle gevind het dat die mentors 'n besliste positiewe impak op hul besigheid gehad het.

"My mentor het my verby my grootste vrese gedruk," het een van die vroue-entrepreneurs wat aan die opname deelgeneem het, gesê.

"Dit is nie iemand wat sal oorvat nie," stem Cooked Inc se Mariam Jakoet Harris saam. "Dit is iemand wat jou gaan versorg en jou help."

6. Bemarking met 'n klein begroting

Dit is uiters belangrik om jou nuwe onderneming te bemark, maar dit hoef nie 'n plaas se geld te kos nie. Sosiale media is jou vriend. Dis gratis om vir jou besigheid 'n blad op Facebook te skep en dit sal jou help om talle mense aanlyn te bereik. Dieselfde geld as jy jou webblad-URL op soekenjins soos Google en Bing laat lys – dis heeltemal gratis.

Hou ook jou oog op Facebook-groepe – party sal 'n klein advertensiefoutie hef sodat jy jou onderneming op sekere dae van die week kan adverteer.

Die hoofsaak met bemarking is dat jy enigiets en alles moet probeer. Jy sal nie weet wat vir jou werk voordat jy nie probeer het nie.

7. Sorg mooi vir nommer een

Entrepreneurskap is 'n leefstyl – die dae van 9 tot 5 is verby. Dit beteken egter nie dat jy jouself dood moet werk nie. Oefen gereeld, eet gesond en maak tyd om te ontspan, anders gaan jy op die ou einde minder produktief wees. 64% van die mense in ons opname het gesê hulle moes kosbare tyd saam met hul gesin, familie en vriende prysgee weens werkverpligtinge. Deur te werk aan jou tydsbestuursvaardighede sal jou help om genoeg tyd in jou dag in te ruim om saam met geliefdes deur te bring.

8. Bou 'n span op wat jou visie deel

Dis eenvoudig: goeie mense maak 'n goeie maatskappy. Soos wat jou onderneming groei, mag jy nodig hê om personeel aan te stel. Maak eerstens tyd om deeglike onderhoude met mense te voer om seker te maak hulle pas in jou kultuur en deel jou waardes. Tweedens: dit kan moeilik wees om te laat gaan, maar dit is belangrik om te leer om take te deleger. En laastens, moenie van mense verwag om jou klone te wees nie. Wees oop vir nuwe menings en voorstelle. Dit is altyd goed om 'n vars perspektief op ou maniere van doen te kry.

9. Moet nooit ophou leer nie

Om jou eie onderneming te begin is 'n konstante leer- en groeiproses. Dit is belangrik om jouself te verryk met beide praktiese en emosionele vaardighede. Kyk na gratis of laekoste e-leerprogramme soos die Hubspot Academy, Udemy en Inc. edu.

Verskerp jou projek- of tydsbestuursvaardighede, leer 'n nuwe sagtewareprogram aan of leer jouself hoe om jou eie sosialemediaveldtogte te bestuur. Jy kan ook werk aan jou bestuurs-, voorleggings- en motiveringsvaardighede. As jy baie reis, is goed soos potgooie ("podcasts") en TED-praatjies wonderlike maniere om jouself te inspireer en op te lei.

10. Beveilig jou onderneming

Die beste entrepreneurs soek nie risiko nie; hulle wil risiko versag. Kleinbesighedsversekering is een van die beste maniere om na jou belange om te sien, en dit is meer bekostigbaar as wat jy dink (van so min as R162 per maand by Santam vir 'n administratiewe onderneming). Maak seker dat jou waardevolle voorraad en perseel gedek word vir 'n noodgeval soos 'n brand of diefstal.

VANDAG SE BOERE IS MEER AS NET BOERE.



	JSE	JSE	JSE
	17,00 ▲ 0,23		86,00 ▼ 0,99

Die moderne boer staan talle uitdagings in die gesig en moet verskillende baadjies dra om hulle te oorkom. Jy sien om na jou plaas, jou werkers, jou bates, jou huis en jou gesin. Santam verstaan hoe baie van jou verwag word en daarom neem ons 'n wetenskaplike benadering tot die beskerming van jou oeste, sowel as jou persoonlike en boerderybates. Want ons glo jy verdien uitsonderlike versekering. **Santam. Regte, egte versekering.**


Bel jou makelaar of gaan na www.santam.co.za/products/agriculture vir meer inligting.

100 JAAR
VAN REGTE,
EGTE VERSEKERING



Kan kommersiële boerderye met kommunale boerderye vervang word?

deur dr. Philip Theunissen van Computus Bestuursburo



Die mensdom het volgens ooreweldigende aanduidings ongeveer 200 000 gelede in Afrika ontstaan. Ongeveer 60 000 jaar gelede het klimaatsveranderings groepe mense na Suid-Asië laat migreer. Nog 'n groep het bykans 50 000 jaar gelede na die Midde-Ooste en Sentraal-Asië getrek. Vanaf basiskampe op die nuwe kontinent het hulle geleidelik ook Noord-Asië en Europa begin koloniseer en nog later is Noord- en Suid-Amerika binnegedring.

Argeologiese bewyse het bevestig dat hierdie groepe mense kundig genoeg was om by die veranderde omstandighede van hul nuwe omgewings te kon aanpas. Hulle het fyn waarnemers van die natuur se patrone, siklusse en skielike veranderings. Hulle het gevolglik wetenskaplike kennis op verskeie vakgebiede begin opbou en kon later met gemak oor diverse geografiese areas trek en hulle in nuwe gebiede vestig.

Met hierdie nuutverworwe kennis het hulle navigasievaardighede ontwikkel, gereedskap vervaardig, diere makgemaak en plante gekultiveer. Daar het ook 'n behoefte ontstaan om hierdie kennis en produkte deur middel van sosiale interaksie met ander splintergroepe te deel wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van handelsnetwerke. Daaruit het weer kommunikasievaardighede ontwikkel waaruit daar mettertyd ook 'n geskrewe taal en 'n rekordhoudingstelsel ontstaan het. Die voortdurende toename in onderlinge handelsaktiwiteite het florerende ekonomiese stelsels tot stand gebring en dié welvaart het ekonomiese voorspoed en 'n verbetering in lewensgehalte vir die Europese en Asiese kolonies geskep.

Intussen, terug in sub-Sahara Afrika, het daar kommunale gemeenskappe tot stand gekom wat op die beginsel van egalitarisme geskoei was. Dit het daarop berus dat alle mense binne 'n geslote kommune in alle aspekte van die politiek, sosiale lewe en ekonomiese aktiwiteite gelyk was. Die kommunale ekonomieë het een gemeenskaplike kenmerk gehad, naamlik dat die grond deur 'n stam besit was vir die gebruik van die groep as 'n geheel en geen individu binne hierdie stam is die gebruik daarvan ontsê nie. Die beskerming van water- en voedselbronne was by verre die dominante bestaansrede van hierdie samelewings. Dit het dus om "oorlewing" en nie oor "ontwikkeling" nie gegaan, wat onderlinge lojaliteit aan die kommune vereis het terwyl dit terselfdertyd gelyke geleenthede vir individue gewaarborg het.

Die stamgebondenheid binne 'n kommune het nie interaksie, en gevolglik vrye handelsbedrywighede, met ander stamme genoodsaak of aangemoedig nie. Saam met die gebiedsgebondenheid het dit ook nie die ontstaan van 'n "wetenskap", gereedskap en toerusting, navigasievermoëns en kommunikasievaardighede tot dieselfde mate laat ontwikkel as wat die geval met die migrerende gemeenskappe in Europa en Asië was nie.

Die stagnerende aard van kommunalisme het ook nie nuwe kollektiewe ekonomiese voorspoed geskep nie en soos die bevolkings binne die kommunes toegeneem het, het die *per capita* welvaart dus net al kleiner geword. Oor die bestek van 50 000 jaar het die kommunale ekonomieë, in terme van ekonomiese voorspoed, dus baie ver agter dié van die Europese en Asiese gemeenskappe geraak.

Suid-Afrika

Voor kolonialisasie was groot dele van Suid-Afrika baie yl bevolk. Die mense wat tóé hier gewoon het, was wyd uitmekaar versprei en gevolglik was grond in oorfloed beskikbaar. Konflik oor grondgebruik het selde ontstaan en daar was geen ekonomiese aansporing om besitreg daarvan te hê nie. In hierdie uitgestrekte landskap kon veeboere vrylik rondsoek na goeie weiding sonder om konflik met ander gemeenskappe uit te lok. Met die oorfloed vrugbare grond wat beskikbaar was, kon ekstensiewe saai-boerdery, meestal met sorghum en babala, op 'n braakstelsel met minimale insette beoefen word. Sodra die weiding of saaggrond uitgeput was, is daar na 'n nuwe gebied getrek.

Die beperking op produksie was nie 'n tekort aan landbougrond nie, maar wel 'n tekort aan arbeid. 'n Groot aantal jong, sterk mense was nodig om die braakvelde te ontbos en vir nuwe lande voor te berei. Met 'n yl bevolking was dit 'n skaarsheid en was die gemeenskappe se vermoë beperk om voordeel uit die groot hoeveelhede beskikbare grond te trek. Daarmee saam was werktuie tot primitiewe handgereedskap beperk wat produksie verder gekniehalter het. In hierdie era het institusionele verbintenisse, soos gesinne, groter familiebande en selfs slawerny, tot gevolg gehad dat eilande van meer intensiewe landbou gaandeweg midde in die groot uitgestrektheid ontwikkel het, veral rondom waterbronne, terwyl groot dele onbenut gelê het. Dit het kommunale gemeenskappe tot stand laat kom, waar die lede se politieke én ekonomiese regte aan 'n geografiesgebonde samelewing se oppergesag onderworpe was.

Ten spyte van 'n gebrek aan handel met ander nasies, het Suid-Afrika se produksiestelsels wel oor tyd ontwikkel. Terselfdertyd het die uitermatige weersomstandighede waarmee gemeenskappe hier te doen gehad het, ook daartoe gelei dat hierdie ontwikkelings telkens deur droogtes en hongersnood teruggedruk was. Die periodes van ontwikkeling kon dus net nooit oor lang tydperke volgehou word nie. Die terugslae was altyd net te groot om die Suid-Afrikaanse gemeenskappe, met hul beperkte arbeid en tegnologie, die geleentheid te bied om welvaart, van watter aard ook al, op te bou.

Die gevolglike lae vlakke van kapitaalvorming in sub-Sahara Afrika word beklemtoon deur die wydverspreide afwesigheid van die ploeg en ook die algemene afhanklikheid van mense wat as kruiers produkte moes vervoer. Die totale gebrek aan kapitale items moes dus deur arbeiders vervang word wat hoogstens met eenvoudige handgereedskap toegerus was.

Die paaie kom weer bymekaar

Toe Jan van Riebeeck 'n handelstasie in 1652 in die Kaap begin het, het Suidelike Afrika, as halfweghuis, onvermydelik tot die moderne wêreld-ekonomie van Europa en Asië toegetree. Namate die verversingstasie se handel met verbygaande skepe toegeneem het, is handelsekspidies telkens al dieper die binneland in onderneem om nuwe produkte te vind. Gevolglik het die vraag na ivoor, velle en vere reeds vóór die uitbreiding van die koloniale grense drasties toegeneem toe hierdie produkte aan die markte in die Kaap bekendgestel is.

Dis waar, die gras is groener
aan ons kant...
So maklik soos 7-1-3



***Hou jou grasperk groen,
die hele somer lank***

Wonder Vitaliser Lawn & Leaf Bio-Carbon Green Boost 7:1:3 (15) + C(8) SR* is 'n volledige kunsmisoplossing vir grasperke, immergroen plante en struik.

Kliëntediens Tel 086 133 3586 | info@efekto.co.za | www.efekto.co.za

Geregistreer deur Agro-Serve (Edms) Bpk | Reg No 1973/000868/07 | Versprei deur Efekto Care (Edms) Bpk | Reg No 2009/006357/07 | Posbus 652147, Benmore, 2010 | Wonder en die Wonder kenteken is die geregistreerde handelsmerk van Agro-Serve (Edms) Bpk. Alle regte voorbehou. Wonder Vitaliser Lawn & Leaf Bio-Carbon Green Boost 7:1:3 (15) + C(8) SR* Reg No K8299 N-F 0580 | Bevat 95g/kg N, 14 g/kg P, 41 g/kg K, 80 g/kg C. Alle produkte is geregistreer onder Wet 36 van 1947.



Hoewel alle handel daarvan "regmatig" deur die stamhoofde gekanaliseer moes word, is daar aanduidings dat kleiner groepe, en selfs individue, hierdie reëling verontagsaam het en agteraf direk met koloniale handelaars besigheid gedoen het. Dit het tot gevolg gehad dat die tradisionele gesag van die kommunale gemeenskappe toe reeds geërodeer is wat konflik tussen die kommunale wyse van produksie en die ekonomie van die vrye mark geskep het. Die proses om 'n polities- en ideologiesgedrewe bestaanswyse na 'n markgerigte ekonomie om te skakel, het gevolglik tóé reeds sy eerste babatreë gegee en baie druk op die sosiale strukture én ook die beskikbaarheid van arbeid van die kommunale gemeenskappe geplaas.

Die radikale oorgang het egter eers met die ontdekking van diamante in die Noord-Kaap in 1870 plaasgevind. Toe die diamantvelde in produksie gekom het, het Suid-Afrika hom oornag in die hoofstroom van internasionale kapitalistiese ontwikkeling en investering bevind, binne die konteks van Britse Imperialisme wat tóé die gang van die wêreld se ekonomie bepaal het. Immigrante het in hordes vanuit die Kaap, Natal, Europa, Noord-Amerika en Australië kom fortuin soek. Selfs uit tradisionele swart kommunale gemeenskappe in Basoetoeland, Sekukuniland, Transkei en Limpopo het mense opgedaag. Die onmiddellike effek hiervan was die totstandkoming van 'n ongekende vraag na voedsel én arbeid.

Slegs dié wat toegang tot gewere, perde, waens en 'n span osse gehad het, (kapitale luukshede waaroor kommunale boerderye nie beskik het nie) kon wins uit hierdie omstandighede maak. Gevolglik was daar 'n massaslagting van kleinwild en 'n stroping van brandhout in die gebiede om die diamantvelde. Hierdie "uitverkoop" van natuurlike hulpbronne, tesame met die verlies aan arbeid, het die kommunale gemeenskappe se twee hoekstene onder hulle uitgeruk omdat hulle bloot nie die kapasiteit gehad het om aan dié nuutgeskepte ekonomiese prosesse te kon deelneem nie. Polities en ekonomies het die kommunale gemeenskappe onvermydelik begin inplof.

Asof die diamantvelde nie genoeg skade aan kommunale gemeenskappe aangerig het nie, is goud twintig jaar later aan die Witwatersrand ontdek. Dit het 'n herhaling van wat in die Noord-Kaap gebeur het, ontketen, dié keer net op 'n nog groter skaal met nog groter nadelige gevolge vir kommunale boerderye. Die groeiende bevolking aan die Rand en ook in die hawedorpe, het opnuut 'n groot mark vir landbouprodukte geskep. Dié aansporing het nie alleen verhoogde produksie nie, maar ook die benutting van onbewerkte areas, die verbetering van kuddes en die vernuwing van boerderymetodes genoodsaak. Daarmee saam het die ontwikkeling van die vervoerstelsel die verspreiding van landbouprodukte vergemaklik. Suid-Afrika se rykdom aan minerale het dus uiteindelik daartoe aanleiding gegee dat die mynbou ook nywerhede, finansiële instellings en 'n arbeidsmag tot stand laat kom het wat deur 'n kommersiële landbousektor gevoed moes word. Suid-Afrika was nou op radikale wyse deel van die markgerigte wêreld ekonomie.

Ekonomiese realiteite

Op sigself sou die radikale ekonomiese transformasie tydens die ontdekking van minerale waarskynlik nie die natuurlike ekonomie van die kommunale gemeenskappe vernietig het nie, maar omdat dit saam met 'n wye reeks ander faktore geval het, het dit net vinniger gebeur as wat dit oor die lang duur sou doen:

- Die skielike instroming van kapitaal wat deur die mynbou veroorsaak is, het die hoofsaaklik ruilhandel met kontanttransaksies vervang.
- Omdat daar noodwendig meer druk op landbouproduktiwiteit was, moes kommunale boerderye nog meer van arbeid gebruik maak om by te bly, maar die mynbou het juis hierdie arbeid van die kommunale gemeenskappe weggelek. Kommunale boerderye se produktiwiteit het dus afgeneem en nie toegeneem saam met die groter vraag na landbouprodukte nie.

- Grond, wat lewensmiddele aan die gemeenskap moes voorsien, is van 'n kommunale werkgewer tot 'n produksie-eenheid getransformeer. Dit het van grond 'n kommoditeit op sigself gemaak waardeur dit 'n verhandelbare waarde verkry het.
- Toe die bevolking drasties toegeneem het, kon daar nie langer van 'n braakstelsel vir landbouproduksie gebruik gemaak word nie. Dieselfde grond moes herhaaldeik bewerk word en bewerkingspraktyke, bemesting, en ander investerings het noodsaaklik geword om produktiwiteit te verhoog. Eienaarskap van grond het nou 'n voorvereiste geword om hierdie investerings te kon regverdig.
- Soos wat die vraag na krediet toegeneem het om hierdie tegnologie en verbeteringe te finansier, het die behoefte ontstaan om grond as sekuriteit te kan aanbied.
- Die eenvoudige arbeidsgedrewe produksiepraktyke van kommunale boerderye het geen skaalvoordele gebied nie. Daarteenoor het die toename in die gebruik van tegnologie 'n toename in landbouproduksie vereis om die investering te kon regverdig.

Die radikale transformasie tydens die ontdekking en ontginning van minerale, en die ander faktore wat daarmee gepaard gegaan het, het die kommunale gemeenskap se vermoë om hulpbronne eweredig op grond van lidmaatskap te versprei, met 'n stelsel vervang waar kapitaal se produksievermoë gedomineer het. Kapitaal, en nie arbeid nie, het daarom die finale vergoeding in die vorm van wins ontvang.

Die vraag is onwillekeurig wat met die kommunale boerderye sou gebeur het indien die radikale transformasie van die 19de eeu nie plaasgevind het nie. Elders in sub-Sahara Afrika het dieselfde tendens hom later herhaal maar net teen 'n baie stadiger pas.

Die reële daling in produkpryse, die onvermoë om kapitale items te kan aanskaf, lae produktiwiteit en gevolglik lae inkomste, veroorsaak dat klein boere nie in 'n posisie is om hul uitgediene gereedskap te vervang, produksie-insette te bekom of om vir hulself lewensmiddele te kan koop nie. Gevolglik moet hulle allerlei opofferinge maak om aan te hou boer, wat insluit die verkoop van lewende hawe en die besnoeiing van aankope. Namate die kleinboer se inkomste onder die vlak van vernuwing daal, kan hy gevolglik net deur middel van die dekapitalisering van sy boerdery verder voortgaan. Dit behels dat hy sy vee moet verkoop en met minder en swak instandgehoute implemente moet klaarkom en uiteindelik met minder kos en swakker gesondheid moet oorleef.

As 'n kleinboer dus eers ónder die vlak van vernuwing kom, is dit onafwendbaar dat hy dan ook met die gepaardgaande armoede en ondervoeding hom mettertyd ónder die vlak van oorlewing gaan bevind. So 'n fisiek en finansiële verswakte boer is dan genoodsaak om werk op 'n ander plek te gaan soek om homself net gevoed te kry en daar vind derhalwe voortdurend 'n migrasie na stedelike gebiede ten koste van landbouproduksie plaas. Volgens die Wêreldbank vind hierdie verstedeliking teen 4% per jaar plaas en woon 38% van sub-Sahara se bevolking reeds in stede teenoor die 15% van 50 jaar gelede.

Gegronde op onlangse verslae van die FAO Policy Assistance Division, World Bank Development Research Group en die New Partnership for Africa's Development (NEPAD)-program van die Afrika-unie, kan die huidige landbou- en voedselsituasie van Afrika soos volg opgesom word:


- In die meeste ontwikkelende lande buite Afrika is landbougrond vir ten minste al die afgelope 150 jaar in private besit. Grondeienaars het winste in fisieke kapitaal belê. Boerderye het mettertyd van bestaansboerderye na groter besighede gegroei en so ook die besighede rondom hulle wat die landbouprodukte verder verwerk.
- In die oorgrote meerderheid Afrikalande het landbougrond kommunale eienaars wat deur 'n hoofman aan bewerkers toegeken word in ruil vir voedsel. Gevolglik kan hierdie grond nie as sekuriteit vir produksiekrediet aangebied

word nie en maak hierdie bewerkers van sogenaamde "cash loans" teen buitensporige rentekoerse gebruik om hul boerderye mee te finansier.

- Die oorgrote meerderheid boere in Afrika is ongeskoold met baie min boerderyvaardighede. Boerderye word gedomineer deur familieledede wat hul arbeid in ruil vir voedsel aanbied en bestaan meestal uit vroulike werkers. Boerderye is nie in staat om lone of salarisse te kan betaal nie.
- Daar is 33 miljoen (80%) plase in Afrika wat kleiner as 2 hektaar groot is. Slegs 3% van plase in Afrika is groter as 10 hektaar. Minder as 10% van die boere het toegang tot produksiekrediet.
- Voedselsekureit is 'n groter probleem in die platteland as in stede omdat die boerderye nie genoeg voedsel kan produseer om die betrokke familieledede te voed én nog die kommunale verpligtinge teenoor die hoofman ook na te kan kom nie. Omdat daar bykans nooit kontant verwissel word nie, het die boere ook nie geld om bykomende voedsel vir hulself te koop nie.
- Gedurende die afgelope 30 jaar het Afrika se bevolking verdubbel terwyl die stedelike bevolking drievoudig toegeneem het. Landbouproduksie het nie bygehou by hierdie groei in bevolking nie.
- Die toename in Afrika se landbouproduksie word behaal deur onbenutte grond te bewerk en om meer arbeid te gebruik. Verhogings in opbrengs en verbeterings in bewerkingspraktyke is geensins noemenswaardig nie. In die res van die wêreld word verhoogde landbouproduksie op bykans dieselfde konstante areas deur middel van 'n verhoging in produktiwiteit bewerkstellig.
- In 2006 is 33% van sub-Sahara Afrika se bevolking, oftewel 200 miljoen mense, as ondervoed geag. Dit is ook die enigste streek in die wêreld waar daar verwag word dat dié situasie oor die volgende twee dekades gaan versleg, tensy daar drasties ingegryp kan word.
- Al die "laagste plekke" op wêreldranglyste word deur Afrikalande gevul en die gaping tussen hierdie lande en die res van die wêreld bly aanhoudend groter word. Afrika benodig 'n groeikoers van ten minste 7% oor 'n tydperk van 15 jaar om hierdie neigings om te draai.

Ekonomiese gevolge

Die effek van Afrika se hoofsaaklik kommunale model van boerdery word in Figuur 1 aangetoon.




Figuur 1 bevestig dat Afrika tans bykans \$40 miljard meer voedsel moet invoer as wat dit kan uitvoer. Tot en met 1979, toe die meeste Afrikalande pas gedekolonialiseer is, was Afrika 'n netto uitvoerder van voedselprodukte. Daarna het die situasie omgekeer en is dit geleidelik besig om verder te verswak. Afrika kan sedert dekolonialisering dus nie meer aan sy eie voedselbehoefte voorsien nie en moet sy finansiële reserwes aanwend om kos aan te koop. Tensy dit ander bronne het wat hierdie behoefte aan buitelandse valuta kan aanvul, is Afrika se manier van boer eerder besig om sy inwoners verder te verarm as wat dit die oplossing vir armoede is.





Die effek van Suid-Afrika se hoofsaaklik kommersiële model van boerdery word in Figuur 2 aangetoon.


FIGUUR 2: IN- EN UITVOER VAN LANDBOUPRODUKTE (SUID-AFRIKA)



Volgens Figuur 2 was Suid-Afrika vir bykans die hele tydperk van 50 jaar 'n netto uitvoerder van landbouprodukte. Hoewel 'n sekere gedeelte van Suid-Afrika se voedselbehoefte wel vanuit die buiteland aangevul moet word, verdien die land meer as genoeg buitelandse valuta uit landbou-uitvoere om hierdie invoere mee te finansier. Die Suid-Afrikaanse manier van boer is selfvoorsienend en is gevolglik nie besig om die nasie in geheel te verarm nie.

In 2000 het pres. Robert Mugabe van Zimbabwe ingrypende grondhervorming begin toepas om die "skeefgetrekte" koloniale eienaarskap van landbougrond in sy land reg te stel. Die hoofsaaklik wit kommersiële boerderye is feitlik oornag tot niet gemaak en onder eienaarskap van swart politieke lojaliste geplaas. Die effek van Zimbabwe se verandering van boerderymodelle word in Figuur 3 aangetoon.

FIGUUR 3: IN- EN UITVOER VAN LANDBOUPRODUKTE (ZIMBABWE)



Zimbabwe was tot ongeveer 2005 'n netto uitvoerder van landbouprodukte. Dit het by tye tot bykans \$1 miljard bo invoere aan buitelandse valuta vir die land verdien. Met die vernietiging van kommersiële landbou het die land spoedig 'n netto invoerder van voedsel geraak met tekorte van tot \$1 miljard aan buitelandse valuta. Die totniemaking van "wit" kommersiële landbou in dié land het ooglopend dus tot alles behalwe die verligting van armoede gelei.

Die toekoms

Suid-Afrika se bevolking neem oor die bestek van 10 jaar met ongeveer 15% toe. Teen hierdie tempo sal die bevolking tien jaar van nou af ongeveer 60 miljoen beloop terwyl dit oor 20 jaar, in 2035, 'n kommerwekkende 70 miljoen sal beloop. Die gevolge hiervan behoort van veel groter belang te wees as om kommunale boere in die plek van kommersiële boere op produktiewe landbougrond te wil vestig. Tabel 1 bevat projeksies oor wat die gevolge van die toename in die bevolking van Suid-Afrika in 2035 kan inhou.

Teen die huidige tempo van verstedeliking sal 52,6 miljoen Suid-Afrikaners in 2035 in stede bly. Teen dieselfde toename sal 25 miljoen van die bevolking 'n werk hê, mits ons 4,7 miljoen

Boontjie gee **SY LOONTJIE**



Saam met jou van
**DIE WOORD
"GO"**

© Pioneer Hi-Croft Inc.

Soja sonder weerga, want puik opbrengste begin by puik saad.

Tel: +27 12 683 5700 | www.rsa.pioneer.com

© 2016 PHII.

Die DuPont Ovaal Logo is 'n geregistreerde handelsmerk van DuPont.

®, SM, TM Geregistreerde handelsmerke van Pioneer.



werkseleenthede teen ongeveer 240 000 nuwe poste per jaar kan skep. Tans word gemiddeld slegs 170 000 bykomende werkseleenthede per jaar geskep, maar selfs al kan ons die onmoontlike regkry, sal daar steeds 6,2 miljoen werklose mense in 2035 wees terwyl 20,9 miljoen mense dan van regeringstoelaes afhanklik sal wees.

Daar is tans ongeveer 82,2 miljoen hektaar se kommersiële landbougrond beskikbaar wat beteken dat daar vir elke lid van die bevolking 1,6 hektaar beskikbaar is vir voedsel- of veselproduksie. Indien die bevolking in 2035 tot 70,1 miljoen toeneem en daar is 'n verdere afname van 5 miljoen hektaar landbougrond oor hierdie tydperk, is daar slegs 1,1 hektaar kommersiële landbougrond per lid van die bevolking beskikbaar om aan sy voedsel- en veselbehoefte te kan voldoen.

Suid-Afrika voer ongeveer die helfte van die bevolking se voedsel- en veselbehoefte in. Vir die ander helfte sorg die ongeveer 35 000 boere elkeen vir 1 520 lede van die bevolking terwyl dit tot 2 010 lede per boer in die jaar 2035 kan verhoog. Sou die aantal boere egter teen die huidige tempo tot 'n geprojekteerde 20 182 in 2035 afneem, sal elke boer dan vir 3 742 lede van die bevolking moet sorg.

ekonomiese dood gesterf het.

Die skrif aan die muur is baie duidelik: die regering gaan sy hande vol hê om te sorg dat die groeiende bevolking werk kry terwyl sy gedurige ideologiese getorring aan grondhervorming die verskaffing van voedsel aan 'n bevolking van 70 miljoen, waarvan 52,6 miljoen oor 20 jaar in die stede gaan bly, ernstig in die gedrang kan bring. Kommunale boere produseer nie genoeg surplus om hulleself én hierdie groot aantal mense in die stede te voed nie en die land het nie genoeg geld om voedsel en vesel in te voer om aan die bevolking se totale behoeftes te voldoen nie. Genoegsame selfgeproduseerde voedsel, en nie onderbenutte kommunale landbougrond nie, is bepalend vir die welvaart van enige nasie. Daarom is vertroue in landbou ook terselfdertyd vertroue in 'n land se toekoms. Die ANC-regering kan dit vir die hele land baie maklik maak deur die vrye mark toe te laat om self die hulpbronne op die mees produktiewe manier tot voordeel van die hele bevolking se welvaart aan te wend.

TABEL 1: BEVOLKINGS- EN LANDBOUPROJEKSIES

Eenheid	2015		2035		
	Aantal	%	Aantal	%	
Bevolking	Miljoen	53.0	100%	70.1	100%
Verstedelik	Miljoen	33	62%	52.6	75%
Werkbare ouderdom	Miljoen	34.8	66%	46.7	67%
Werskmag	Miljoen	18.6	35%	25.0	36%
In diens	Miljoen	14.0	26%	18.8	27%
Werkloos	Miljoen	4.6	25%	6.2	25%
Afhanklik van toelaes	Miljoen	15.8	30%	20.9	30%
Aantal boerdery-eenhede	-	34861	0.07%	20182	0.03%
Bevolking/huidige boerdery-eenheid	-	1520	-	2010	-
Bevolking/geprojekteerde boerdery-eenheid	-	-	-	3472	-
Totale landbou hektare	Miljoen	100.7	-	95.7	-
- Kommersieel	Miljoen	82.2	-	77.2	-
- Opkomend	Miljoen	14.5	-	14.5	-
Kommersiële hektare/bevolking	-	1.6	-	1.1	-

Terugkeer na voorspoed

Die Africa Economic Development Institute voer in "Africa: Communalism, Barriers and Economics" aan dat kommunalisme dikwels deur Afrikaleiers geprys word, maar dat dit in werklikheid een van die grootste redes vir die kontinent se ekonomiese mislukking is. Volgens dié verslag bots kommunalisme met die mobilisering van arbeid en kapitaal. Beide is uiters noodsaaklike komponente van produksie en is gevolglik die grootste bydraers tot ekonomiese groei, mits dit nie ingeperk word nie.

Die onteiening van grond sonder vergoeding, as deel van die ANC en EFF se radikale ekonomiese transformasie, is in wese dus 'n baie eenvoudige strategie om winsgewende kommersiële boere skuldig te laat voel oor hul ekonomiese suksesse sodat daar terselfdertyd verwagtinge van finansiële welvaart vir 'n groot deel van die ekonomies onaktiewe deel van die bevolking geskep kan word. Dié plan wil, ten minste met politieke retoriek, lewe probeer blaas in 'n uitgediende produksiemodel wat lank gelede reeds 'n natuurlike

BRONNE:

Theunissen, P. *Kommersiële landbou: Bron van armoede of skepper van welvaart?* April 2016.

Theunissen, P. *Ou beloftes in nuwe verpakking verkoop nie.* Februarie 2017.

Theunissen, P. *Radikale ekonomiese transformasie het reeds plaasgevind ... 150 jaar gelede al!* Mei 2018.

Theunissen, P. *Wie is regtig honger?* Augustus 2014.

Ons noem dit 'die SENSAGO effek'

Vordering deur navorsing



GEELMIELIEKULTIVAR
WITMIELIEKULTIVAR



DROËLAND
KORINGKULTIVARS
BESPROEINGS-
KULTIVARS



CLEARFIELD
SONNEBLONKULTIVAR



ROUNDUP-READY
SOJABOONKULTIVARS



WEIDING;
HAWER, GRASSE,
VOERGARS, ROG



MOUTGARS

www.sensako.co.za


Sensako is Suid-Afrika se voorste verskaffer van unieke genetika.

Vir al jou saadvereistes - plant Sensako vir:

- Beter potensiële opbrengs en kwaliteit
- Agro-ekologiese aanpasbaarheid
- Siekteweerstand
- Minder insetkoste
- Gemoedsrus en bekostigbare waardetoevoeging vir die produsent


beproefde genetika proven genetics


GROUP/GROEP



SENSAKO
Beproefde Genetika • Proven Genetics

Bethlehem +27 (0) 58 303 4690

Seed marketed and distributed by SENSEED under license from Sensako | www.senseed.co.za

PLAASVEILIGHEID - Grondvlakfeite

Inleiding

Dan Kriek – President van Agri SA

Plaasveiligheid is 'n probleem wat veel groter is as 'n enkele organisasie, 'n gemeenskap en selfs die algehele owerheidstrukture. Die werklikheid van plaasaanvalle is skrikwekkend en 'n mens word geskok deur elke voorval ongeag hoeveel maal jy daarmee gekonfronteer word.

Die aanslag van Agri SA se verslae is om 'n geheelbeeld van die situasie weer te gee. Ons doen dit deur statistiek wat van die polisie verkry word, asook inligting van plaaslike strukture. In 'n poging om die saak aan te spreek, sal Agri SA voortgaan om die belangrike kwessie met alle betrokke rolspelers te bespreek. Dit sluit in onder andere die minister van polisie, asook relevante regeringsdepartemente.

Daar sal na oplossings gekyk moet word wat sosio-ekonomiese uitdagings soos armoede en werkloosheid sal aanspreek.

Agri SA verwelkom die openbare debat oor die kwessie en glo as 'n land in geheel kán ons die probleme vasvat.

Agri SA is verbind tot akkuraatheid

Daar is tans verskillende bronne en interpretasies van plaasaanvalstatistieke in die media. Statistiek is beperk, en selfs amptelike statistiek word post facto opdateer. Die inligting wat vervat is in die jongste plaasveiligheidsverslag van Agri SA is gegrond op:

- inligting van die Suid-Afrikaanse Polisiediens wat in die parlement voorgelê is;
- insette van veiligheidskenner binne Agri SA se strukture; en
- samewerking met die SAPD op strategiese en voetsoolvlak.

In die jongste Agri SA-verslag word daar gemeld dat plaasaanvalle en -moorde sedert 2001/2002 afgeneem het. Die redes daarvoor kan wees dat boere en hul werknemers meer paraat en bewus is oor veiligheidskwessies, verskerpte betrokkenheid by plaaslike veiligheidstrukture en 'n verbeterde verhouding tussen die SAPD en landelike gemeenskappe. Daar moet ook erkenning gegee word aan die boerderygemeenskap, die provinsiale organisasies en Agri SA in die stryd teen plaasaanvalle en -moorde.

Desnieteenstaande hierdie daling oor die afgelope 19 jaar, bly die vlakke van aanvalle en moorde, en die gepaardgaande brutaliteit steeds onaanvaarbaar hoog.


In die afgelope twee jaar is daar weer 'n toename in plaasaanvalle opgemerk wat kommerwekkend is. Dit wys dat daar 'n volgehoue bedreiging is teen dié gemeenskappe.

Hieronder vervat is relevante inligting van betrokke rolspelers in die Agri SA-strukture.

Op die grond: KwaZulu-Natal

Sandy La Marque – Uitvoerende hoof: Kwanalu

Moorde en aanvalle 2001-2017



Bron: Kwanalu-ontleding van plaasmoorde en -aanvalle (Weerspieël die nasionale tendens)


Die veiligheid van lede van die KwaZulu-Natalse Landbouvereniging (Kwanalu) is een van die strategiese fokusgebiede vir die organisasie. Sedert 1999 het Kwanalu begin met 'n proaktiewe houding rakende veiligheidskwessies in die provinsie. Dit sluit in om te werk met provinsiale strukture, operasionele beplanning en om lede in die hof by te staan met die hulp van kundiges.

In ons navorsing het ons bevind dat die voorkoms van misdade verband hou met die afgesonderdheid van die landelike omgewing. Kwanalu meen die aanvalle is meestal opportunistiese misdade, en dat dit nie deur rasse- of politieke belange gedryf word nie.

Hoewel die vlak van geweld tydens sulke aanvalle kommerwekkend is, moet mense waak daarteen om opruiende stellings te maak of te ondersteun. Sulke stellings sal slegs haat aanhits en rassenspanning verhoog, wat teenproduktief sal wees in die stryd teen die aanvalle.

Kwanalu moedig hul lede aan om sekuriteit voortdurend hul prioriteit te maak, en om verhoudinge in hul gemeenskappe en met die polisie te verbeter.

Tydens 'n onlangse opname is interessante terugvoering oor verskeie kwessies opgeteken:



Op die grond: 'n Ontleding van plaasaanvalle in die Vrystaat vir die tydperk April 2016 tot Maart 2018

Dr. Jane Buys – Veiligheids- en Risiko-analis, Vrystaat Landbou

Die verskynsel van ernstige geweldsmisdade, ook beter bekend as plaasaanvalle op plase en of kleinhoewes teen produsente, hul gesinne en inwoners/werkers wat op plase woonagtig is, is oor dekades heen 'n fenomeen in die Vrystaat. Wat die dinamika van hierdie spesifieke ernstige en geweldsmisdadigheid ten opsigte van boerderygemeenskappe betref, moet dit duidelik gestel word dat daar geen willekeurige aanval plaasvind nie, wat beteken dat opportunistiese misdadigers nie op die punt van die oomblik besluit om 'n spesifieke boer, sy gesin of werkers aan te val nie. By die meerderheid aanvalle is voorafkennis bewustelik vanaf werkers of voormalige werknemers verkry, of deur werknemers wat onbewustelik op sosiale plekke praat oor hul werkgewers. Opportunistiese misdadigers gebruik dan hierdie onligting om sodanige plase/produsente te teiken in gewapende rowe.

Dit is duidelik in die gevallestudies wat deur die veiligheidslesenaar van Vrystaat Landbou (VL) uitgevoer is, deur die ondervraging van slagoffers van plaasaanvalle in die Vrystaat, dat aanvallers voorafgaande waarnemings gehou het op geteikende plase en slagoffers oor watter honde op die terrein was, dat hulle vooraf inligting gehad het waar sekuriteitshekke in huise geïnstalleer is, dat hulle deeglik bewus was van die roetine van die slagoffers, dat hulle alreeds sulke aanvalle in die verlede geloods het as gevolg van die manier waarop hulle opgetree het en dat hulle voortdurend in gesprek was met 'n voertuig wat hulle vervoer het na en van die toneel af. In sommige van die voorvalle is die verdagte voertuig wat die aanvallers vervoer het, 'n dag voor die aanval deur sommige boere in die gebied opgemerk. In baie gevalle is bekend dat aanvallers spesifieke besonderhede het oor waar kluisse geleë is wat vuurwapens, kontant en waardevolle items bevat.

Navorsing toon verder dat plaasaanvalle meestal goed beplan en noukeurig uitgevoer word, wat beteken dat groepe op 'n georganiseerde wyse betrokke is, wat nie die moontlikheid van sindikate of georganiseerde groeperings se potensiele betrokkenheid by plaasaanvalle uitsluit nie, wat deur SAPD-taakspanne ondersoek moet word deur middel van verbindings.

Behalwe vir voertuie, trekkers en vee wat geteiken is, is slegs in vier voorvalle items wat buite huise gestoor is, deur aanvallers geroof, soos kragopwekkers, vragmotorbatterye, gereedskap, brandstof, ensovoorts. Alle voorwerpe wat aanvallers roof of steel, is meestal in die huise. Dit is ook 'n gegewe dat in 20 tot 24% van voorvalle die afgelope twee boekjare in die Vrystaat niks in plaasaanvalle gesteel of geroof is nie.

Die mees waarskynlike rede hiervoor was vinnige reaksie deur slagoffers om bure in kennis te stel of die Landelike Veiligheidstrategie (LBS), naamlik die mobilisering van boerderygemeenskappe in hul area. Party slagoffers dra vuurwapens en wanneer daar op hulle geskiet word, het hulle teruggeskiet en het die aanvallers gevlug.

Die analise toon verder dat 40 tot 50% van die aanvalle gemik was om toegang tot huise te verkry, dus die voorneme om te steel en roof.



Die onderstaande tabel bevat 'n operasionele analise van die dinamika wat betrokke is by ernstige geweldsmisdade (plaasaanvalle) op landbougrond in die Vrystaat vir die afgelope twee boekjare, dus vanaf April 2016 tot Maart 2018:

TIFE Getal ernstige geweldsmisdade (plaasaanvalle)	2016-2017 Plaasaanvalle/moorde: e: 66 (42 produsente insluitend opkomende boere aangeval/vermoor; 1 insident waar beide produsent en werkers aangeval is) Moord: 6 (1 produsent, 5 werkers) Poging tot moord: 13 Huisroof: 39 Ander misdade: 22	2017-2018 Plaasaanvalle/moorde e: 60 (38 produsente insluitende 2 opkomende boere aangeval/vermoor; 4 op beide produsente en werkers gelyktydig) Moord: 7 (4 produsente, 3 werkers) Poging tot moord: 12 Huisroof: 38 Ander misdade: 10	OPMERKING Ander misdade sluit in verkragting, ontvoering, huisbraak met die doel om te roof, brandstigting, rig van vuurwapen, diefstal van voertuig/trekker, betreding, ens. 8 werkers en 5 produsente is vermoor in plaasaanvalle afgelope 2 jaar in VS. Aantal plaasaanvalle het met 13,2% afgeneem terwyl moorde met 1 (14,2%) toegeneem het. Die tipe woning wat in landelike gebiede in plaasaanvalle geteiken word, is plase (83,33-92,42% die afgelope 2 jaar)
Getal plase/kleinboewes geteiken	Plase: 61 (92,42%) Kleinboewes: 5 (7,58%)	Plase: 50 (83,33%) Kleinboewes: 10 (16,67%)	Sondae en Dinsdae is die afgelope twee jaar die prominentste dae vir plaasaanvalle. Meerderheid aanvalle (50-60%) het gedurende die nag plaasgevind. Augustus en November problematiese maande die afgelope 2 jaar. Oktober tot Desember se kwartaal was die afgelope twee jaar die prominentste.
Misdaadpatroon- analise (MPA):	DOW: Saterdag, Sondag, Woensdag, Dinsdag Tyd: 18:00-06:00 (60,6%) Maand: Maart, Augustus, November Kwartaal: Oktober tot Desember; Januarie tot Maart	DOW: Sondag, Maandag, Dinsdag Tyd: 18:00-06:00 (48,43%) Maand: Augustus, November, Oktober Kwartaal: Julie tot September, Oktober tot Desember	
Slagofferanalise:	Totale getal slagoffers: 96 Getal slagoffers per insident: 2 slagoffers (51,51%); 3-4 slagoffers (9,09%) Ouderdom van slagoffers: 50-80 jaar (46,88%); onder 50 jaar (29,16%) Kinders: 2	Totale getal slagoffers: 106 Getal slagoffers per insident: 2 slagoffers (36,67%), 3-6 slagoffers (20%) Ouderdom van slagoffers: 50-80 jaar (31,13%); onder 50 jaar (33,1%) Kinders: 6	Aantal slagoffers wat geraak word deur plaasaanvalle het met 20 toegeneem. Getal slagoffers wat in een voorval geteiken is, het met meer as 10% toegeneem. Oudste slagoffer was 87 jaar oud. Jonger slagoffers word aangeval, wat onder die ouderdom van 50 jaar is. Aantal kinders wat geraak word, het toegeneem met 4 voorvalle (6,67%) wanneer 2016-2017 met 2017- 2018 vergelyk word. 5 slagoffers lede van georganiseerde landbou in VS, dus 5/38 produsente of 5/106 slagoffers.
Oortrederanalise:	Totale getal oortreders: 180 Getal aanvallers per insident: 2-3 aanvallers (50%); 4-7 aanvallers (31,92%)	Totale getal oortreders: 181 Getal aanvallers per insident: 2-3 aanvallers (50%); 4-6 aanvallers (30%)	Aantal aanvallers bly byna dieselfde met 181 die afgelope 2 jaar, dus gemiddeld van 3 aanvallers per aanval. Meerderheid aanvalle uitgevoer met 2 aanvallers, terwyl 4-6/7 aanvallers 30% van aanvalle in VS uitmaak. Ouderdom van oortreders is moeilik om vas te stel, slegs met arrestasie. Dit is bekend dat buitelandse burgers in 10/60 (16,67%) aanvalle betrokke was in oorgrensgebiede teen RSA/Lesotho grens.

Daarbenewens kan 'n soort nalatigheid van sommige slagoffers (20 tot 25%) bespeur word deurdat hulle nie hul huise voldoende beveilig nie. In sommige voorvalle het slagoffers buitentoe gegaan om ondersoek te gaan instel wanneer honde blaf of hulle stemme hoor, en dan word hulle maklike teikens vir aanvallers. Dit is ook bekend dat in drie aanvalle die verkeerde plase geteiken is wat weereens die roofmotief uitwys.

Byna een derde (32,43%) van landbouers in die Virginia-gebied, waar 'n impak en omvang van misdaadstudie in Oktober 2016 plaasgevind het, het berig dat hulle sielkundige trauma ervaar as gevolg van die impak van meestal eiendomsverwante misdade (wreedheid wat met veediefstal gepaardgaan) in hul omgewing en dat hulle sielkundige behandeling daarvoor ontvang. Die impak van plaasaanvalle op boerderygemeenskappe se welsyn kan tans nie bepaal word nie en verdere navorsing is dus noodsaaklik. Daar is ook gesê dat, behalwe vir droogte, misdaad die grootste bedreiging is wat 'n volhoubare landbou sektor bedreig en wat daartoe bydra dat landbouers die sektor verlaat.

As daar in ag geneem word dat agt werkers en vyf produsente die afgelope twee boekjare in plaasaanvalle in die Vrystaat vermoor is, moet boerderygemeenskappe meer gefokus word op die voorkoming van sulke voorvalle binne die LBS. Vrystaat het 'n afname in plaasaanvalle beleef wanneer 2016-2017 met 2017-2018 vergelyk word. Werkers op plase word ook geteiken in plaasaanvalle.

In die afgelope twee kalenderjare is 17 plaasaanvalle per jaar in die Vrystaat voorkom. In die huidige kalenderjaar (2018) is 12 aanvalle sover voorkom, meestal deur vroeë waarneming en opsporing van verdagte voertuie of persone wat deur beide werkers en boere in landelike gebiede waargeneem word, navrae aan sommige werkers deur maatskappye oor geld en vuurwapens in huise; inligtingsnetwerke deur SAPD (Misdaadintelligensie) sowel as plaaswagstrukture wat aandui dat spesifieke plase geteiken gaan word.

Die goeie vennootskapsbenadering binne die LBS dra aansienlik by tot die sukses van 'n proaktiewe benadering ten opsigte van plaasaanvalle. Net vyf produsente wat lede van georganiseerde landbou is, was die afgelope finansiële jaar in die Vrystaat in plaasaanvalle geteiken. Dit kan dus afgelei word dat die betrokkenheid van boerderygemeenskappe om deel te neem in die LBS, deur verhoudings met die SAPD, bure, gemeenskappe, werkers en of inwoners op plase uit te bou en te verbeter; kommunikasienetwerke te verbeter deur middel van WhatsApp-veiligheidsgroepe en radionetwerke; deur inligting oor proaktiewe en voorkomende maatreëls met mekaar te deel; en om hulle deur middel van opleidingswerkswinkels deur beide georganiseerde landbou en die SAPD in staat te stel hoe om te reageer in noodsituasies, beslis bydraend is tot die skepping van veiliger landelike gebiede in die Vrystaat.

Operasionele analise: Tipe instrument gebruik	51,51% vuurwapens, 13,63% mes Ander: 34,86%	61,67% vuurwapens, 16,67% mes Ander: 21,66%	Die gebruik van vuurwapens in plaasaanvalle het met meer as 10% die afgelope finansiële jaar gestyg. Knopkieries, ysterpype, tuinvurk, spies, skerp voorwerpe vorm deel van ander items wat as gevaarlike wapens in aanvalle beskou word.
Tipe items geteiken	27,27% selfone 27,27% geld 22,73% voertuie 18,18% vuurwapens 9,1% diere Geen: 16 (24,24%) insidente niks geroof/ gesteel nie	38,33% selfone 20% geld 20% vuurwapens 15% voertuie 5% diere Geen: 12 (20%) insidente niks gesteel/geroof nie	Daar is 'n toename in die getal selfone wat in plaasaanvalle geroof word, met amper 10% en vuurwapens met 1,2%. Sleutels van voertuie en of huise word ook geroof. % van die eiendom geroof is bereken per insident en nie van totale hoeveelheid eiendom geroof nie. In 12 tot 16 voorvalle die afgelope 2 jaar is niks geroof/gesteel in plaasaanvalle in VS nie.
Hoe oortreders na en van plaasaanvalle beweeg?	45,45% voertuie gebruik om na en van aanvalle te beweeg; 22,73% vlug met slagoffer se voertuig Arriveer per voet: 54,44%	30% voertuie gebruik om na en van aanvalle te beweeg; 15% vlug met slagoffer se voertuig Arriveer per voet: 55%	30-45% van die aanvallers gebruik voertuie om na en van plaasaanvalle te beweeg. In 15-22,73% het hulle ook die slagoffer se voertuig vir vervoerdoeleindes geroof. In 55% van voorvalle het hulle per voet op die misdaadtoneel aangekom.
Waar vind plaasaanvalle plaas? (demografiese ligging)	40,91% binne huise 27,27% buite huise 12,12% by plaashek 19,69% nalatigheid	50% binne huise 41,67% buite huise 3,33% by plaashek 25% nalatigheid	Die ontleding toon dat 20-25% van plaasaanvalle voorkom kon wees weens een of ander nalatigheid aan die kant van die slagoffers, naamlik alarm nie geaktiveer nie, gaan buitentoe om ondersoek in te stel wanneer honde blaf en of geluide hoor, deure en/of vensters oopgelaat (geen veiligheidshek, diefwering); maak deur oop wanneer iemand klop, ens. Die helfte van die plaasaanvalle het binne huise/wonings plaasgevind
Hoe vind aanvalle plaas (MO)?	Breek oop veiligheidshek of diefwering 40,91%	Breek oop veiligheidshek of diefwering 50%	In 40-50% van plaasaanvalle het aanvallers toegang verkry deur diefwering en of veiligheidshekke oop te breek.
Arrestasiesyfer:	Arrestasiesyfer: 33,33%	Arrestasiesyfer: 30%	Afname in arrestasiesyfer vir plaasaanvalle met nogenoeg 3% in VS wanneer 2016-2017 met 2017-2018 vergelyk word. Meerderheid van arrestasies uitgevoer deur samewerking met boerdery gemeenskappe (mobilisering van LBS). Dit is moontlik dat sommige arrestasies nog nie op databasis aangebring is nie. Afgelope finansiële jaar is 33,3% van arrestasies uitgevoer, die van buitelandse burgers wat betrokke is in aanvalle. In 4 arrestasies was werkers of voormalige werkers betrokke in die pleeg van plaasaanvalle in die VS (22,22%).



Slotsom

Die inligting van Vrystaat Landbou en Kwanalu dui daarop dat plaasaanvalle en -moorde afgeneem het, wat in lyn is met die Agri SA-verslag. Hoewel bogenoemde insette wys dat daadwerklike intervensies van verskeie strukture vrugte afwerp, wys dit ook dat meer gedoen moet word.

Agri SA bly verbind daartoe om 'n veiliger landelike en boerdery-gemeenskap te skep deur:

- voortdurende skakeling tussen Agri SA en sy provinsiale organisasies met die polisie en ander veiligheidsstrukture;
- lede aan te moedig om by boereverenigings in te skakel en aktief deel te neem aan plaaslike beveiligingsstrukture; en
- verbeterde samewerking op plaaslike vlak met die SAPD deur middel van die prioriteitskomitees.

Een plaasaanval en moord is een te veel

Die ekonomie van die platteland

deur De Wet Barnard, veearts op Modimolle (ingestuur deur Morné du Plessis)

Een van my heel eerste plaasbesoeke op Nylstroom het as volg afgeloop:

Terwyl ek besig is om met die perd te werk, vra die boer (op daai stadium was almal wat grond groter as 10 ha besit het, in my kop 'n boer) my of ek 'n dame sien, want hy het 'n dogter wat hy aan my wil voorstel. Ek lag toe maar net beleefd en sê hulle gaan my eers 'n foto moet wys. Dis nogals 'n algemene offer op die platteland, kom ek agter.

'n Maand of wat later stap 'n pragtige, jong brunet met 'n worshond onder die arm die kliniek in. Ons gesels toe veel langer as wat die aard van die hond se besering eintlik regverdig het. Ek neem die hond op vir absesbehandeling en toe ek die kliënte-inligtingsvorm onder oë kry, lyk die van skielik baie bekend. My ontvangsdame deel my toe mee dat dit die dogter is van die einste boer met die perd. So twee dae later bel ek die dame om te hoor hoe gaan dit met haar hondjie en, "o ja, jou pa het gesê ons moet gaan koffie drink..."

Ons eerste amptelike date was by die Zeemeeuw Huis in Warmbad. Ná ete word ek saamgesleep na my (toekomstige) skoonsuster se huis vir koffie. Die hele uitgebreide familie sit natuurlik daar. Ek is nog nuut in die omgewing, komende van die groot stad af, en glad nie vertrou met die sosiale dinamika van 'n klein plattelandse dorp nie.

Ná uitgevra is oor waar in die dorp ek bly, draai die geselskap na die plaaslike huismark en meegaande eiendomsagente. Weens my eie onlangse soektogte na geskikte verblyf (my vorige adresse was die hospitaal waar ek in die wêreld ontvang is, my ma se huis, 'n studentekommune en 'n vriend se flat in Stellenbosch) voel ek ek kan ook 'n bydrae op die onderwerp lewer en sê toe: "Wel, as iemand ooit weer in hierdie dorp wil eiendom huur, moet tog net nie XXX Eiendomme gebruik nie."

Daar daal 'n doodse stilte neer. Iemand in die geselskap maak subtiel keel skoon en skielik praat ons oor iets anders. Ek sou maande later uitvind dat ek myself bevind het in die huis van die seun van die eienaar van XXX Eiendomme. Vandag, terwyl my assistente ons rekenmeester se hond skeer en voorberei vir sterilisasie, sê ek vir hulle: "Ons moet baie mooi met hierdie hond werk. Dis die hond van die man wat ons payslips elke maand uitwerk." Senuweeagtige laggies.

My span het met heelwat meer sorgvuldigheid die taak aangepak as waaraan ek gewoon is.

Die wêreld is 'n klein plek, en 'n plattelandse gemeenskap soos ons s'n al te meer so. As jy Sondag laatoggend winkel toe gaan om hout en vleis en 'n knoffelbrood te koop, moet 'n mens maar netjies aantrek, want jy neig om geligte wenkbroue van jou gryser kliënte te kry as hulle jou raakloop en jy het nie kerkklere aan soos hulle nie.

Ons almal ken mekaar hier, of ons wil of nie. Op die platteland is kliënte en besigheidskontakte nie net name op 'n faktuur nie, maar regte egte mense waarmee jy persoonlik vertrou is (of die skinderstories van gehoor het). Die kassiere by die tak wat die ou tannie se ster-pak hoender oplui, weet dat die ou oom by die huis onlangs 'n beroerte gehad het en dat dit swaar gaan. Die persoon van finansies wat die lening moet toestaan aan 'n bekende boer in die omgewing, weet dat as dit hierdie jaar nie goed reën nie, gaan die plaas na die bank toe.

Besigheid op die platteland is anders. Dis nie kliënte waarmee jy werk nie; dis mense. Mense wat jy ken. En dit maak saak.



DRYVELD 46

'N WINTERLEK WAT WERK!

Dryveld 46 is 'n melasse-gebaseerde proteïenaanvulling op droëveld vir verhoogde ruvoerinnome sodat jou beeste beter presteer. Gemeng met graan, kan Dryveld 46 ook as produksielek aangewend word.



Verhoog ruvoerinnome vir verbeterde prestasie van beeste.



Lei tot verhoogde konsepsie en kalfpersentasies.



Beperk massaverlies in die winter.



Is geskik as onderhoudslek vir droë en lakterende diere.



Voorkom droë galsiek.



DROË WEIDING OPLOSSING



Vir meer inligting oor Molatek se spesifieke voere en dienste, kontak:
RCL FOODS: www.rclfoods.com
MOLATEK: +27(0)13 791-1036 | www.molatek.co.za


MOLATEK
Samewerking lei tot prestasie

Die toer deur BESIGHEIDSOERWOU gaan voort...

Kern-sakelesse uit die natuur is vervat in my boek *Besigheidsoerwoud* en hierdie sakelesse word oor 15 uitgawes bespreek.

Arend

Die twaalfde sakeles wat bespreek word, verwys na hoe ons omstandighede en ons visie oor die toekoms ons denke kan kondisioneer. Ons visie oor die toekoms kan ons potensiaal beperk en dit word verbind met die arend.

Arende is vir baie jare reeds 'n simbool van krag en wysheid onder nasies en kan gesien word op wapentoeusting en heraldiese embleme van baie volkere. Ook in die Bybel is daar verskeie verwysings na die arend. Dit is 'n skepsel wat met asemrowende spoed beweeg en jagvaardighede met presisie en volmaaktheid illustreer.

Daar is baie soorte arende in die wêreld en die roep van 'n visarend is net so bekend soos die brul van die leeu in Afrika. Net soos die leeu tiperend die koning van die oerwoud is, kan die arend beskou word as die koning van die lug.

Arende word gevind by varswatermere en riviere en somtyds by die kus, by die mond van riviere, asook in bergagtige gebiede. Die gemiddelde gewig van arende is 2,5 kg tot 6,7 kg en daar is al spesies in Noord-Amerika van 9 kg gedokumenteer.

Net soos 'n arend is 'n gesoute entrepreneur 'n koning in eie reg. Laat my toe om die arend voor te stel as 'n puik voorbeeld, 'n ongelooflike skepping en 'n voorbeeld vir alle entrepreneurs. Kom ons noem die skepsel "hom", en nie "dit" nie, aangesien hy nou verwant is aan alle "arendgerigte" entrepreneurs.

Die arend is die koning en heerser van die lug, vreesloos! Indien entrepreneurs begin dink en doen soos die arend, kan hulle ook die koning van hul industrie wees.

Dit is nie geluk of noodlot wat ons toekomsbestemming bepaal nie, ons doen dit self – soos in die woorde van Henry Ford: "Luck and destiny is the world's excuse for failure."

Die arend het duidelike visie waarmee geen ander voël kan meeding nie. Hy kan verder sien as enige ander lewende wese en sy sig is dus nie beperkend nie. 'n Entrepreneur het ook 'n duidelike visie nodig, 'n prentjie in sy gedagtes, 'n toekomsblik van waarheen hy onderweg is, van wat hom of haar te doen staan en hoe hy die beste kan wees wat hy kan. Onthou, 'n visie mag nooit beperkend wees nie en moet jou voortdurend kan uitdaag!

Geen lewende wese kan vinniger beweeg as 'n arend in volle vlug nie. Daar word gesê arende kan vlieg waar Boeings wens

hulle kon. Entrepreneurs moet ook hoog en vinnig vlieg, vreesloos vir enige beperkings en grense. Hulle moet deurbreek deur alle selfopgelegde grense!

Arende mis geen geleentheid wanneer hulle jag nie, maar jag ook nie elke moontlike geleentheid nie. Nee, hulle kwalifiseer die mees winsgewende jaggeleenthede. Soos goeie jagters, weet hulle dat elke dag 'n jagdag is, maar dat elke dag nie 'n skietdag is nie. Entrepreneurs moet ook hul energie en bronne fokus op volhoubare, winsgewende geleentheid en nie kortstondige wins nie.

Arende leef nie volgens 'n horlosie nie; hulle begin hul dag vroeg. Hulle haal die meeste uit hul dag. Ek het nog nooit 'n volhoubaar suksesvolle selfgemaakte entrepreneur ontmoet wat lui is nie. Nee, entrepreneurs werk hard en lê nie in die bed en mors tyd terwyl ander geld maak en hul ondernemings uitbou nie.

Hoewel arende meer as een plek binne hul nesgebied beheer, sal hulle in sekere omstandighede in een gebied aanbly wat jaar na jaar benut kan word.

Entrepreneurs kan ook fokus op een spesifieke mark of geleentheid as dit volhoubaar winsgewend is. As hy egter in 'n area besigheid doen waar die behoeftes in die markplek voortdurend verander, mag dit wys wees om die besigheid te diversifiseer. So kan verskillende inkomstestrome gelyktydig geskep word. Dit kan algehele volhoubaarheid aansienlik verhoog oor die langtermyn.

'n Noord-Amerikaanse Indiaan het arenddenke geïllustreer met 'n storie wat 'n mens laat dink aan die belangrikheid van hoe mense se denke hul toekoms kan bepaal. Die storie gaan oor 'n arend wat uit die nes geskop was en tussen patryse beland het.

Die arendjie het saam met die patryse grootgeword en gemaak soos patryse maak, want dis al wat hy geleer was. Eendag vlieg 'n arend oor hulle en die jong arendjie vra vir die patrys langs hom: "Wie is daardie mooi voël?"

Die patrys antwoord: "Dis die arend, die koning van die voëls, maar vergeet van hom, want jy is 'n patrys en sal nooit 'n arend kan wees nie."

Die moraal van die storie is, hy was gebore om 'n arend te wees, maar gekondisioneer om 'n patrys te wees. Moet nie laat dit met jou gebeur nie! Onthou, ons denke oorheers ons lewe. Wat ons dink, bepaal wie ons is. Negatiewe gedagtes voed negatiewe optrede!

Jou denke word jou woorde en jou woorde word jou dade, gewoontes en toekomsbestemming. Soos die Goeie Boek ons waarsku, waak oor jou denke!

SASOL KAN 28 DIE VOORKEUR STIKSTOF-BRON



Nou beskikbaar by jou naaste Agri-winkel.

Sasol Chemicals, a division of Sasol South Africa (Pty) Ltd.

www.sasol.com



SASOL

Agriculture in Tasmania, Australia


On a recent visit to her daughter staying in Sydney, Australia, **Delene Snyman** had the opportunity to visit the island of Tasmania where she met farmer Chris Clark and his partner, Julie Goss.



Tasmania is sheep country!



Dairy is very important for the economy of Tasmania.



Beautiful scenery, beautiful animals!

Background on Tasmania Agriculture

More than a quarter of Tasmania's land area of 68 300 km² is committed to agriculture, with dairy products, meat, vegetables and fruit esteemed in key markets. Culinary leader Tetsuya Wakuda describes the state's growing conditions as 'beyond organic'. The government has placed an indefinite moratorium on GM crops, while hormones and antibiotics are not allowed in the promotion of livestock growth.

Recent rapid agricultural expansion is being driven by large-scale investment in irrigation projects. The large-scale conversion of grazing land to intensive agriculture propelled the sector's year-on-year real growth rate to 3.7% in 2012/13, nearly twice the world average of 1.7% and almost triple the average Australian agricultural productivity growth for the previous decade. Dairy production reached a record 891 million litres in 2014/15, but growth was subsequently affected by a price decline and adverse weather conditions.

Tasmanians account for about 25% of national vegetable exports. Potatoes, onions and carrots are the main crops, but farm businesses are versatile and increasingly diversified. Barley, wheat and oats lead grain production, while poppies, pyrethrum, essential oils, seeds, leaf vegetables and flowers provide innovative cropping options.

There is a strong external demand for grass- and grain-fed beef and lamb. Beef, lamb, venison and other meats are safe and delectable. They are firmly established in niche markets around the world where quality is more important than price. Apples, once a major export product, are regaining their shine. Cherries are booming and the state's excellent bio-security is attracting investment in berry cultivation.

The state's superfine wool has set world record prices at auction. The agricultural sector directly employs around 10 000 people. When primary production is combined with dependent downstream processing, it delivers around a third of Gross State Product, about a third of employment and a quarter of all overseas exports.

Welcome to Tasmania, Australia's natural larder Non-food Agriculture

Tasmania is noted for the excellence of its superfine wool produced mainly from Saxon Merino sheep on grazing properties in lower rainfall districts (below 700 mm). Tasmanian wool averages a micron finer than other Australian wool and is relatively free from vegetable matter. It has often set world record prices at auction. Japanese importer Fujii Kiori markets fabrics made exclusively from Tasmanian wool, while Italian fabric specialist Zegna uses it for its most expensive garments. A major Chinese corporation committed in 2005 to use Tasmanian wool exclusively in a line of high quality clothing. More than 95% of Tasmania's wool production is exported to Japan, China, Germany, Italy and other markets.

Tasmanian merino wool is well-placed to reap the benefits of modern demands for eco-friendly or organic production. Tasmania's clean natural conditions, a moratorium on GM use and a relatively low use of farm chemicals constitute telling competitive advantages.

A number of specialised non-food agricultural industries have been established in Tasmania, with significant impacts on niche global markets. The State has become the world's biggest legal supplier of raw opiates for pharmaceutical use, producing more than 45% of the global yield. The pyrethrum industry is also growing rapidly and supplies 60% of the world's market for this natural, biodegradable insecticide.

Tasmanians produce essential oils – both edible and non-edible – from a range of crops. Volatile oils are extracted from peppermint, spearmint, parsley, boronia, blackcurrant, fennel, dill, mountain pepper, lavender, clary sage and hops.

Local enterprises also produce value-added lavender products, cut flowers, flower bulbs, seeds and seaweed-based fertilisers.

Meet Chris and Julie from Richmond

Richmond is a town in Tasmania about 25 km north-east of Hobart (capital city of Hobart), in the Coal River region, between the Midland Highway and Tasman Highway. At the 2006 census, Richmond had a population of 880. Richmond's most famous landmark is the Richmond Bridge, built in 1823 to 1825, around the time of the town's first settlement. It is Australia's oldest bridge still in use. St. John's Catholic Church was built in 1836, and is considered the oldest Roman Catholic Church in Australia. The town was initially part of the route between Hobart and Port Arthur until the Sorell Causeway was constructed in 1872. Present-day Richmond is best known as being preserved as it was at that time. It is a vibrant tourist town, with many of the sandstone structures still standing. Richmond is a farming community. Wine farms are becoming more and more popular but sheep and cattle are still most commonly found in this area.

In the centre of the town people gather on Sundays or holidays to have some fun and sell some local produce and other items at the open-air market. This is where Delene Snyman met Chris and Julie.

Chris Clark has been farming in Tasmania for many years. He has recently reduced his farming activities to the breeding of ponies mainly for their newfound venture namely agriculture in tourism. That is why they are moving from small town Richmond to Port Arthur where tourism is booming.

Julie Goss is the driving force of this new venture. She caters mainly for shows and events that involve children. Here she gives children the opportunity to touch and interact with farm animals. She also provides buggy rides drawn by ponies.

They talk with great passion about Australia in general but Tasmania in particular. Chris is very proud of the fact that animals exported from Tasmania need not be quarantined in Australia whereas animals coming from the main land must be quarantined. This is because of the relatively disease free conditions in Tasmania.

He says a farmer needs to think outside the box. And that is exactly what he is doing with their tourism venture. After spending a lifetime in agriculture, this is a great way to slow down but still be part of an industry he loves.

For Julie animals are a passion. She handles the animals with great ease and the fact that she gives others the opportunity to interact with these animals, is very satisfying. They are also accredited for artificial insemination for all breeds. In Australia accreditation is necessary to artificially inseminate livestock.

"Agriculture is a major employer in Tasmania and as a sector makes the largest contributor to the state's economy. Recent investment in water infrastructure, established freight and trade networks, and a reputation for quality products mean that Tasmania's agricultural sector continues to grow and innovate.

"The state enjoys excellent growing conditions, affordable land, few pests and diseases, abundant water resources and a strong research and development capability. Collectively this supports farmers, producers and a strong fishing and aquaculture industry.

"Food production in Tasmania is a thriving industry, including our fresh seafood, dairy, meat, beer, cider, whisky, wine, fruit and vegetables that are prized by chefs and consumers across the world, attracting premium prices."

For Chris and Julie there are only one place in the world to be involved in agriculture and that is Tasmania. And it is truly a beautiful part of the world.

Tasmania's slogan is: "Explore the possibilities" and if you ever get the chance, do just that!



Delene Snyman with Julie and Chris.



Julie with her animals on show.



Delene at the market in Tasmania.



Helloooo!!



Boogjag het oor die afgelope dekade geweldig ontwikkel in Suid-Afrika. Buiten dat eenaars van kleiner plase met groot sukses boogjag kan aanbied, is dit minder stresvol vir al die diere op die plaas. Delene Snyman het met bekwame boogjagter NW van Wyk gesels oor sy ervarings.

BOOGJAG groei in SA

NW van Wyk is maar 'n tweedejaarstudent aan die Universiteit van Pretoria waar hy BCom (Menslike Hulpbronne) studeer. Maar moenie dat sy jong ouderdom jou flous nie. NW is 'n bedrewe jagter met 'n boog wat selde nie die kol tref nie.

Op skool het hy vir vyf jaar provinsiale sowel as nasionale kleure in binnenshuise boogskiet verwerf. In 2015 het hy Protea-kleure ontvang en in Parnu, Estonia 'n silwermedalje losgeskiet. Voorwaar 'n kranige boogskut.

Vraag: Wanneer het jy begin om met 'n boog te jag?

Ek het begin boogskiet op die ouderdom van 12. My skool het dit as 'n sport begin en dit het dadelik my aandag gevang. Ons het as skool aan verskeie kompetisies deelgeneem, waarvan 3D-diereteikens my belangstelling die meeste gelok het. Dit het 'n tipe van jagsituasie geskep. My eerste jagervaring was te danke aan my oupa wat ons op 'n jong ouderdom op 'n blesbokjag gevat het in Kimberley. So het die kombinasie van jag saam met my oupa en die skoolaktiwiteit my laat begin belangstel in boogskiet/boogjag. Ek het my eerste bok met die boog geskiet toe ek 13 jaar oud was, maar eers nadat ek aan verskeie kompetisies deelgeneem het en baie geoefen het om 'n effektiewe doodskoot te kan skiet.

Vraag: Hoekom verkies jy boogjag bo geweerjag?

Boogjag is oor die algemeen net rustiger van aard. Wat ek daarmee bedoel is dat dit sagter is as geweerjag en dit op 'n manier die diere nie te veel affekteer nie, daarom kom 'n mens baie nader aan die wild. 'n Mens sien dikwels baie snaakse dinge wat jy nie sommer sou sien as jy moes loop nie. Boogjag is 'n sport wat mense bymekaar bring. Ek geniet die hele ervaring van die oefening en voorbereiding tot die jagtog, die slapelose nagte voor die opwinding van die eerste dag. Gewoonlik is ek baie optimisties, want jy weet nie wat om te verwag wanneer jy eers in daai skuiling sit nie, want jy kan enige iets sien – van 'n klein muishond tot die kolkat (luiperd) en dit alles binne 'n afstand van 20-30 meter.

Vraag: Hoe belangrik is etiese jag met 'n boog?

Vir my is etiese jag baie belangrik. 'n Mens wil tog die dier wie se lewe jy neem, so rustig as moontlik hou en dit so vinnig moontlik laat gebeur. 'n Mens moet die dier wat gejag word respekteer, en daarom 'n etiese besluit neem wanneer en hoe die skoot geneem gaan word. Ongelukkig weet mens dat dit nie altyd so positief uitdraai nie, swak skote en mis skote gebeur. Dit is alles deel van die jagervaring en leerproses.



NW van Wyk en die rooiribbokram.



Die gemsbokjag was ook iets om te onthou.



Saam met sy broer op Kralingen Bow Hunting.



Elandbul by Kralingen.



Jagtog saam met vriend Pally.

Vraag: Wat was jou hoogtepunte as jagter?


Elke jag is 'n unieke ervaring want elke jagveld is anders en elke goeie skoot iets om te onthou. As ek wel moet uitsonder sal ek sê:

- om 'n rooiribbokram met die boog te kon skiet;
- my eerste koedoe- en elandbul;
- my broer se eerste boogjag;
- 'n jagtog saam my goeie pel Pally Carstens en my meisie, Jeanette Beugest; en
- my vier rooibokke op een dag op goeie vriende se plaas in die Tuli-blok, Botswana.

Vraag: Hoe begin 'n mens met boogjag:

Gaan na jou naaste boogwinkel toe en gaan skiet 'n boog. Kyk of die stokperdjie jou belangstelling wek of nie. Daar is fantastiese winkels in Suid-Afrika. Ek sal sê lees op, vind meer uit oor wat boogjag is en wat dit behels. Praat met mense wat ondervinding het in boogjag en vra raad oor waarheen om te gaan, wat om te doen en wat nie. Oefening is baie belangrik en daarom is dit ook van kardinale belang om skootplasing op verskeie wild te ken en van al die verskillende rigtings af. Wees voorbereid.





Geniet boogjag saam met die SAJWV

deur Carl Hager van die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging

Boogjag het oor die afgelope paar jaar geweldig ontwikkel in Suid-Afrika met die gevolg dat daar 'n hele paar booghandelaars en boogskietverenigings ontstaan het. Iemand wat dus belangstel om betrokke te raak, moet vanuit die staanspoor redelik baie inligting in aanmerking neem voordat daar sommers net 'n boog gekoop word en 'n jag beplan word. Dit is derhalwe baie maklik om jou sommers halsoorkop in die saak te begewe en die verkeerde toerusting aan te skaf. Ons beoog dus met hierdie kort skrywe om die beginner in die boogjagsport met genoeg inligting toe te rus sodat die regte stappe en besluite geneem kan word.

Boogjagetiesiek

Net soos met geweerjag is etiek 'n baie belangrike of selfs 'n nog belangriker aspek wat in ag geneem moet word en vanaf die staanspoor toegepas moet word. Dit is selfs meer kritiek as met geweerjag omdat die fisiese vermoë van die boogjagter bepaal watter boogtoerusting gebruik kan word. Net soos met die keuse van kalibers vir sekere wildsoorte is die keuse van pylgewig en pylspoed die elemente wat bepaal wat die energie gaan wees waarmee die jagter sy prooi uiteindelik effektief sal moet dood. Waar geweerjagters met die regte geweerkeuse nog steeds 'n effektiewe koeëleneergie kan toepas deur keuse van kaliber en koeëlspeed, is dit nie so maklik wanneer daar beperkings is soos trek lengte en trek krag wat uitsluitlik deur die boogjagter se fisiese vermoëns bepaal word nie.

Skootplasing met pyl en boog is ook baie meer relevant as met geweerjag as gevolg van die feit dat pyl swakker beenpenetrasievermoë het as koeëls en dat die pyl stadiger trek as klank (subsonies) wat maak dat 'n gespanne bok heel waarskynlik 'n pyl gaan hoor aankom, gaan skrik wat dan 'n kwesskoot tot gevolg kan hê. Derhalwe behoort die effektiewe skietafstand waarmee enige boogjagter sy prooi aandurf verkieslik nooit meer as 30 meter te wees nie. Die doodmaakvermoë van 'n boogjagter hang dus grotendeels af van die jagter se fisiese vermoë om die mees effektiewe boogjagtoerusting te kan aanwend. Die boogjagter kan dus nooit te veel oefen om te sorg dat hy of sy fiks en sterk genoeg is om die toerusting met selfvertroue aan te wend nie.

Keuse van toerusting

Ons besluit om 'n spesifieke geweer aan te skaf, het gewoonlik te doen met wat ons doel met die wapen is en uiteindelik ook wat ons finansiële vermoëns ons sal toelaat. Dit is presies dieselfde met boogjagtoerusting. Die keuse van boogtoerusting en -vervaardigers is vandag baie groot en dit maak die boogjagter se keuse baie moeilik. Nie net persoonlike voorkeure moet aandag geniet nie, maar ook tegniese aspekte in terme van die beplande aanwending. Die meeste boogjagters vandag gebruik saamgestelde boë, maar daar is ook diene wat hulle toespits op tradisionele boogtoerusting. Laasgenoemde is baie moeiliker om effektief aan te wend en moet liefers goed bestudeer en ingeoefen word voor enige jag daarmee aangedurf word.

Wat wel baie belangrik is, is dat 'n boog vir geen twee persone presies dieselfde ingestel kan word nie en dus moet mense wat beoog om met dieselfde boog te jag liefers daarteen besluit. Weens ons menslike fisiese verskille is die akkuraatheid van enige boog verskillend wanneer dit gebruik word deur 'n persoon wat dit nie self ingestel het nie. Een jagter kan dus nie sommers gou 'n bok skiet met 'n ander man se boog nie.

Die keuse van 'n boog vir 'n junior jagter is ook baie meer problematies omdat die jongspan sommers baie gou hulle junior toerusting ontgroei en dan sal Pa weer moet geld uithaal om op te gradeer. Hier sal 'n booghandelaar wat sy sout werd is, goeie raad kan gee in terme van die keuse van 'n boog wat wel genoeg verstelbaar is om 'n geruime tyd aan die jong groeiende skut se vereistes te voldoen. Indien enige twyfel ontstaan in terme van die raad wat jy mag ontvang, kry altyd 'n tweede professionele opinie. Waak teen die gebruik van junior boogtoerusting op jagtogte op groter wildsoorte weens die gebrek aan pylenergie en dus die gebrek aan penetrasievermoë. Daar is tabelle beskikbaar in die SAJWV-boogskietoefening op die webwerf wat 'n baie goeie riglyn daarstel in terme van pylenergie wat benodig word vir spesifieke wildsoorte.

Boogskietaktiwiteite in jou omgewing

Die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging (SAJWV) het landwyd takke en daar is waarskynlik lede in elke tak wat belangstel in boogjag en verwante aktiwiteite. Dit is onmoontlik om van al hierdie aktiwiteite te weet en almal konstant ingelig te hou. Daar is landwyd verenigings wat hulle toespits daarop om boogskietaktiwiteite aan te bied en selfs hulle eie skietoefeninge ontwikkel het wat op kompetisievlak aangebied word. Bevoegdheidskursusse word ook aangebied, waardeur die voornemende boogjagter sy bevoegdheid kan demonstreer.

Twee van die verenigings is die African Bowhunting Organisation (ABO) en Suid-Afrikaanse Boogjagters Organisasie (SABO). Die maklikste manier om uit te vind waaroor die twee verenigings gaan en om op hoogte te bly van hulle aktiwiteite is om hulle webwerwe te besoek by onderskeidelik www.sabowhunters.co.za en www.abo.org.za.

Om op hoogte te bly van handelaars in jou omgewing, jaggeleenthede vir boogjag en om stories en idees te deel met ander boogjagspesialiste, is dit raadsaam om in te teken op die maandelikse tydskrif spesifiek gemik op die Suid-Afrikaanse boogjater by www.africasbowhunter.co.za.

Benewens bogenoemde verenigings en ook die inligting in die tydskrif kan enige SAJWV-lid ook sy takbestuurder nader, aangesien heelwat takke alreeds boogjagbelangegroepes op die been gebring het.

Hierdie artikel het verskyn op die webblad <http://www.sahunters.co.za/index.php/shooting-skietsake/item/141-boogjag-binne-die-sajwv>

Die verskil is in ons mengsel

Ons produkte beperk die verlies van stikstof, sodat u gewasse dit beter kan opneem, minder daarvan in die omgewing verlore gaan en u die meeste voordeel uit die koste daarvan kan trek.



SOURCE NBPT 20

N-(n-butyl) thiophosphoric triamide

DIE VOORDELE

- Beperk die vervlugting van ureum.
- Beter stikstofbestuur.
- Voordelig in geenbewerkings praktyke.
- Gee boere die kans om kunsmis wat op die oppervlakte toegedien is in te werk.
- Kan op gronde gebruik word waar vervlugting probleme skep.

GAVILON 

KUNSMIS

Gavilon South Africa (Pty)Ltd www.gavilon.co.za

Adres: Grondvloer, Silky Oak House, Ballyoaks Office Park, Ballyclare Rylaan 35, Bryanston, Johannesburg, 2021 • Posbus 133, Cramerview, 2060

Kontak persone: Pieter Bekker 072 626 0419 • Willem Engelbrecht 082 825 7781 • Bryanston kantoor 011 367 8420

Die ABC van Slenkdalkoors



Slenkdalkoors is 'n ernstige (akute) insekgedraagde (muskiete) virussiekte van skape, bokke en beeste (hoefdiere). Slenkdalkoors hou ook 'n groot gesondheidsgevaar vir die mens in.

Die naam "Slenkdalkoors" kom van die Slenkdalgebied in Kenia, waar die siekte die eerste keer beskryf is. Die virus wat Slenkdalkoors veroorsaak, is die eerste keer in 1930 geïsoleer tydens 'n epidemie onder skape in die Slenkdalgebied. Tydens die epidemie het die siekte ook mense in daardie gebied aangetas.

Van 1950 tot 1956 was daar verskeie epidemies van Slenkdalkoors onder skape en beeste in Suid-Afrika, waartydens mense ook die siekte opgedoen het. In 1953 is die virus wat Slenkdalkoors veroorsaak, uit muskiete (*Culex theileri* en *Aedes caballus*) gekweek nadat die siekte onder skape uitgebreek het.

Van 1969 tot 1976 het verskeie wydverspreide uitbrake van Slenkdalkoors onder skape en beeste in Suider-Afrika voorgekom en uiteraard groot geldelike verliese vir produsente tot gevolg gehad. Met 'n uitbraak in 1975 van Slenkdalkoors onder skape en beeste in Suid-Afrika, was daar ook sterfgevalle onder mense wat die siekte opgedoen het. Dit wil voorkom of Slenkdalkoors in sewe- tot tienjaar- of langer siklusse voorkom. Hierdie siklusse word bepaal deur reënneerslae.

Hoe diere besmet word

Aanvanklik word die diere besmet as hulle deur muskiete wat die virus dra, gebyt word. Hierna word die diere direk besmet deurdat hulle blootgestel word aan geaborteerde fetusse en besmette materiaal.

Siektetekens

Lammers en bokkies onder die ouderdom van twee weke is baie vatbaar. Hulle word baie gou siek, gewoonlik binne 24 tot 72 uur ná besmetting. 'n Hoë koors van tussen 41°C en 42°C ontwikkel, hulle is lusteloos en verloor hul eetlus.

Die koors daal kort voordat hulle vrek. Tot 95% van lammers kan vrek. Skape is lusteloos met 'n koors van tot 42°C, traag om te loop, het buikpyn, vinnige asemhaling, eet nie, gooi maaginhoud op, het bloed in die mis, slegruikende diarree en soms geelsug.

Dragtige ooie aborteer en die geaborteerde fetus ontbind gou. Vrektes onder ouer skape is soms tot so hoog soos 15% tot 30% en tussen 40% en 60% van die ooie kan aborteer. Die kliniese tekens van bokke is gewoonlik minder erg as dié van skape. By kalwers kom ligte kliniese tekens en 10% tot 15% vrektes voor. By volwasse beeste is die voorkoms van aborsies (10% tot 40%) soms die enigste siekteteken.

Wanneer Slenkdalkoors voorkom

Die siekte kom gewoonlik in die laatsomer voor, as dit warm is en die lugvogtigheid hoog is as gevolg van baie reën. Die muskiete wat Slenkdalkoors oordra, broei dan uit. Diere



ERADITICK

PLUS POUR-ON

G4251 (Wet 36/1947)

Nawerkende effek

Beheer bosluise op beeste, skape en bokke

Beheer vlieë en muggies op beeste

Dood luise (bytend en suigend) en myte op beeste



Beskikbare
pakgroottes



1 L, 5 L, 20 L



1 ml/10 kg



1 ml/5 kg



1 ml/5 kg

VIR MEER INFORMASIE: 0860 833 2787 of 012 817 9060

ERADITICK PLUS POUR-ON: Reg. No. G4251 (Wet 36/1947) Bevat: Amitras 1,5% m/v Deltametriën 0,5% m/v Piperoniëlbutoksied (PBO) 3% m/v Registrasie houër: ECO Animal Health Southern Africa (Edms) Bpk, Co./Mpy. Reg. No. 1992/000835/07. Verspreider: Afrivet Business Management (Edms) Bpk, Mpy Reg 2000/011263/07, Posbus 2009, Faerie Glen, 0043, RSA Tel: +27 12 817 9060, Web: www.afrivet.co.za

Laai ons app af vandag vir meer inligting



wat in die somer in laagliggende dele by panne, vleie en damme wei, loop die grootste risiko om Slenkdalkoors te kry, want muskiete is baie aktief in daardie gebiede. Slenkdalkoors het 'n bepaalde oorlewingsstrategie wat 'n rol speel in wanneer die siekte gaan uitbreek.

Menslike besmetting

In Suid-Afrika raak mense gewoonlik besmet deur regstreekse aanraking met die Slenkdalkoorsvirus indien hulle nadoodse ondersoek op besmette karkasse of geaborteerde fetusse doen of in laboratoriums met die virus werk. Slenkdalkoors is 'n soönose (siekte oordraagbaar van die dier na die mens).

Die virus dring die liggaam binne deur die slymvlies of krakies en seertjies in die vel. Dit is veral veeartse, veeboere en plaaswerkers wat 'n gevaar staan om besmet te raak.

Teoreties kan 'n mens ook Slenkdalkoors opdoen deur inname (byvoorbeeld die drink van besmette melk) of deur inaseming, maar hierdie twee roetes van besmetting is minder algemeen.

Omdat Slenkdalkoors by diere soms sonder sigbare uiterlike tekens voorkom, kan abattoirwerkers die besmetting opdoen in die normale uitvoering van hulle pligte. 'n Mens kan in uitsonderlike gevalle deur die byt van 'n virusdraende muskiet ook besmetting van Slenkdalkoors opdoen, maar dit is baie raar.

Siektetekens by mense

Die broeityd (vanaf besmetting tot die verskyning van die eerste siektetekens) wissel van drie tot sewe dae. Die siektetekens is griepagtig en begin skielik. Van die aanvanklike simptome is spierpyn, kouekoors, vomering, bloederige urine, donker stoelgang, ligsensiwiteit, swak sig, rugpyn, gewrigspyn, hoofpyn en koors. Die meeste mense herstel ná 'n week of twee.

In 1% tot 5% van gevalle word pasiënte se oë aangetas, maar dit is meestal tydelik. Die lewer en oë word gewoonlik later aangetas en die pasiënt toon 'n geneigdheid tot bloeding. In 'n klein persentasie van gevalle kan die retina van die oog los kom en tot blindheid lei.

Die siekte kan ook verskeie ander simptome tot gevolg hê. Slenkdalkoors is noodlottig in minder as 0,5% van gevalle weens ernstige hepatitis (lewerontsteking) en enkefalitis (harsingontsteking).

Diagnose by die mens

Waar 'n mens Slenkdalkoors opdoen, is daar gewoonlik 'n geskiedenis van noue kontak met siek diere, of met diere wat weens Slenkdalkoors gevrek of geaborteer het. Mense wat dus met sulke diere in aanraking was en daarna tekens van die siekte begin toon, moet onverwyld 'n geneesheer raadpleeg.

Slenkdalkoors moet onderskei word van 'n ander virussiekte wat as Wesselsbronsiekte bekend staan en waarvan die siektesimptome baie met dié van Slenkdalkoors ooreenstem. Uitbrake van Slenkdalkoors by diere kom meestal in die reëntye gedurende die laatsomer en herfs voor (Slenkdalkoorsseisoen) en dit is dan gewoonlik die tyd wanneer mense die siekte opdoen.

Diagnose by die dier

'n Veearts moet 'n nadoodse ondersoek doen en monsters neem vir bevestiging van die siekte. Kliniese tekens by diere en die geskiedenis van vrektes sal 'n veearts help om 'n diagnose te maak. Wanneer daar aborsies en vrektes van jong diere voorkom, moet Slenkdalkoors in gedagte gehou word. Producente moet onder geen omstandighede nadoodse ondersoek probeer doen nie.

Voorkoming en beheer

Sekere maatreëls behoort toegepas te word om Slenkdalkoors te voorkom en te beheer. Die volgende stappe is belangrik:

- Dit is nie prakties moontlik om die vektore (muskiete) van die Slenkdalkoorsvirus uit te roei of effektief te beheer nie en daarom is immunisering van beeste, bokke en skape die enigste praktiese en werkbare beheermaatreël. Die periodes tussen Slenkdalkoors-uitbrake is baie lank (jare) en daarom ent die meeste vee-eienaars nie hulle diere nie en is die oorgrote meerderheid vee in Suid-Afrika vatbaar vir Slenkdalkoors. Indien Slenkdalkoors sou voorkom, sal dit baie vinnig van plaas tot plaas versprei.
- Lewende Slenkdalkoorsentstof. Die lewende entstof wat deur Onderstepoort Biologiese Produkte (OBP) gemaak word, kan in alle nedragtige beeste, skape en bokke gebruik word en gee goeie beskerming in alle vee. Die lewende entstof is goedkoper as die dooie entstof en die dier moet volgens voorskrif (raadpleeg jou veearts) ingeënt word. Dit is maklik om die lewende entstof te produseer. Moenie dragtige diere met die lewende entstof inent nie, want 'n klein persentasie aborsies of fetale misvorming kan voorkom. Die RVF Clone 13-entstof van OBP kan vir alle diere, insluitend dragtige diere vanaf ses maande-ouderdom toegedien word. Jong diere kan met veiligheid vanaf twee maande-ouderdom ingeënt word mits hul moeders nie vir Slenkdalkoors ingeënt was nie.
- Dooie (geïnaktiveerde) Slenkdalkoorsentstof. Dragtige diere/vee kan met die dooie entstof ingeënt word. Hierdie entstof is duur en tydrowend om te produseer en het 'n kort rakleef tyd van 'n jaar. Diere moet jaarliks gedurende die lente met die dooie entstof ingeënt word. Jong diere of diere wat nog nie voorheen met die dooie entstof ingeënt is nie, moet drie weke ná die aanvanklike inenting 'n tweede of skraagdosisinenting kry. Diere ontwikkel eers 'n goeie immuniteit twee tot drie maande ná inenting. Dit sal verseker dat hulle nie die siekte opdoen nie en so word mense wat met sulke diere werk of noue kontak het, onregstreeks beskerm. Raadpleeg 'n veearts aangaande immuniseringsprogramme.
- Die dra van beskermende klere wanneer nadoodse ondersoek gedoen word, is van uiterste belang. Ontsmet alle apparaat ná gebruik wanneer 'n nadoodse ondersoek gedoen is. Karkasse moet verbrand of begrawe word.
- Pasteurisering van melk (hittebehandeling van die melk teen 72°C vir 15 sekondes) sal die virus daarin vernietig en so die melk vir menslike gebruik veilig maak.
- Die toepassing van goeie insekbeheer (veral muskietbeheer) kan moontlik bydra tot die voorkoming en bestryding van Slenkdalkoors, maar dit is dikwels duur en onprakties.
- Verskuif diere van laagliggende na hoër liggende gebiede en voorkom dat diere by vleie, damme, langs riviere en panne wei waar muskiete baie aktief is.

Hierdie artikel het in Maart 2013 op die webblad <http://www.grainsa.co.za/die-abc-van-slenkdalkoors> verskyn.

3 + 8 †

ERADIWORM

+ TAPE

Reg No: G4244 (Wet 36/1947)

JOU KEUSE WANNEER HUL BEGIN GRAS VREET

Beheer rondewurms

Bv Haarwurm, Bruinmaagwurm, Knoppieswurm, Bankrotwurm

Beheer lintwurms

Ideaal as 'n eerste dosering vir lammers en kalwers



Beskikbare verpakking



200 ml, 1 L,
5 L, 10 L



10 ml/50 kg



2 ml/10 kg



1 ml/1 kg

VIR MEER INLIGTING:: 0860 833 2787 of 012 817 9060
ERADIWORM + TAPE: Reg. No. G4244 (Wet 36/1947) **Bevat:** Levamisool HCl 37,5 mg
Prazikwantel 18,8 mg/ml **Registrasiehouer:** ECO Animal Health Southern Africa (Edms) Bpk,
Co./Mpy. Reg. No. 1992/000835/07. **Verspreider:** Afrivet Business Management (Edms) Bpk, Mpy Reg
2000/011263/07, Posbus 2009, Faerie Glen, 0043, RSA Tel: +27 12 817 9060, Web: www.afrivet.co.za

† Imidofiasool / Isokwinalien

Laai ons App vandag af vir meer inligting



Wenke vir stresvrye veevervoer



Wanneer vee vervoer word, moet dit met so min as moontlik stres gepaargaan, of hulle nou na die slagpale of na ander plase vervoer word. Glenneis Kriel het met dr. Dirk Verwoerd en Giepie Bester gesels oor die beste praktyk vir wanneer vee vervoer word.

As jou diere stres ervaar wanneer hulle vervoer word, gaan jy waarskynlik sit met onnodige gewigsverlies of selfs kneusings en ander beserings wat tot siekte, afwysing van karkasse of selfs vrektes kan lei.

Stres tydens vervoer het ook 'n negatiewe impak op vleisgehalte, wat op die lange duur jou winste gaan beïnvloed.

Volgens dr. Dirk Verwoerd, 'n veearts by Karan Beef, verloor diere onvermydelik gewig tydens vervoer aangesien hulle nie tydens die rit eet of drink nie. Die hoofdoelwit is egter om te verseker dat hulle nie weens ontwatering gewig verloor nie.

"Dit is moeilik om 'n vaste antwoord te verskaf vir aanvaarbare gewigsverlies tydens vervoer, aangesien jy die tipe dier sowel as sy ouderdom en kondisie aan die begin van die reis in ag moet neem," sê Dirk.

Hoeveel is te veel?

Dit is egter algemeen aanvaarbaar dat ses tot agt maande oue speenkalwers tot 3% van hul liggaamsmassa kan verloor tydens die eerste 100 km en nog 1% vir elke addisionele 100 km.

"Die aanvanklike verlies word hoofsaaklik toegeskryf aan gastro-intestinale inhoud en urine," verduidelik Dirk.

Afhangende van die kondisie van die vee aan die begin van die rit, en hul ouderdom, moet 'n verlies van 8% tot 10% van liggaamsmassa 'n rooi lig laat aangaan. So 'n hoë syfer dui aan dat die gewigsverlies veroorsaak is deur intra-sellulêre dehidrasie.

Omdat hulle herkouers is, het beeste gewoonlik genoeg kos in hul maag om hulle vir twee dae te hou sonder dat hulle

eet, sê Dirk.

Dit is hoekom regulasies anders is vir diere met een maag, soos varke, wat toegang tot vars water móét hê wanneer hulle vir meer as 50 km vervoer word.

Herstelstoppe sal ook help om intra-sellulêre ontwatering te stuit. "By Karan Beef het ons hierdie stoppe wanneer beeste vir meer as 500 km vervoer word," sê Dirk.

In die geval van gespeendes behoort elke herstelstop tipies twee weke te duur, waartydens die diere van water en kos voorsien moet word, en ook ingeënt moet word. Die ruskans gee die rumen kans om by konsentrate aan te pas.

"Ander groot voerkrale volg soortgelyke strategieë. Vee wat oor lang afstande vervoer is, het 'n rusperiode waartydens hulle herstel en aanpas in graskampe of besproeide weiding voordat hulle hul voerkraal-fase betree," voeg Dirk by.

Diere wat oor baie lang afstande vervoer word, soos van Namibië of Botswana na Suid-Afrika, moet anders behandel word.

"Die bedryfskodes spesifiseer dat beeste en skape vir nie meer as 18 uur vervoer mag word nie, waarna hulle 'n rusperiode van minstens twee dae moet hê voordat die rit voortgaan," verduidelik Dirk.

Die probleem is dat hierdie regulasie eers van toepassing word wanneer die diere in Suid-Afrika aankom; dit neem nie die afstand wat vooraf gereis is of die tyd wat by grensposte deurgebring is in ag nie.

Met aankoms by hul finale bestemming moet sulke diere genoeg ruimte gegee word om te rus en toegelaat word om vrylik te eet en te drink.

Giepie Bester, die eienaar van Besfeld Vervoer, sê diere

moet die dag voordat hulle op die trokke gelaai word, in die laaiarea aangekeer word. Voordat hulle gelaai word, moet hulle genoeg kos en veral water kry om ontwatering te voorkom.

“Een van die grootste probleme wat ons ondervind, is gebrekkige of niebestaande laaigeriewe,” sê hy. Dit mag goedkoop wees om laaigeriewe te bou, maar as dit nie reg is nie, kan dit bydra tot die diere se stres, die tyd wat dit neem om die diere te laai verleng, en selfs lei tot beserings aan die diere of werkers.”

Laaigeriewe moet ruim genoeg wees om die vragmotors te akkommodeer en sodanig wees dat dit bydra tot 'n stresvrye vloei van diere tot op die voertuie.

Giepie doen aan die hand dat boere draagbare of mobiele hanteringsgeriewe huur of leen – van die regte hoogte – as hulle nie vangkrale het nie.

So 'n oplossing sal egter waarskynlik net in die somer werk, want vragmotors sal vasval wanneer hulle in die winter die diere van die land af moet laai.

Maak jou somme!

Die gebruikskode vir die hantering en vervoer van vee beveel aan dat 'n dradigheid van 1,4 m² per volwasse koei; 0,3 m² per klein kalfie; 0,4 m² per skaap of bok, 0,3 m² per slagvark, 0,4 m² per spekvark en 0,8 m² per enige ander volwasse vark toegelaat word. Verskillende spesies, geslagte en ouderdomme moet verkieslik ook nie gemeng word nie.

Goed ontwerpte afskortings sal help om die gewig van die diere in die sleepwa eweredig te versprei en sal voorkom dat die asse oorlaai word.

“Ek het 'n probleem gehad by sekere weegbrûe, waar die totale gewig van die diere binne die voorgeskrewe parameters was, maar een as oorlaai was,” sê Giepie. “Hierdie probleem is uitsorteer toe ek afskortings begin gebruik het.”

Boere moet hulle somme doen voordat hulle besluit om hul eie vervoer te hanteer, hetsy vir vee of landbouprodukte.

“Vervoer is 'n gespesialiseerde hoërisiko-veld,” waarsku Giepie.

“As jy jou eie vervoer wil hanteer, moet jy eers die koste bereken van om jou eie voorhaker en sleepwa te hê. 'n Dubbeldekker vee-sleepwa met 'n kapasiteit vir 160 diere, byvoorbeeld, gaan jou sowat R2,5 miljoen kos, waar die voorhaker alleen in die omgewing van R1,6 miljoen kan kos.

“Volgende moet jy ook bepaal hoe gereeld jy hierdie vervoer gaan gebruik en of jy personeel het wat die trok sal kan bestuur. Dit baat nie jy koop 'n duur trok en sleepwa en gebruik dit dan net vir 'n paar weke van die jaar nie. Daarbenewens sal jy ook die transport as 'n aparte 'afdeling' van jou onderneming moet bedryf, anders is daar 'n groot kans dat jy geld gaan verloor.

“Onthou, die trokke moet in stand gehou en gediens word.

“Professionele maatskappye soos ons s'n gebruik tegnologie soos satellietopsporing om ons vragmotors te monitor. Sal jy as 'n boer die tyd of die personeel hê om dit te doen?”

Vervoer van individuele diere

Giepie se raad aan boere wat van tyd tot tyd individuele diere moet vervoer, is om 'n treiler te koop met genoeg plek waarin die diere sal kan draai. Dit moet ook kooigoed hê om te help keer dat diere gly.

“Moenie diere agterop 'n bakkie vervoer nie. Die kans is te groot dat hulle kan gly,” sê hy.

As jy besluit om 'n kontrakteur te gebruik – waarskynlik die veiligste manier om jou diere te vervoer – soek iemand wat goeie werk doen en hou dan by hulle, beklemtoon Dirk.

Die maatskappy moenie alleenlik die spesiale toerusting hê wat nodig is om diere te vervoer nie, maar ook die risiko's verbonde aan veevervoer verstaan en bestuurders aanstel wat respek het vir die diere.

“Jy kan nie sommer enigeen met 'n kode 14-rybewys aanstel nie. Die drywer moet veeboervaardighede hê en bewus wees van hoe sy bestuursvernuf op die pad die diere affekteer,” sê Dirk.

Volgens die gebruikskode vir die hantering en vervoer van vee, moet die drywer die natuurlike gedrag van die diere wat hy vervoer, verstaan, soos hul visuele velde en hul vlugpatrone, sowel as die toepaslike gebruik van flapstokke, borde en elektriese porstokke.

Hy moet die voertuig so hanteer dat diere nie gly, val of seerkry nie, en sy vrag op die bestemde tyd by sy bestemming kry.

Hy moet ook verstaan hoe sy ryspoed die windkiltfaktor beïnvloed en hoe dit droë en nat diere raak. Die gevaar van longontsteking en dood verhoog baie wanneer diere nie genoegsaam in nat toetande beskerm word nie.

“Die DBV kan gesien word as een van die grootste bondgenote van die veebedryf,” sê Giepie.

“Daar is byvoorbeeld 'n regulasie dat trokke met vee binne 20 minute nadat hulle by 'n weegbrug stilgehou het, gehelp moet word, ongeag die bevindinge van die weegbrug. As daar 'n boete is, moet dit binne daardie 20 minute uitgereik word.”

Hulp by grensposte

Stoppe neem egter dikwels heelwat langer as die 20 minute, soos byvoorbeeld wanneer die Suid-Afrikaanse Inkomstediens verrassingstoetse by die Namibiese grens doen.

Volgens Giepie is daar gevalle waar hulle toetse daartoe gelei het dat vragmotors vir meer as agt uur wag om nagegaan te word, met katastrofiese gevolge vir die diere wat vervoer word.

Giepie het gevind die beste manier om sulke gebeurlikhede te hanteer, is om die hulp van die DBV in te roep. “As jy die DBV aan jou kant het, is daar baie druk op die regeringsamptenare om hulle inspeksie vinnig te voltooi.”

Die DBV kan ook 'n nuttige rol speel wanneer dit kom by die ontwikkeling van nuwe regulasies vir die vervoer van vee.

“Daar is 'n nuwe regulasie dat diere tydens werksure, dit wil sê tussen 08:00 en 17:00, by die voerkraal afgelaai moet word. Dit gebeur egter soms dat 'n drywer laat is, en ons moet 'n weg vind om te voorkom dat die diere onnodige tyd in die trokke moet deurbring,” sê Giepie.

Besoek die webblad lwcc.org.za om die gebruikskode vir die hantering en vervoer van vee te lees.

Vetmesting van skape in die voerkraal – deeglike beplanning verhoog winsgewendheid

deur dr. Heinri Spangenberg en Jaco van Wyk

Inleiding

Boere staan dikwels voor die keuse om kalwers of lammers op die plaas, in 'n voerkraal, op veld of aangeplante weiding af te rond vir die mark eerder as speenkalwers of -lammers te verkoop. Met goeie marktoestande kan goeie winste behaal word met die opsie vir 'n permanente voerkraal as boerderyvertakking. Die winsgewendheid van 'n voerkraal is egter soos meeste boerderyvertakking siklies en word onder andere deur voer- en prysmarges bepaal. Vir 'n betreklik lang periode is die mielieprys wat voermarge beïnvloed positief, maar dit is nie noodwendig die geval met prysmarges nie omdat stoorlam- en speenkalfpryse hoog is.

Baie kalwers en lammers word jaarliks op plase afgerond omdat dit die boer in staat stel om self waarde tot sy mielies en/of speenkalf en lammers toe te voeg. Myns insiens gaan die afronding van kalwers en lammers toeneem in belangrikheid as vertakking van boerderyondernemings, veral in die tradisionele mielieproduserende gebiede. Dit is dus noodsaaklik om voer- en prysmarges en alle addisionele faktore wat op die winsgewendheid van 'n voerkraalonderneming sou impakteer, deeglik te bereken. In enige besigheid is dit belangrik om die diens van spesialiste te gebruik om 'n winsgewende sukses te maak. Dit is hoogs aan te beveel dat huidige en voornemende voerkraaleienaars spesialis-voerkraalkundiges en nuwe tegnologieë sal inspan om maksimale wins te genereer.

Marges

Verskeie faktore bepaal die winsgewendheid van afronding. Die belangrikste faktore, naamlik aankoopprys, verkoopprys en mielieprys, word hier vir 'n skaap- en beesvoerkraal aan die hand van sekere aannames geïllustreer. Vir die skaapvoerkraal is volledige afrondpille teen verskillende pryse gebruik en vir die beesvoerkraal 'n selfgemengde TGR met mielies teen verskillende pryse. **Hierdie aannames geld nie noodwendig in alle omstandighede nie en daarom is u welkom om Nupro Veevoere te skakel vir kundige advies.**

Aannames vir skaapvoerkraal

◆ Beginmassa	28 kg
◆ Eindmassa	47 kg
◆ Staandae	50 dae
◆ Droëmateriaalinname	1,35 kg per dag
◆ VOV	3,98
◆ Uitslagpersentasie	48 %
◆ Mortaliteit	1,0 %
◆ GDT	0,375 kg per dag
◆ Kostes	R102,00 per lam vir die periode
◆ Rente	10%
◆ Afval en huid	(Gebruik as slagkoste)

Invloed van vleis- en voerprys op marges in skaapvoerkraal

Afrondpille = R3 900 per ton

Aankoopprys (per kg op hoof)

VLEISPRYS	R36	R 38	R40	R42
R68,00	R108,27	R50,39	-R6,40	-R63,74
R70,00	R153,15	R95,81	R38,48	-R18,86
R72,00	R198,03	R140,69	R83,36	R26,02
R74,00	R242,91	R185,57	R128,24	R70,90

nu-pro
FEEDS/VOERE

www.nupro.co.za



Wenner:
Gert Lotter



Nu-Pro Lammers wen Slaglamkompetisie by die Royal Skou!

Goeie genetika tesame met Nu-Pro Voer is 'n wen resep vir enige voerkraal.



Afrondpille = R4 000 per ton

Aankoopprys (per kg op hoof)

VLEISPRYS	R36	R 38	R40	R42
R68,00	R100,74	R43,41	-R13,93	-R71,26
R70,00	R145,62	R88,29	R30,95	-R26,38
R72,00	R190,50	R133,17	R75,83	R18,50
R74,00	R235,38	R178,05	R120,71	R63,38

Afrondpille = R4 200 per ton

Aankoopprys (per kg op hoof)

VLEISPRYS	R36	R 38	R40	R42
R68,00	R85,69	R28,35	-R28,98	-R86,32
R70,00	R130,57	R73,23	R15,90	-R41,44
R72,00	R175,45	R118,11	R60,78	R3,44
R74,00	R220,33	R162,99	R105,66	R48,32

Uit hierdie gegewens is dit duidelik dat aankoopprys en verkoopprys die grootste effek op marges het. Die effek van prysveranderinge van die afrondpil is weliswaar klein vergeleke met skommeling in lam- en vleispryse. Vir die genoemde aannames en R4 000,00 per ton pille is die gelykbreekvleisprys R71,18 vir aankoopprys van R42,00 OF met 'n vleisprys van R68,00 is die gelykbreekaankoopprys R39,45. Met 'n aankoopprys van R42,00 en vleisprys van R68,00 moet 'n GDT van 425 g en VOV van 3,64 bereik word om die verlies van R71,26 per kop op te hef. 'n Verbetering in GDT van 50 g of VOV van 0,35 punte verbeter dus die marge met R71,50. Indien uitslagpersentasie met 2% verbeter, sou die verlies van R71,26 beperk kon word tot R7,68.

In die geval van 'n spesifieke voerkraal in die Wes-Kaap is lammers aangekoop teen R36,00 en verkoop teen R70,00 met 'n gemoduleerde wins van R145,62 (middelste tabel). 'n Verbetering in GDT (435 g) en VOV (3,57) het wins opgestoot na R234,28. Hierdie is die resultaat van uitstekende bestuursvernuf en deskundige advies.

Hierdie is die tipe berekening waarvan boere, wat beplan om lammers af te rond, hulle

deeglik moet vergewis. Prysmarge, voermarge, voeromsetdoeltreffendheid, standae en mortaliteite is kritieke faktore vir voerkraalwingsgewendheid.

- Begin met 'n lam van goeie gehalte wat dus die vermoë het om voer effektief om te skakel in vleis.
- Gebruik kundige advies vir die formulering van die TGR met 'n topgehalte-voerkraal HPK.
- Voldoende koel, skoon drinkwater is van kardinale belang en meer so tydens hittestresperiodes.
- Ligging van die voerkraal ten opsigte van die mark het uiteraard 'n impak op wingsgewendheid.
- Gehalte van die fasiliteite kan 'n wesenslike impak op diereprestasie hê. Goed ontwerpte voerkrale is altyd eerste prys, maar sukses kan ook behaal word met eenvoudige stelsels soos kleiner kampe met voerbakke en voldoende water.
- Mortaliteite moet tot die minimum beperk word deur diere van goeie gehalte reg te prosesseer vir die voerkraal met die nodige entings, doserings, implantate en behandelings.

Vir verdere navrae of meer inligting kontak Nu-Pro Voere se tegniese span by 058 303 9587 of besoek ons webtuiste by www.nupro.co.za.





Kan skaapkraalmis op lande gebruik word?

Op die webblad www.landbou.com vra 'n skrywer of hy maar die klomp skaapkraalmis wat hy nou al bymekaar gemaak het van elke keer se skoonmaak op sy landerye kan gooi. Die agronoom Rupert Vermaas van Nulandis antwoord as volg daarop:

Inleiding

Ongelukkig is die antwoord nie so eenvoudig nie en daar is baie veranderlikes wat hier 'n rol speel, soos byvoorbeeld: word jou skape gevoer en staan hulle permanent op kraal, of wei hulle in die veld en slaap dan net in die kraal? Wat hulle vreet, bepaal grootliks die samestelling van die mis, en die samestelling of ontleding van die mis gaan jou grond se chemiese status bevoordeel of benadeel afhangende van hoe jou grond se chemiese ontleding lyk.

Kompostering van organiese misstowwe

Dit is egter kritiek om eers die mis te laat komposteer om die negatiewe effek van 'n wye koolstof-tot-stikstofverhouding (C:N-verhouding) te verminder en ook om moontlike skadelike patogene en onkruid sade wat teenwoordig mag wees, te elimineer. Die C:N-verhouding moet veral in die geval van onvolledige kompostering nie te wyd wees nie, wat die gevaar van 'n nadelige negatiewe stikstofperiode verhoog. 'n Ideale C:N-verhouding is $\pm 15:1$. Indien die C:N-verhouding nie na wense is nie, kan dit aan die stikstofkant verryk word met anorganiese stikstof om hoofsaaklik die stikstof te verhoog in die C:N-verhouding en die negatiewe stikstofperiode te elimineer.

Onkruid sade wat in skaapmis kan voorkom

'n Eenvoudige en praktiese punt is dat skape baie onkruidbossies eet indien hulle in die veld of op ou lande wei. Indien dit die geval is, gaan baie onkruid sade in die mis voorkom en sodoende in jou lusernlande versprei word as jy die mis uitstrooi. Indien skape permanent op kraal staan en gevoer word, is dit egter nie die geval nie en sal daar nie onkruid sade in die mis voorkom nie.

Ontleding van skaapmis

Wanneer dit kom by kraalmis (skaap- of beesmis) is daar egter 'n paar belangrike punte wat in ag geneem moet word oor die samestelling en ontleding van die mis. Indien elemente soos natrium en/of aluminium hoog ontleed in die mis, kan dit 'n nadelige invloed hê op die grond en op die plante. Skaapmis bevat egter gewoonlik heelwat minder natriums en aluminiums as beesmis.

As jy brakwater gebruik, beteken dit dat daar alreeds heelwat soute (natrium) in jou water is. Die natriumvlakke in jou grond moet bestuur word aangesien die natriums dan in die grond opbou wat van die besproeiingswater afkomstig is. Ons wil ons natriumvlakke onder 2% probeer hou wanneer ons kyk na ons basis-katienverhoudings. Indien die natriumverhouding teenoor die ander basis-katien bo 2% is in die grond, onderdruk dit ander elemente in die grond en veral kalium*. Wanneer dit kom by 'n gewas soos lusern wat 'n swaar kaliumvoeder is, wil ons nie ons kalium onderdruk deur ander nadelige elemente nie.

*Na (natrium) vs. K (kalium) in die grond

'n Plantwortel kan nie onderskei tussen 'n Na⁺ (natrium-) en K⁺ (kalium-) molekule nie omdat albei een positiewe lading het. Die plant neem dan Na⁺ op wat nadelig is vir die plant in plaas van K⁺ wat 'n baie groot invloed het op 'n plant se vogregulasie. Dit is dus baie belangrik om ontslae te raak van die Na (sout) in die grond sodat die plant die K⁺ effektief kan opneem. Daar is produkte wat aangewend kan word om te help om natriums uit die grond uit te loog.

Indien natriumvlakke in die grond hoog is, is dit belangrik om die regte kalium-bemestingsbron te gebruik om die kaliumbehoefte van die gewas aan te spreek. KCl (kaliumchloried)** is die algemeenste en goedkoopste kaliumkunsbron, maar is nie noodwendig altyd die mees geskikte bron indien die natriumvlakke in die grond nie na wense is nie. 'n Kaliumkunsbron soos K₂SO₄ (kaliumsulfaat) sal meer gepas wees in so 'n geval. Al nadeel is dat dit 'n baie duurder bron van kalium is.

****Hoe Na kaliumbemesting ten opsigte van KCl kan beïnvloed**

Dis ook belangrik waar daar 'n KCl- (kalium-chloried) kunsbron gebruik word dat Na nie in oormaat teenwoordig moet wees in die grond nie. Indien daar 'n oormaat of 'n ongunstige hoeveelheid Na in die grond is en 'n KCl-kunsbron word toegedien, bind die Na met die Cl (chlor) wat dan NaCl (natriumchloried) vorm wat gewone tafelsout is. Gevolglik is hierdie sout baie nadelig vir grondstruktuur asook plantvoeding. Gronde sal dan tipies toeslaan en waterinfiltrasie verswak asook gaswisseling tussen die grond en die atmosfeer verlaag. Die plant se vogregulasie sal verswak en die sout sal die vog in die plantselle nadelig beïnvloed.

In mis kom daar soms swaar metale voor en onder andere aluminium (Al). Aluminium is baie nadelig vir 'n plant en beskadig die plantwortels omdat dit toksies is vir die plantwortels. Indien die plantwortels beskadig word, kan daar nie die gewenste opname van voedingsstowwe verkry word nie en dan ontstaan daar gewoonlik voedingstekorte in die plant. Dis egter nie tekorte van dié voedingselemente in die grond nie, maar eerder 'n geval van die plant wat dan nie genoegsame voedingselemente kan opneem nie as gevolg van 'n beskadigde wortelstelsel.

Meeste boere strooi mis om die voordeel te kry uit die fosfaat (P) en kalium (K) wat in die mis voorkom. Die hoeveelheid fosfaat en kalium in organiese mistowwe is gewoonlik laag en kan varieer vanaf 0,5% – 4% (afhange van die tipe mis). Om die regte hoeveelheid P en K te bepaal in die mis, sal dit raadsaam wees om 'n ontleding te doen van die mis en sodoende presies vas te stel hoeveel van elke element werklik in die mis voorkom en dan 'n dienooreenkomstige en korrekte aanbeveling te maak volgens grond- en plantbehoefte. Dis soms egter nie die moeite werd om mistowwe uit te strooi vir die klein hoeveelheid voedingselemente wat in die mis voorkom nie, want soms kan daar meer nadelige effekte wees op die grond (soos in bogenoemde punte uiteengesit) as die voordelige effekte waarna eintlik gestreef word.

Gevolgtrekking

Dit sal die beste wees om 'n ontleding te vat van die mis asook die grond waarop jy die mis wil uitstrooi om presies te kan bepaal hoeveel van die verskillende elemente in die mis en in die grond voorkom. Wanneer 'n mens die ontledingsresultate het, kan 'n baie akkurate en dienooreenkomstige aanbeveling gemaak word om die regte hoeveelhede toe te dien en ook om te kan bepaal of dit nie 'n nadelige invloed op jou grond sal hê nie.

Dit sal ook raadsaam wees om 'n ontleding van die water te neem wat gebruik word vir die besproeiing om die gehalte van die water te bepaal en sodoende dan in die toekoms die regte bemestingsbronne op die lande te gebruik en om te verseker dat die grond nie nadelig beïnvloed sal word deur verkeerde bemestingsbronne te gebruik nie.



SWAVET VET

(EDMS) BPK. (PTY) LTD.

DIPS & DRENCHERS

SWAVET Rox Trami Cide

A remedy against rondworms and liver fluke in sheep, goats and cattle; and Nasal Bot in sheep and goats.



SWAVET Ami-Tik

Controls ticks, kills lice and mange mites on cattle.



SWAVET Tracypor

Controls ticks, stable- and face flies and lice on cattle.



SWAVET Cyper-Dip 20

Controls ticks, kills lice and aids in the control of nuisance flies and biting flies on cattle. Also controls ticks on horses.



SWAVET Tape-Guard

Liquid tapeworm remedy against intestinal and hepatic tapeworms in sheep, and tapeworms in cattle and ostriches.





Die Voermol 3-fase beesleekprogram vir die sentrale en westelike gemengde - en soetveldgebiede

VOERMOL

WWW.VOERMOL.CO.ZA

FASE	FASE 1. SOMER	FASE 2. WINTER	FASE 3. LAAT WINTER EN VROEË LENTE
Weiding	Groen veld.	Doodgerypte, droë gras en oesreste.	Droog, min gras en oesreste.
Voedingstekorte	Fosfor en spoorminerale.	Proteïen.	Proteïen en energie.
Tipe lek	Minerale - en spoormineraallek.	Onderhoudslek.	Produksielek.
Tydperk	± 6 maande: Desember tot Mei.	± 4 maande: Junie tot September.	± 2 maande: Oktober tot November.
Koeie met somer kalwers	<p>Opsies – Kies een van:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Voermol Superfos (V17422); 2. Meng 1 sak Voermol Rumevite 12P (V11994), 1 sak Voermol Super 18 (V355) en 1 sak sout; 3. Voermol Fosfaatblok (V10264). 	<p>Opsies – Kies een van:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Voermol Super 18 (V355); 2. Voermol Premix 450 (V4676); 3. Voermol Hoëveldlek (V16150); 4. Voermol Rumevite Beesblok (V10932); 5. Meng graan en/of sout met Voermol Dundee Lekkonsentraat (V10737). 	<p>Opsies – Kies een van:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Voermol Produksielek (V10108). 2. Meng graan en/of sout met: Voermol Premix 450 (V4676); Voermol Hoëveldlek (V16150); Voermol Dundee Lekkonsentraat (V10737). <i>(Sien Voermol produkhandleiding).</i>
Verse, eerstekalkkoeie en koeie in swak kondisie	Voermol Supermol (V7267), 21 dae voor dekseisoen en die eerste 42 dae van dekseisoen.	<p>Opsies – Kies een van:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Voermol Ekonolek (V11147); 2. Voermol Proteïenblok (V10448); 3. Voermol Landelek (V15414) op oesreste. 	Soos bo.
Uitgroei van speenkalwers	Voermol Supermol (V7267) op groen veld en Voermol Molovite (V7266) op bemeste aangeplante weiding.	Soos bo.	Soos bo.

Vir navrae kontak u Voermol agent.

(Wet 36/1947). Registrasiehouer: Voermol Voere (Edms) Bpk., Posbus 13, Mairdstone, 4380.

Terwyl Voermol alles in sy vermoë gedoen het om die juistheid te verseker van hierdie inligting, is ons nie aanspreeklik vir enige route wat moontlik onopsetlik ingesluit is nie.



SOMERTYD IS FOSFORTYD

• 032 439 5599 • www.voermol.co.za • info@voermol.co.za

VOERMOL SUPERMOL

Jou voerkraal
in die veld

- Met Supermol is 'n daaglikse toename van tot 1.2 kg per dier per dag op groen-weiding moontlik
- Geen vermenging van graan is nodig nie
- Geen oorhoofse voerkraal-koste nie
- Verseker dat vervangingsverse goed uitgroei en teikenmassas bereik
- Uitstekende prikkellek vir verse en koeie
- Eenvoudig, prakties en winsgewend



VOERMOL

Wat die natuur kort -
sal Voermol voorsien

50

Meer as 50 Jaar van Uitstaande Produkte & Diens

www.voermol.co.za

Voermol Supermol
Reg. Nr. V7267 (Wet 36/1947)
Registrasiehouer: Voermol Voere (Edms) Bpk.
Posbus 13, Maidstone 4380.

Dis nou tyd om te besin oor somerlekaanvulling of lekaanvulling vir skape en beeste op groenweiding. Groenweiding is hoog in proteïene, hoogs verteerbaar en diere op sulke weidings neem toe in massa. Die belangrikste beperking van groenweiding in Suid-Afrika is egter Fosfor (P) en sal beeste met 'n minerale aanvulling (P6-lek) sowat 130 g/dag vinniger groei as wanneer hulle geen lek sou ontvang nie. Fosfor (P) is dus beperkend om optimale gewigstoename te verkry.

Indien die GDT van weidende diere verder verhoog moet word, vorm energie die tweede beperkende voedingstof en sal energie dus saam met P aangevul moet word om 'n verdere respons in gewigstoename te verkry. Energieaanvulling is relatief duur en om die rede bevat 'n energie-aanvulling 'n ionofoor soos byvoorbeeld Salinomycin-Na. Die ionofoor bevorder energiebenutting en bespaar dit dus voer om hierdie aanvullingskoste doeltreffend te maak vir beide beeste en skape.

PRODUKTE BESKIKBAAR

Die volgende produkte uit die Voermol-stal kan oorweeg word.

MINERAALAANVULLINGS

Voermol Superfos V17422	Hierdie is 'n smaaklike klaar-gemengde minerale lek. Aanbevole inname 120 g – 240 g/bees/dag en 20 g – 40 g/skaap/dag.
Voermol Rumevite 6P V11995	Klaar-gemengde minerale lek. Aanbevole inname 100 g – 200 g/bees/dag en 17 g – 34 g/skaap/dag.
Voermol Rumevite 12P V11994	Minerale lekkonsentraat. Meng met gelyke dele sout om 'n P6-lek te gee. Aanbevole inname 100 g – 200 g/bees/dag en 17 g – 34 g/skaap/dag.
Voermol Fosfaatblok V10264	Fosfaatblok is gereed om te voer. Verwagte inname 100 g – 200 g/bees/dag en 17 g – 34 g/skaap/dag.
Selfmeng minerale lek	Meng 50 kg Rumevite 12P met 50 kg sout en met 50 kg Voermol Super 18 . Hierdie mengsel is 'n smaaklike lek wat goeie resultate gee veral waar lekinname op P6-lekke laag is. Aanbevole inname 120 g – 240 g/bees/dag.

ENERGIE- EN MINERAALAANVULLINGS

Groei kan verder verhoog word deur die gebruik van 'n energie-aanvulling. Die volgende produkte kan hier oorweeg word. Dit is egter belangrik dat die produkte slegs oorweeg word as aanvulling tot voldoende goeie kwaliteit groenweiding.

Voermol Supermol V7267	Energie- en mineraalaanvulling met 20% proteïene vir diere op groenweiding. Geen vermenging is nodig nie. Aanbevole inname 1 000 g – 1 200 g/bees/dag en 180 g – 200 g/skaap/dag.
Voermol Energieblok V11456	Blok, gebruik as energie- en mineraalaanvulling vir dragtige of lakterende ooe, koeie wat kalf of groeiende lammers, kalwers of verse op groenweiding. Aanbevole inname 1 400 g – 2 000 g/bees/dag en 250 g – 300 g/lam/dag.
Voermol Molovite V7266	Energie- en mineraalaanvulling vir diere op topkwaliteit groenweiding. Geen vermenging is nodig nie. Aanbevole inname 1 000 g – 1 200 g/bees/dag en 180 g – 200 g/skaap/dag.

Vir volledige meng- en voerinstruksies raadpleeg u naaste Voermol-agent, sien www.voermol.co.za of stuur 'n e-pos aan info@voermol.co.za

Riglyne vir kalf grootmaak

Hierdie artikel is gemik op rumenontwikkeling gedurende die eerste drie maande van 'n kalf se lewe.

Genetika, bestuur, behuising, gesondheid en kondisie speel 'n groot rol by kalf grootmaak. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat goeie rumenontwikkeling die jong kalf in staat stel om goeie voeromset te handhaaf, wat belangrik is vir toekomstige produksie.

Doelwitte en ontwikkeling

Optimale rumenontwikkeling is die spil waarom alles draai. Die voedingstelsel asook goeie kwaliteit voer is baie belangrik in die eerste drie maande van die kalf se groeityperk. Dit bepaal die kondisie en gewig tot en met speen. 'n Gemiddelde gewigstoename vir gesonde fieskalwers vanaf geboorte tot speentyd is 820 g – 1 kg per dag.

Korrekte voeding is van kardinale belang om die rumen van jong diere te ontwikkel. Aanhouding en groepering in kalfhokke speel 'n groot rol ten opsigte van algemene gesondheid.

- Goeie ventilasie is belangrik.
- Ventilasie moet aanpasbaar wees na gelang van weersomstandighede.
- Probeer om nie meer as tien tot 15 kalwers in een hok te sit nie. Dit verminder stres en vergemaklik individuele waarneming.
- Beddegoed soos saagsels, skaafsels of hooi moet gereeld vervang word.
- Maak seker dat vloere 'n val het vir goeie dreinerings.
- Moenie hoë drukspuite gebruik vir skoonmaak van hokke nie. Bakterieë en virusse in mis word teen kalwers vasgespuit, wat siektetoestande kan vererger.
- Sorg dat 'n hok beskikbaar is vir siek kalwers – ver genoeg van ander hokke.
- Kalwerhokke wat in die son staan, moet voldoende skaduwee hê. Proewe toon 20% beter groei vir kalwers met skaduwee teenoor kalwers daarsonder.

Tydperk ná kalwing

Naelstringbehandeling met 'n jodiumoplossing binne die eerste drie dae is belangrik om infeksie te voorkom.

Kolostrum speel 'n belangrike rol in die opbou van die kalf se passiewe immuniteit, veral die eerste kolostrum wat ryk is in immunoglobulien. Dit is belangrik dat 'n kalf sowat twee liter kolostrum inkry binne twee uur ná geboorte. Kolostrum vergelyk as volg met gewone melk: dit het twee keer meer vet as melk, vier keer meer proteïene, asook 60 keer meer immunoglobulien.

Voeding aan die kalf ná kolostrumvoeding is 'n keuse tussen vars melk of 'n melkvervanger. Vars melk word geproduseer om verkoop te word. 'n Melkvervanger is die enigste keuse vir verdere grootmaak, aangesien goed geformuleerde melkvervanger ongeveer R1,50/liter goedkoper is as die produsentepryse van vars melk.

Indien melkvervanger gebruik word, let op na die volgende:

- **Produkgehalte**
- **Verteerbaarheid van voedingstowwe**
- **Smaaklikheid**
- **Hoë vlakke van vitamien, minerale en spoorminerale**
- **Moet buffer bevat om asidose te voorkom.**
- **Moet 'n koksidiostaat bevat.**
- **Beskikbaarheid van produk**
- **Tegniese bystand**
- **Dienslewering**

'n Melkvervanger moet altyd in die korrekte konsentrasie vermeng word, byvoorbeeld 125 g melkvervanger gemeng tot een liter oplossing, verskaf 12,5% vaste stowwe. Indien 125 g melkvervanger met een liter water gemeng word, is die vastestof-inhoud 11,1% in die oplossing. Dit is duidelik uit bogenoemde dat kalfvoeding van 4 tot 8 liter per dag 'n groot verskil in die groeipotensiaal van 'n kalf sal maak.

Voedingsbehoefte

Wanneer 'n melkvervanger gebruik word, gebruik warm water teen 'n temperatuur van 55°C vir vermenging. Meng vir een tot twee minute. Die drinktemperatuur moet 38°C tot 42°C wees om die slukdermgroef-refleks te stimuleer en te verhoed dat melk in die rumen beland maar wel in die melkpens. Drinkhoogte is baie belangrik.

Vloeistofinname

Voldoende skoon drinkwater is belangrik vir kalwers. 'n Kalf van 40 kg benodig ongeveer 4 liter water per dag.

Speentyd

Die beste riglyn vir die speen van 'n kalf is 'n kragvoerinnam van 1 tot 1,2 kg per kalf per dag, vir drie dae na mekaar. Op hierdie ouderdom is die rumen van die kalf ongeveer 60% ontwikkel. Ná speen is dit steeds belangrik om kalwers vir minstens drie maande op 'n gebalanseerde groeirantsoen te hou en nie net weiding nie. Die kalf het vetsure nodig vanaf die groeirantsoen vir verdere rumenontwikkeling.

Vir enige verdere inligting kontak Bernard du Plessis by 082 375 4251 of bernarddup@lantic.net

Ladismith Powder



Die geeluintjie (*Cyperus esculentus* L.) is 'n aggresiewe, meerjarige plant en 'n probleem in die meeste gewasse.



Die beheer van geeluintjies in gewasse – 'n geïntegreerde benadering

deur Alwyn Vorster

Uintjies kom in alle gronde voor. Al kom die onkruid wydverspreid voor, kan dit beheer word deur 'n geïntegreerde program te volg deur onder andere gewaskeuse, bewerkings, bemestings en chemiese beheer.

Uintjies maak deel uit van die monokotiel-familie en word verkeerdelik gesien as 'n grasspesie as gevolg van hulle dun grasvormige blare. Uintjies kan maklik uitgeken word aan sy driehoekige soliede stam sonder enige nodes. Die blomme en risome is uniek, want uintjies kry sy oorsprong uit 'n bolletjie wat net onder die grondoppervlak lê. Uintjies het 'n uitgebreide netwerk van wortels en bolletjies waar energie gestoor word vir oorlewing. Dit stel die uintjieplant in staat om te oorwinter en die volgende lente nuwe lote te maak. Roesbruin bolletjies vorm op die punte van die risome en is verspreid in die boonste 15 cm van die grond.

Geeluintjies plant hoofsaaklik voort deur die bolletjies. Een plant kan honderde bolletjies vorm in een seisoen. Die bolletjies breek uit rus in die winter en ontkiem in die lente. Uintjies kan miljoene sade per hektaar produseer. Gelukkig is die saad se groeikragtigheid laag en wissel tussen 5% tot 40%. Die saailinge se oorlewing hang af van gunstige omgewingstoestande.

Saailinge vanaf saad sterf gewoonlik af, as gevolg van klein sade en swak groeikragtigheid.

Uintjies is 'n groot probleem op meeste gronde maar gelukkig kan mielies en sojas uintjies uitkompeteer en oorskadu deur die regte bestuur toe te pas. Daar

moet egter verskillende beheermeganismes toegepas word om uintjies effektief te beheer

Voorkoming

Voorkom die verspreiding van uintjies van een stuk grond na 'n ander deur te sorg dat implemente skoongemaak word voordat daar van 'n besmette land na 'n skoon land oorgeskakel word. Onthou dat mis ook 'n bron van bemesting kan wees as diere op besmette lande gevoed het.

Kolle uintjies kan ook uitgespuit word met chemiese middels. Bewerking in swaar besmette areas moet ook vermy word om te voorkom dat die plantmateriaal versprei word na die onbesmette dele in die land.

Beheer deur goeie boerderypraktyke:

Uintjies kan beheer word deur gewaskompetisie. Goeie boerderypraktyke sal gesonde, sterkgroeiende gewasse tot gevolg hê wat uintjies kan uitkompeteer. Die volgende boerderypraktyke moet gevolg word:

- Kalk- en kunsmisaanbevelings moet gevolg word.
- Plant hoë-opbrengskultivars wat aangepas is by die grond, klimaat en veldtoestande.
- Probeer om vroeër te plant (as vog en grondtemperatuur dit toelaat), gebruik nouer rye en hoë plantdigtheid indien moontlik.
- Monitor die onkruiddruk en beheer indien nodig.
- Maak gebruik van wisselbou wat die beheer van uintjies vergemaklik.

Meganiese beheer:

Meganiese beheer sluit ploeg in waar die uintjies diep begrawe word of 'n skoffel-aksie waar die uintjies bo-op die oppervlak neergesit word waar die son die plante dan kan uitdroog en dood. Die regte tyd vir meganiese aksies moet gekies word en kan in kombinasie met chemiese beheer toegepas word.

Chemiese beheer:

Onkruidodders speel 'n kardinale rol in die beheer van uintjies, maar in kombinasie met gewaskeuse, meganiese metodes en voorkomende metodes.

Indien onkruidodders verkeerd gebruik word, kan dit die voorkoms van uintjies verhoog. 'n Voorbeeld is waar breëblare en grasse op die verkeerde stadium doodgespuit word, want dit verlaag die kompetisie en dan kan die uintjies ongestoord groei en die uintjiepopulasie verhoog.

Basiese onkruidodderbeginsels geld ook vir uintjiebeheer

- Tydige onkruidbeheer: Onkruidodders word op die blare (ná opkoms van onkruid) of op die grond toegedien en die doeltreffendste resultate word verkry indien die toestande vir onkruidodder-absorpsie en -vervoer optimaal is.

Moet nooit onkruidodder toedien indien die gewas of onkruid in enige stremmingstoestand (ekstremes temperatuur, droogte of versuip-toestande) verkeer nie.

- Effektiewe onkruidbeheer in voorafgaande gewasse: Dit is noodsaaklik om onkruidsaadproduksie in die voorafgaande gewasse te voorkom. Verlaagde onkruiddruk in voorafgaande gewasse, met gevolglike min onkruidsaad in die grond-saadbank, verhoog suksesvolle onkruidbeheer.
- Effektiewe onkruidodertoediening is noodsaaklik. Gebruik goed toegeruste spuittoerusting vir suksesvolle onkruidbeheer. Maak seker u gebruik die regte tipe spuitpunte, spuitvolumes ensovoorts.
- Lees onkruidodder-etiket deeglik en volg voorskrifte stiptelik.

Bemestingtoediening moet aangepas word

Bandplasing van bemesting bring mee dat plantvoeding maklik deur die gewas opgeneem kan word en bevoordeel dus die gewas tydens onkruid-gewas-kompetisie. Die breedwerpige plasing van kunsmis kan uintjies bevoordeel.

- Wisselbou. Wisselbou help om uintjies te beheer. Sonneblom is byvoorbeeld uitstekend vir die beheer van uintjies.
- Gebruik skoon, gesertifiseerde saad met hoë groeikragtigheid wat goed aangepas is in die omgewing. Groeikragtige gewassaad het die voordeel dat dit vinniger groei en die uintjies kan uitkompeteer.

- Voor-plant-oppervlaktodiening van onkruidodder: Tot en met 14 dae voor plant kan uintjies van verskillende groottes teenwoordig wees in die saadbed. Vir die beheer van hierdie uintjies moet onkruidodders met 'n blaarwerking toegedien word om vroegsomer- en laatwinter-onkruid te verwyder.

Onkruidodertoediening tydens plant

Grondtoegedienende (voor-opkoms) onkruidodders of blaartoegedienende onkruidodders of nie-selektiewe onkruidodders kan toegedien word gedurende plant of net ná plant, maar voor die opkoms van die gewas. Grondtoegedienende onkruidodders met 'n lang residuele werking kan die opkoms van nuwe onkruidsaailinge teenwerk.

Na-opkoms-toediening van onkruidodder

Ná die opkoms van die gewas het die produsent steeds verskeie keuses ten opsigte van onkruidodertoediening. 'n Verskeidenheid selektiewe doders, beide blaartoegedienende en grondtoegedienende doders is beskikbaar om onkruid ná opkoms van die gewas te beheer.

Om optimale onkruidbeheer en minimumgewasskade te verseker, moet alle onkruidodders toegedien word volgens die voorgeskryde dosisse en tydens die regte ontwikkelings stadium van beide onkruid en gewas.

Mielies:

Voor-opkomsmiddels:

- Metolachlor, acetochlor, alachlor, (Chloracetamide-groep)

EPTC (Thiocarbamate) (Reg.nr 8203 Wet 36 van 1947)

Na-opkomsmiddels:

- Atrazine (Reg.no. L6431, Wet 36 van 1947))
- Basagran (Reg.nr. L2916, Wet 36 van 1947)
- Servian (halosulfuran) (Reg.nr L5627 Wet 36 van 1947)

Soja:

- Basagran (bendioxide) (Reg.nr. L2916, Wet 36 van 1947)
- Classic (chlorimuron) (Reg.nr L4164 Wet 36 van 1947)

Nie-selektief

- Roundup (glifosaat) (Reg.nr L6790 Wet 36 van 1947)

Bemesting om suurgronde op te hef

Uintjies, wat voorheen beheer is deur meganiese bewerking, benodig spesiale behandeling in geenbewerkingstelsels. Die voortdurende gebruik van onkruidodders met dieselfde aktiewe bestanddele bring onkruidweerstandbiedendheid teen onkruidodders teweeg. Dit beklemtoon weereens die

belang van wisselbou. Weens grondsuurheid groei uintjies meestal beter as die gewasse wat verbou word. Boere moet gereeld kalk toedien op die suurgrond. Koring groei egter dikwels in die eerste jaar ná die toediening daarvan baie swak, hoofsaaklik omdat vryelik beskikbare kalk plante se opname van sink benadeel. Om hoë vlakke stikstof in die grond te kry, word ureum gewoonlik as misstof gebruik, veral by mielies. Die probleem is dat hoë ureumtoedienings baie waterstof tydens nitrifisering vrystel. Die waterstof laat kalsium uit die grond loog, wat veroorsaak dat die grond vinnig versuur. 'n Gebrek aan kalsium is die belangrikste rede waarom plante in suurgrond deur aluminium vergiftig word. Uintjies het die vermoë om in hierdie relatief swak toestande nog steeds welig te groei.

Gips is 'n goeie kalsiumbron vir kleigrond of grond met 'n hoë pH-waarde, maar nie vir sandgrond nie. Gips sal sandgrond erg laat versuur, soos by aartappelverbouing. Sandgrond sukkel om kalsium uit kalsifiese of dolomitiese kalk aan plante beskikbaar te maak en te veel kalk word maklik toegedien. Die kalsiumgedeelte van kalk moet aan klei- of organiese deeltjies bind voordat uitruilbare kalsium vir plante beskikbaar sal wees.

Die grond se pH styg as kalk toegedien word, maar dit beteken nie plante kan nou voldoende kalsium opneem nie. Kalk kan lank ná toediening steeds in 'n vrye vorm in die grond voorkom.

Die oormatige toediening van kalk op sandgrond moet tot elke prys vermy word. Die ergste soutverbrakking kom voor by sliksdraende grond in die vorige vloedvlaktes van die Vaal- en Oranjerivier. Kleierige grond kan ook weens swak dreineringsverbrak. Wateroplosbare soute hoop dan in die bogrond op. Gewoonlik is te veel natriumsoute die oorsaak, maar te veel kalium- of magnesiumsoute in die grond kan ook die plant verhinder om genoeg kalsium op te neem.

Stikstof vir beter sinkopname

Benewens grond se *bulk pH*, soos dit in Engels bekend staan, kan risofoer-pH ook plante se groei beïnvloed (die risofoer is die omgewing rondom die plantwortel). Plante kan net sink uit die grond opneem as die risofoer-pH laag genoeg is. Ammoniumsulfaat is die beste stikstofbron om 'n suurreaksie in die risofoer te skep en alle vorms van sink aan die plant beskikbaar te stel. Terwyl die opname van ammoniumstikstof die risofoer-pH laat daal, sal nitraatstikstof geen uitwerking op die risofoer-pH uitoefen nie. 'n Sinktekort by plante kom dus algemeen voor as nitraat of 'n stikstof, soos ureum, wat vinnig nitrifiseer, toegedien word.

In gebiede met 'n hoë reënval word mielies dus uitermatig hoog bemes.

Hoë stikstofbemesting gaan egter gepaard met vinniger versuring van die grond. Daarom moet kalk gereeld op die grond toegedien word. Grondkundiges waarsku sommige boere benadeel hulself deur ureum voor planttyd met tandbewerkings diep in die grond te plaas. Dit is nie

net ondoeltreffende bemesting nie, maar ook die belangrikste en vinnigste oorsaak van grondversuring.

Dui die teenwoordigheid van oormaat uintjies op 'n spesifieke voedingstekort in die grond, wat hopelik reggestel kan word?

Die kort antwoord is:

- Uintjies kan beter beheer word op gronde met hoë pH-vlakke.
- Die gevolgtrekking is dat enige kunsmis wat toegedien word en die pH verlaag, die voorkoms van uintjies sal verhoog en die beheer sal bemoelik.
- Kalsium sal help met die neutralisasie van pH en sal dus gesien word as 'n moontlike voedingstof om die voorkoms van uintjies te verlaag.
- Stikstof moet vir die gewas en nie die uintjies nie bemes word. Gebruik stikstofbronne wat minder versurend is.





WIT BASTER MIELIE

CAP 9019

- Groen mielie, kuilvoer en graan
- Medium volwassenheid
- Semi-flint, groot pitte
- Bestand teen die meeste blaarsiektes

CAP 9001

- Hoë potensiaal met 'n opbrengs oor 14mt/ha
- Benut vir graan en kuilvoer
- Hoë, medium volwasse baster
- Uitstekende siektoleransie

CAP 9299

BEPERKTE VRYSTELLING

- Semi geduikte graan
- Uitgebreide bestuiwing
- Droogte en stres verdaagsaam
- Opbrengs potensiaal van tot 10 MT/ha
- Vroeë volwasse baster

SOJABONE

FUNDACEP 65RR

- Hoë produktiwiteit
- Goeie gesondheid en het 'n vroeë siklus
- Volwassenheids groep: 5.9

GEEL BASTER MIELIE

CAP 122-60

- Reageer goed op kunsmis en besproeiing
- Het n verdraagsaamheid teen stam vrot
- Opbrengs potensiaal van tot 15mt/ha

CAP 9444

- Baie goeie staanvermoë
- Baie digte graan
- Hoë oes persentasie

PEREL MANNA

SPEEDFEED

- Robuuste plantsoort
- Duur: 80-85 dae
- Dae tot 50% blom: 53-55
- Planthoogte: 200-210cm

SPEED FEED SUPER

- Baster Babala wat beteken dat dit sal langer groei as SPEEDFEED om dat dit beter geskik is vir kuilvoer. SPEEDFEED het beter hergroei vir weidingsdoeleindes.

BASTER VOER SORGHUM

SWEETFEED SUPER

- Kragtige drie-rigting kruis baster
- Volle seisoen volwassenheid
- Hoë blaar tot stam verhouding
- Planthoogte: 3m

BIG KAHUNA

- 150-160 dae van groei
- Kan 3-4 keer per seisoen geoes word
- Ongeveer. Saad / KG = 36000

MULTI CUT

- Weiding binne 3-6 weke van aanplant
- Siektes en droogtebestande
- Hoë tonnages met uitstekende voerwaardes
- Gebruik: bewei, hooi, kuilvoer of gebruik word as groenvoer



KONTAK ONS

Thys Fourie - 082 326 6797
Nasionale Verkoops Bestuurder

www.capstoneseeds.com

Mark Wattam - 082 603 8471
Kommersiële Bestuurder - Kaap

Cecil van Rooyen - 066 305 8751
Verkoops Verteenwoordiger - Kaap

Neville Young - 082 654 2162
Verkoops Verteenwoordiger - KZN
Kleinhandel

Ashton Drummond - 082 327 8083
Verkoops Verteenwoordiger - KZN Boere

Stiaan van Rensburg - 082 602 4414
Area Verkoops Bestuurder - GP, NW, LIMP, MP

Deon Neimann - 083 949 5749
Verkoops Verteenwoordiger - Vrystaat / N.Kaap

Sestig jaar gelede se 'saadjie' vol- stoom op pad na 2050 en verby

Die uitdaging om miljoene mense te voed: Dít was die figuurlike "saadjie" wat sestig jaar gelede vir die totstandkoming van PANNAR in die dorp Greytown gesorg het.

Wyle mnr. Brian Corbishley, wat destyds die meerderheidsaandeel in die maatskappy se voorganger, Pioneer Seed Company, gekoop het, was bekend daarvoor dat hy gedurig gepraat het oor hoe belangrik dit is om genoeg kos vir almal te produseer. Dit is juis hier waarin hy toe sy eerste groot sakegeleentheid geïdentifiseer het: Om bastermieliesaad van goeie gehalte aan KwaZulu-Natal se boere te voorsien.

Pioneer se naam is spoedig verander na wat vandag die internasionaal erkende PANNAR is, en deel vorm van die splinternuwe beoogde Corteva Agriscience, soos die landbou-afdeling van DowDuPont bekend sal staan as dit, soos wat beplan word, teen Junie 2019 op sy eie bene sal begin staan. (DuPont is PANNAR SAAD se moedermaatskappy.)

Dit beteken die PANNAR-span word nou deel van 'n groep wat wêreld-landbou se slimste en vaardigste kundiges insluit, en deur twee eeue van wetenskaplike prestasie gerugsteun word.

In hierdie nuwe span kan PANNAR nou voortbou op wyle Brian se eertydse visie om die wêreld se mense te voed: "Ons eerste prioriteit is die sukses van die boer, want wanneer produsente floreer, floreer ons wêreld," is Corteva se motto.

"Boere is die eerste om 'n gedurig veranderende landskap in die oë te kyk, terwyl hulle voortdurend na groter opbrengs, veerkragtigheid en gewenstheid streef. Hulle het saad en gewasbeskerming-produkte nodig wat hierdie uitdagings oorkom, nie net in 'n land of streek nie, maar met laserskerp fokus tot op die akker. Ons is op die grond langs hulle; luister eers, en innoveer dan saam met hulle sodat hulle sukses kan behaal."

In 'n onlangse opname wat DuPont Ag onder amper 2 000 boere gedoen het, het 75% aangedui verhoogde produktiwiteit per hektaar is heel bo-aan hul prioriteitslys.

Daarom is verbetering van gewasproduktiwiteit ook voorop in PANNAR se toekomsvisie, om die groeiende wêreldbevolking te help voed wat teen 2050 na raming die 9 miljard-kerf gaan verbystek.

Dit beteken om hektaar vir hektaar saam met boere te werk om hul uitdagings te help oorkom sodat hulle optimaal kan produseer en hul winste verhoog.

Dit word met 'n geïntegreerde benadering en as deel van die nuwe Corteva bewerkstellig:

- Doelgerigte planteteelt met die hulp van CRISPR-Cas, die heel nuutste genetiese redigerings-tegnologie;
- biotegnologie;
- gewasbeskerming;
- toegepaste saadtegnologie;
- digitale oplossings, en
- agronomiese oplossings.



Dit verg waarvoor PANNAR oor ses dekades bekend geword het: 'n Diep kennis van hul kliënte op die grond, saam met internasionale insig en inligting wat plaaslik toegepas word om boere te help om die meeste uit elke stukkie van hul landerye te kry.

Daar is dus 'n reeks doelpale:

- Verhoogde saad-prestasie en -produktiwiteit.
- Optimale winsgewendheid in alle marktoestande.
- Verhoogde uitsette en funksionaliteit.
- Die beheer van onkruid, siektes, insekte en nematodes.
- Balansering van agronomiese prestasie met operasionele beperkings.

"Alles wat ons doen is dus gerig op die oplossing van 'n komplekse probleem – verhoogde gewasproduksie – om die 2050-toekomsvisie te verwesenlik," sê mnr. Nick Goble, PANNAR se besigheidsbestuurder.



Eersteklas-geelbasters vir vooruitstrewende boerderye

DIE PANNAR GEELBASTERVOORDEEL:

Diverse groeiklasse en 'n uitstekende prestasiekord

- Ultravinnig onder besproeiing en in die oostelike produksiestreke.
- Medium-vinnig en medium in die oostelike en westelike produksiestreke.
- Bied 'n goeie risikoverspreidingsstrategie wat gunstig is vir suksesvolle, volhoubare boerdery.

Ons Geelmueliebasters

Groeiseisoenklas					
Ultravinnig		Vinnig		Medium-vinnig	Medium
BG 3292	PAN 6126	PAN 3R-500R*	PAN 4A-156	PAN 5A-154	PAN 6B-410B
BG 3492B	PAN 3D-736BR	PAN 3R-700BR*	PAN 4A-172	PAN 5A-182	PAN 6R-680R
BG 3592R	PAN 3R-524R*	PAN 3P-502R	PAN 4R-672R	PAN 5A-190	PAN 6R-710BR
BG 3792BR	PAN 3R-724BR*	PAN 3Q-740BR	PAN 4B-376B		
	PAN 3R-586R		PAN 4R-776BR		
	PAN 3R-786BR				

Die BG 3792BR platform lewer uitstekende opbrengsprestasie in die LNR-proewe onder besproeiing. PAN 5A-182 doen besonder goed in die LNR-proewe vir die oostelike en westelike produksiestreke.

*Onderhewig aan registrasie.

© Geregistreerde handelsmerke van PANNAR BPK, © 2018 PANNAR BPK

2018/WMAIZE/A/03/REV



PANNAR®

Saam boer ons vir die toekoms™

infoserve@pannar.co.za
www.pannar.com



Soetrissies

is staatmaker vir produsent en kok



Dink aan geregte soos Chicken à la King, gekeurde rys en somerslaai en jy kan jou nie indink hoe dit sonder die pikante smaak van soetrissies moet smaak nie. En vandag het die verbruiker en ook die produsent 'n wye keuse van hierdie gewas wat tot voordeel van beide boer en kok aangewend kan word.

Cherokee F1-hibried-soetrissie

Uitstaande kenmerke

- Mediumgrootte blokkige vrugte
- Donkergroen vrugte word helderrooi
- Hoë weerstand teen TSWV en PMMOV
- Kompakte plante

Cherokee is ontwikkel vir die produksie van hoëgehalte vrugte op oop landerye en ook onder skadunette. Die mediumgrootte vrugte het 'n gladde oppervlak en smal skouers en is helderrooi wanneer hulle ryp is. Plante is lank en is geskik in gebiede waar "Tomato Spotted Wilt" nie 'n probleem is nie en waar latwerk of traliwerk gebruik word. Cherokee het 'n hoë weerstand teen tabakmosaïekvirus (TMV), "Tomato Spotted Wilt" (TSWV) en "Pepper Mild Mottle", rasse 1, 2 en 3 (PMMOV 1.2.3) en "Bacterial Leaf Spot" 1-3.

Spesiale vereistes vir variëteit

- Wanneer jy by die oorplanting van Cherokee se jong saailing (twee ware blare) die blommetjies van die onderste drie tot vier litte verwyder, kan die plante sterk wortelstelsels en goeie blaardak ontwikkel wat vir 'n lang produksieseisoen sal sorg.

Die vrugte van sowat 10 x 10 cm (200 tot 250 g op twee stamme) is gou plukgereed en kan op oop landerye of onder skadu geplant word teen 30 000 plante per hektaar of twee tot twee en 'n half stamme per vierkante meter. Die vrugte is by uitstek goed vir vars gebruik.

Citrine F1-hibried-soetrissie

Uitstaande kenmerke

- Baie groot blokkige vrugte
- Uitstekende opbrengspotensiaal
- Donkergroen vrugte word heldergeel wanneer ryp

Citrine word ook gou ryp en lewer 'n baie hoë persentasie groot eerstegraadse vrugte wanneer dit onder gematigde temperature gegroei word. Vrugte is uniform en het dik wande. Die plante is mediumkompak en het kort stingellitte. Die plant bied hoë weerstand teen PMMOV 1 en 2.

Volwasse groen vrugte is donkergroen wat dit perfek maak vir hoëgehalte groenpluk, veral op oop landerye. Die plant het 'n uitstekende opbrengspotensiaal vir 'n geel variëteit.

Spesiale vereistes vir variëteit

- Hoewel Citrine 'n mediumkompakte plant is, word latwerk op oop landerye aanbeveel aangesien dit die gehalte en opbrengs aansienlik kan verhoog.

- Die beste gehalte vrugte word gevorm onder gematigde temperatuurtoestande en goeie ventilasie.
- Geelrissies vereis meer yster (Fe) as rooirissies, veral in die winter.

Hierdie soetrissies van sowat 10 x 10 cm (220 tot 260 g) is vroeg plukgereed. Die plante kan óf onder beskerming of op oop landerye geplant word teen 20 000 tot 35 000 plante per hektaar, of twee tot twee en 'n derde stamme per vierkante meter. Dit word hoofsaaklik vars gebruik.

Double up-F1-hibried-soetrissie

Uitstaande kenmerke

- Ideaal vir ooplandproduksie
- Helderrooi blokkige vrugte
- Uitstekende opbrengspotensiaal
- Redelike weerstand teen "Bacterial Leaf Spot" 1, 2 en 3 (XCV 1.2.3)

Double up is 'n goed aangepaste hibried- blokkige soetrissie vir produksie op oop landerye. Dit lewer vrugte van uitstaande gehalte op oop landerye. Die vrugte is uniform, sowat 10 x 10 cm, toon weinig verpersing en word 'n uniforme helderrooi wanneer dit ryp is. Die vrugset is gekonsentreerd wat sorg vir hoë eerste-pluk-opbrengs. Die opbrengs is regdeur die lang groeiseisoen goed.

Spesiale vereistes vir variëteit

- Double up is 'n medium kompakte plant, daarom word voorgestel dat plante opgelei word in ooplandproduksie.
- Aangesien vrugset gekonsentreerd is, word voorgestel dat blommetjies van die eerste en tweede onderste vertakkings verwyder word.
- As vrugte van die eerste set op die volwasse groen stadium gepluk word, kan die plant toegelaat word om voortdurend vrugte te set.

Die vrugte van sowat 10 x 10 cm grootte (180 tot 220 g) is vroeg plukgereed en het 'n dik vrugwand. Die donkergroen vrugte word helderrooi en bied redelike weerstand tot *Xanthomonas campestris* pv. *Vesicatoria* rasse 1, 2 en 3 (XCV 1.2.3). Die plante kan op oop landerye aangeplant word teen 20 000 tot 35 000 plante per hektaar, en onder beskerming teen twee tot twee en 'n derde stamme per vierkante meter.

Excellence F1-hibried-soetrissie

Uitstaande kenmerke

- Kompakte plante met goeie blaredekking
- Groot, blokkige vrugte
- Hoë weerstand teen TMV, CMV en PVY
- Ideaal vir ooplandproduksie

Excellence is 'n goed aangepaste vroeë, hibried- blokkige soetrissie met 'n kompakte groeipatroon en goeie blaredekking. Die vrugte is groot, toon weinig verpersing en word 'n uniforme blinkrooi wanneer ryp. Die vrugset

is gekonsentreerd wat lei tot hoë eerste-pluk-opbrengs. Excellence bied hoë weerstand teen tabakmosaïekvirus (TMV), komkommersosaïekvirus (CMV) en aartappelvirus Y (PVY). Excellence word aanbeveel vir ooplandproduksie, maar kan ook op die "Spaanse" metode onder beskermde groei opgelei word.

Spesiale vereistes vir variëteit

- Aangesien die vrugset gekonsentreerd is, word aangeveel dat die blommetjies van die eerste en tweede vertakkings van onder af verwyder word om die plant toe te laat om 'n goeie balans tussen blaredekking, vrugdrag en wortels te ontwikkel.

Die vrugte van sowat 10 x 10 cm (250 g) is vroeg plukgereed. Die donkergroen vrugte word 'n blinkrooi wanneer ryp. Plante kan teen 20 000 tot 35 000 plante per hektaar aangeplant word, of teen twee tot twee en 'n derde stam per vierkante meter onder beskerming.

Maor F1-hibried-soetrissie

Uitstaande kenmerke

- Mediumdik wand
- Uitstekende vruggehalte vir oop-bestuifde-variëteit
- Goeie opbrengspotensiaal
- Sterk plant

Maar is 'n gewilde soetrissie danksy sy hoë opbrengspotensiaal en vrugte van uitstekende gehalte. Maar is ideaal vir ooplandproduksie en massaverpakking. Die plant het 'n hoë persentasie groot vrugte. Vrugte is swaar en het dik vrugwande wat groen is en rooi word. Plante is uniform, sterk en stewig. Maar bied hoë weerstand teen tabakmosaïekvirus.

Spesiale vereistes vir variëteit

- Slegs vir ooplandproduksie
- Vrugte is geneig om lank en blokkig te wees onder kouer toestande, daarom word aanbeveel dat dit in die somer verbou word.

Die vrugte van sowat 9 x 9 cm (sowat 160 g) is by uitstek geskik vir ooplandproduksie teen 20 000 tot 35 000 plante per hektaar.

Momentum F1-hibried-soetrissie

Uitstaande kenmerke:

- Ideaal vir ooplandproduksie
- Helderrooi blokkige vrugte
- Uitstekende opbrengspotensiaal
- Weerstand teen "Bacterial leaf spot", komkommersosaïekvirus en *Phytophthora*

Momentum is 'n wyd aangepaste hibried- blokkige soetrissie vir ooplandproduksie. Dit lewer vrugte van uitstaande gehalte op oop landerye. Die vrugte is uniform en blokkig, sowat 10 x 10 cm groot en word 'n uniforme rooi. Die vrugset is gekonsentreerd, wat lei tot hoë eerste-pluk-opbrengs. Momentum bied weerstand teen "Bacterial Leaf Spot",

rasse 1, 2 en 3 (XCV 1.2.3.4), komkommermosaïekvirus, tabakmosaïekvirus en gemiddelde weerstand teen *Phytophthora*, "Tobacco Etch Virus", aartappelvirus Y1.2. Die opbrengs is goed regdeur 'n lang groeiseisoen.

Spesiale vereistes vir variëteit

- Momentum is 'n mediumkompakte plant, daarom word aanbeveel dat dit opgelei word vir ooplandproduksie.
- Aangesien vrugset gekonsentreerd is, word voorgestel dat die blommetjies van die eerste en tweede vertakkings van onderaf verwyder word.

Die vrugte van sowat 10 x 10 cm (180 tot 220 g) is donkergroen en word helderrooi. Die plante bied hoë weerstand teen *Xanthomonas campestris* pv. *Vesicatoria* rasse 1, 2, 3, 4 (XCV1.2.3.4), tabakmosaïekvirus (TM0), matige weerstand teen komkommermosaïekvirus (CMV), "Tobacco Etch Virus (TEV)," "Pepper Mottle Virus"(PEPMOV), "Pepper Yellow Mosaic Virus (PEPYMV)," aartappelvirus (PVY) en *Phytophthora capsici* (PC). Op oop landerye kan dit aangeplant word teen 20 000 tot 35 000 plante per hektaar, of onder beskerming teen twee tot twee en 'n derde stamme per vierkante meter.

Plato F1-hibried-soetrissie

Uitstaande kenmerke

- Ideaal vir ooplandproduksie
- Groot, blokkige vrugte
- Sterk, stewige plant
- Uitstekende siekteweerstand

Plato is 'n wyd aangepaste blokkige hibried-soetrissie vir die produksie van groot groen en rooi soetrissies in oop landerye. Die opbrengs van vrugte is van uitstaande gehalte op oop landerye. Die vrugte is van uniforme grootte (ongeveer 10 x 11 cm), toon weinig verpersing en word 'n uniforme helderrooi kleur. Die sterk, stewige plante is goed aangepas en beskerm die vrugte teen sonskroei, veral wanneer dit opgelei word. Die vrugset is gekonsentreerd wat lei tot hoë eerste-pluk-opbrengs. Plato bied hoë weerstand teen "Bacterial Spot" rasse 1, 2 en 3 (XCV: 1-3), "Tomato Spotted Wilt" (TSWV), "Potato Virus Y" (PVY) en Tobamovirus ras 0 (TM: 0). Die opbrengs is goed regdeur die lang groeiseisoen.

Spesiale vereistes vir variëteit

- Plato is 'n sterk, stewig plant, daarom word aanbeveel dat dit opgelei word by ooplandproduksie.
- Aangesien die vrugset gekonsentreerd is, word aanbeveel dat die blommetjies van die eerste en tweede onderste vertakkings verwyder word om die plant toe te laat om 'n goeie balans tussen blaredekking, vrugdrag en wortels te ontwikkel.
- As vrugte van die eerste set op die volwasse groen stadium gepluk word, kan die plant toegelaat word om voortdurend vrugte te set.

Die vrugte van sowat 10 x 11 cm (ongeveer 190 – 240 g) is vroeg plukgereed. Die vrugte is donkergroen en word helderrooi. Die plant bied hoë weerstand teen *Xanthomonas campestris* pv. *Vesicatoria* rasse 1, 2

en 3 (XCV: 1-3), "Tomato Spotted Wilt Virus" (TSWV), aartappelvirus Y1.2. (PVY) en Tobamovirus (TM: 0).

Plato word teen 20 000 tot 25 000 plante per hektaar aangeplant of teen twee tot twee en 'n derde stamme per vierkante meter onder beskerming.

Yellow Sparkler F1-hibried-peusel-soetrissie

Uitstaande kenmerke

- Peuseltipe
- Uniforme vrugtegrootte
- Hoë brix (suikerinhoud)
- Hoë opbrengspotensiaal


Yellow Sparkler is 'n soetrissie ideaal vir peusel, met 'n hoë brix en 'n bros tekstuur. Die plante is sterk en het 'n kompakte groeiwyse en bied opbrengste van groot, gladde vrugte. Die dik wande is 'n donkergroen in die groen fase en word heldergeel.

Die vrugte is binne 85 tot 95 dae ná oorplanting plukgereed en lewer vrugte van 7 x 8 cm x 2,5 tot 3,5 cm. Dit is 'n baie soet, bros soetrissie met 'n hoë weerstand tot tamatiemosaïekvirus (TM:0) en kan in landerye of onder beskerming geproduseer word teen 25 000 tot 35 000 plante per hektaar of drie tot vier stamme per vierkante meter onder beskerming.



« Kynoch

Herdefinieer kunsmis met ons verbeterde grondoplossing™ »



uppe marketing A17326

By Kynoch glo ons deur verskillende roumateriale te kombineer, die grondoplossing sodanig bestuur kan word dat die plantbeskikbare voedingstowwe in die grondoplossing verhoog kan word juis wanneer dit die meeste saak maak.

Deur die grondoplossing te bestuur, kan die opname van voedingstowwe verbeter word wat verbeterde opbrengste, gehalte en winsgewendheid tot gevolg kan hê.

Kynoch – verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.

011 317 2000 | info@kynoch.co.za | www.kynoch.co.za



Kynoch

Rissiebedryf

bied gulde geleenthede vir plaaslike produsente

Daar is deesdae wêreldwyd 'n oplewing in die kookkuns – landsgrense verdwyn en koskulture vermeng en ons smaakpalette laat ons al hoe wyer verken. Dit bied eindelose geleenthede vir produsente wat skielik in 'n groeiende vraag na gewasse moet voorsien wat voorheen in die plaaslike mark nie so 'n groot affrek gekry het nie.

Brandrissies is een van die produkte waarna daar 'n groeiende behoefte ontstaan het, en dit bied wonderlike geleenthede vir plaaslike produsente.

Fury F1-hibried-rissie

Uitstaande kenmerke

- Indies/Thai-tipe
- Hoë opbrengspotensiaal
- Baie sterk in volwasse groen fase
- Uniforme, aantreklike vrugte

Fury is 'n medium-rypwordende rissiehibried wat in die Indiese/Thai-klas val. Plante is verdraagsaam vir hoë temperature en het redelike weerstand teen bok-oog vrug- en wortelvrot (PC). Plante van mediumhoogte is sterk en het die potensiaal om baie hoë opbrengste te bied aan mediumgrootte vruggies (7 – 10 x 1 – 1,3 cm). Fury se gladde, dun wand, hangende vrugte is donkergroen in die groen fase en word 'n baie aantreklike diep rooi kleur wanneer hulle ryp is. Vrugte kan vars, gedroog of gepiekel bemerk word.

Spesiale vereistes vir variëteit

Die beste gehalte vrugte word behaal deur dit in warm seisoene te plant en te oes. Benewens sy weerstandigheid teen hoë hitte, bied hy ook redelike weerstand teen *Phytophthora capsici*. Die Fury is binne 90 tot 95 dae nadat hy oorgeplant is, gereed om gepluk te word. Die plante kan in oop landerye verbou word met 'n plantdigtheid van 18 000 tot 33 000 plante per hektaar.

Long Slim Cayenne-rissie

Uitstaande kenmerke

- Cayenne-tipe
- Aanpasbaar
- Baie sterk
- Baie vroeë oes

Die **Long Slim Cayenne** is 'n sterk rissie wat ideaal is vir huistuine. Plante word baie vinnig ryp, binne sowat 75 dae vandat dit oorgeplant is, en dra hangende, silindriese vruggies.

Die plante kan op oop landerye verbou word teen 'n digtheid van 25 000 tot 33 000 plante per hektaar.

Magno F1-hibried-rissie

Uitstaande kenmerke

- Ware jalapeno-tipe
- Groot tot ekstragroot vrugte
- Wyd aangepas
- Baie hoë groeipotensiaal

Magno is 'n medium rypwordende hibriedrissie van die Jalapeno-segment. Die plante is sterk en het 'n hoë weerstand teen bakteriese vlek, rasse 1, 2 en 3 (XCV: 1.2.3.7.8) en aartappelvirus Y-ras (0.1.2) en produseer hoë opbrengste van groot, gladde, hangende vrugte. Die sterk dunwandige vrugte is donkergroen wanneer hulle groen is, en word 'n donkerrooi kleur wanneer hulle ryp word. Tipies van die Jalapeno-tipe vrugte, wys die Magno ook krakies wanneer die vrug ryp word.

Spesiale vereistes vir variëteit

Die plante kan op oop landerye of onder bedekking geplant word teen 'n digtheid van 25 000 tot 35 000 plante per hektaar. Wanneer dit onder bedekking geplant word, is die plantdigtheid twee tot twee en 'n half stamme per vierkante meter.

Die rissies word vars gebruik of geprosesseer.

Montero F1-hibried-rissie

Uitstaande kenmerke

- Serrano-tipe
- Hoë opbrengspotensiaal
- Baie geurig in volwasse groen stadium
- Uniforme, aantreklike vrugte

Montero kan ook hoë temperature verduur. Die mediumhoogte plante is sterk en het die potensiaal om hoë opbrengste oor 'n lang tydperk te lewer. Die rissie het 'n gladde vrug met dik wande. In sy onvolwasse stadium is die vruggies liggroen en dit word 'n aantreklike dieprooi kleur wanneer dit ryp is. Vrugte word binne 90 tot 95 dae vanaf oorplanting gepluk. Dis 'n geurige rissie met goeie geur selfs in die volwasse groen fase.

Die plante word op oop landerye verbou teen 18 000 tot 33 000 plante per hektaar.

Die vrugte word vars of gepiekeld bemark.

Spesiale eienskappe: Uitstekende vruggehalte, lang oestyd en 'n sterk weerstand teen hoë temperature.

Rajah F1-hibried-rissie

Uitstaande kenmerke

- Cayenne-tipe
- Sterk plante
- Baie sterk geur
- Hoë opbrengspotensiaal
- Ideaal om gedroog te word

Rajah 1 word gou ryp en is puik vir die vars en gedroogde mark. Die vrugte lyk baie soos die Long Slim Cayenne-tipes, maar is van 'n superieure gehalte. Die plante het 'n sterk wortelstelsel, is uniform en hanteer moeilike toestande besonder goed. Plante het goeie blaredekking wat die vrugte teen sonskroei beskerm. Die vrugte is sowat 12 cm lank met 'n deursnee van 1,5 cm, weeg 10 tot 12 g en het dun vlesige wande. Die uniforme vrugte is baie sterk met 'n goeie geur. Vrugte is mediumdonkergroen en word donkerrooi wanneer dit ryp is. Rajah 1 is veral goed aangepas vir Suider-Afrika aangesien dit plaaslik ontwikkel is en is ook geskik om in die huistuin te groei.

Spesiale vereistes vir variëteit


Die vrugte kan binne 85 dae ná oorplanting gepluk word en op oop landerye geplant word teen 25 000 tot 33 000 plante per hektaar. Dis ideaal vir huistuine, vars verpak en gedroog.

Spicy Slice F1-hibried-rissie

Uitstaande kenmerke

- Ware jalapeno-tipe
- Groot tot ekstragroot vrugte
- Ideaal vir prosessering
- Baie hoë opbrengspotensiaal

Spicy Slice se plante is sterk en het 'n hoë weerstand teen bakteriese vlek, rasse 1, 2 en 3 (XCV: 1.2.3.7.8) en tabakvlekvirus (TEV). Die rissies is donkergroen in hul groen stadium en donkerrooi met ligte krakies wanneer dit ryp raak. Die vrugte van 7 tot 11 cm by 2,5 tot 3,5 cm kan binne 80 tot 90 dae ná oorplanting gepluk word. Dis 'n baie sterk rissie wat in oop landerye of onder bedekking geplant kan word teen 25 000 tot 35 000 plante per hektaar, en indien onder beskerming geplant, twee tot twee en 'n halwe stam per vierkante meter. Hierdie rissies is ook ideaal vir vars gebruik en prosessering.



Bou rissies van goeie wortelstelsel af op

Groenteverbouing is op sigself 'n intensiewe boerdery met vele uitdagings wat die produsent in die gesig staar. Groente word reg oor die wêreld verbou in verskillende omstandighede en deur verskeie metodes, maar die uitdagings bly globaal dieselfde en word op verskeie maniere bestuur.

Meganisasie is aan die orde van die dag in baie ander lande, met planters, spuittoerusting en oesmasjiene. Sels gradering en verpakking word al hoe meer gemeganiseer. Insetkoste styg op 'n gereelde basis en daar word gereeld kommentaar gelewer dat die produkpryse wat die produsent verkry nie teen dieselfde mate styg nie. Daar is wel tye wanneer die groenteprodusent goeie pryse kry vir sy produkte, maar oor die algemeen begin produsente al hoe meer kyk na ander opsies omdat groenteverbouing baie arbeidsintensief is. Daar is wel 'n oplossing om hierdie tendens teen te werk, en dit is hoë produksie. Produsente moet fokus om die potensiële opbrengs wat moontlik is vir die gegewe omstandighede en gewas te laat realiseer.

Hierdie artikel fokus op die verbouing van soetrissies en warmrissies en wat produsente kan doen om die hoogste opbrengspotensiaal te behaal, asook om die uitdagings te identifiseer wat moontlik 'n negatiewe uitwerking op produksie kan hê.

Rissieplante is 'n baie lekker gewas om mee te boer en kan gerus deur kleiner boere oorweeg word. Die plante kan in die oopland of onder beskerming verbou word en die plant kan ook op verskeie maniere gemanipuleer word om meer vegetatief, of om meer reprodutief te groei.

Die klem moet egter gelê word op kwaliteit en om die plant in balans te hou, sodat volhoubare produksie oor 'n redelike tydperk versprei word. Indien daar te veel vrugte aan 'n plant is, sal die vrugte oor die algemeen kleiner wees met 'n dunner vrugwand, wat lei tot laer kwaliteit en raklewe. Dit het ook 'n direkte invloed op die plant, deurdat die plant basies uitgeput word en dan sukkel om vegetatief te groei. Blare word kleiner, die plant verkeer onder stres en is dan gewoonlik ook meer vatbaar vir verskeie siektes.

Die eerste, uiters belangrike stap vir rissieproduksie is om met gesonde saailinge te begin. Goeie ontwikkeling in die vroeë stadium is kritiek en bepaal tot 'n groot mate wat die res van die produksieperiode gaan oplewer. Gesonde wortels is uiters belangrik!

Soos vroeër genoem kan die plante gemanipuleer word na gelang van omstandighede, en die balans tussen wortelontwikkeling, vegetatiewe groei (blare) en die vrugset kan bestuur word. 'n Baie belangrike aspek van die bestuur van die gewas is die bemesting en besproeiing, wat hand aan hand loop. Om 'n algemene bemestingsprogram voor te stel is nie realisties nie, aangesien dit alles afhang van die grondtipe en die hoeveelheid water wat toegedien word. In baie gevalle word hoër bemestingspeile aanbeveel en hoe meer bemesting toegedien word, hoe meer water moet gegee word en dit lei weer daartoe dat voedingselemente uitgeloo

word. Om profielgate in die oopland te grou om te kyk wat in die grondprofiel gebeur voordat daar besproei word, is dus noodsaaklik. Net soos wat die afloop van bemesting en besproeiing in 'n tunnel of plantsakkie gemeet word, moet daar ook in die oopland daarna gekyk word.

Faktore wat produksie negatief kan beïnvloed

In die afgelope seisoen is poeieragtige meeldou, 'n swamsiekte, in verskeie dele van die land geïdentifiseer. Poeieragtige meeldou kom op die blare van die plant voor en in gevalle waar dit te laat waargeneem word, kan dit lei tot ontblaring wat die staking van totale produksie tot gevolg het. Al die vrugte moet afgepluk word en die produsent moet poog om die blaarbedekking te herstel voordat verdere vrugset moontlik sal wees. Dit kan ook veroorsaak dat vrugte wat reeds gevorm het ten tye van die infeksie, sonbrand sal opdoen omdat dit blootgestel is aan die son wat verdere oesverliese tot gevolg kan hê.

Poeieragtige meeldou sal aan die begin van die ontwikkeling geel tot nekrotiese vlekke of kolle op die bokant van die blare toon wat later 'n wit groei (poeieragtig) laat vorm. Poeieragtige meeldou ontwikkel hoofsaaklik in vogtige, warm omgewings (humiditeit is nie kritiek nie) of waar die ligintensiteit laag is. Oormatige vlakke van stikstof in die bemestingprogram kan ook die voorkoms van die siekte vererger.

Myte kom sporadies voor in aanplantings. Verskillende spesies is gewoonlik betrokke en elkeen wys verskillende simptome. Die rooispinmyt wat veral op tamaties voorkom, is welbekend en is met die blote oog sigbaar. Roesmyt en "broadmite" is van die spesies wat nie altyd sigbaar is nie, maar aangesien hulle simptome van mekaar verskil, kan die spesie wat voorkom wel geëien word. Roesmyt se simptome is meer sigbaar in die vorm van 'n kurkagtige net wat oor die vrugte versprei en kan ook op die stamme simptome veroorsaak. Die "broadmite" het meer 'n duidelike simptome op die groeipunt van veral rissies en dit mag voorkom of die plant een of ander virusinfeksie het (virusse is meer aktief in die groeipunte). Die myte veroorsaak dat die blare omkrul, verdwering van die groeipunte is sigbaar en die blare is kleiner. Myte voed ook direk in blomme en vrugte en kan sodoende blomme laat afspeen en vrugte onbemarkbaar maak. Oor die algemeen is myte meer prominent in droë toestande en word oor die algemeen eerste aan die onderkant van die blare waargeneem.

Hierdie is maar 'n paar faktore wat 'n rol kan speel by rissieverbouing, en dit is belangrik vir die produsent om op hoogte te bly van die nuutste chemiese middels wat op die mark is. Dit is beter om voorkomende, "sagter" middels te spuit, as om op 'n later stadium met 'n groot probleem te sukkel waar slegs "harde" chemiese middels gebruik moet word. Die belangrikste aspek bly egter die goeie balans tussen vegetatiewe groei en vrugset en hoe die bestuur van die plante die gewenste uitwerking op die produksie het. Die produsent se taak is half gewin wanneer hy met gesonde plante, gegrond op 'n goeie wortelstelsel begin.



AFWYSENDE KLOUSULE: Hierdie inligting is op ons waarnemings en/of inligting vanaf ander bronne gebaseer. Aangesien gewasprestasie van die interaksie tussen die genetiese potensiaal van die saad, die fisiologiese eienskappe daarvan en die omgewing, bestuurspraktyke ingesluit, afhang, gee ons geen waarborg – uitdruklik of deur implikasie – vir die prestasie van gewasse relatief tot die inligting gegee nie. Ook aanvaar ons geen aanspreeklikheid vir enige verlies, direk of as gevolg daarvan, wat te wyte aan enige oorsaak ook al mag ontstaan nie. Lees eers asseblief Sakata Seed Southern Africa (Edms.) Bpk. se verkoopvoorwaardes voordat saad bestel word.



Sakata - kwaliteit Soetrissies vir elke produsent



Cherokee*



Momentum*

* Eksperimenteel: Hierdie variëteit is steeds eksperimenteel, maar registrasie is reeds ingedien vir Suid-Afrikaanse kultivar lysing.



SAKATA®

PASSI^N in Seed

MayFord

Tel: 011 548 2800
www.sakata.co.za
e-pos: info.saf@sakata.eu


QUALITY

RELIABILITY

SERVICE

Geniet die plesier van 'n vertikale tuin

Bou 'n kruietoring



Gebruik plantpote van verkillende groottes om hierdie oulike kruietuin op jou stoep te maak. Kleiner potte word onderstebo in die middel van elke pot gesit om as basis te dien vir die volgende laag.

Prentjiemooi met palette



Draai 'n pallet op sy sy, kap 'n paar dwarsplankies aan die agterkant in om rakkies te vorm, vul met komposyke grond en plant fyn blommetjies daarin vir 'n mooi fokusmuur op 'n stoep



Boor gate in PVC-pype, maak dit vol grond en kompos en plant jou aarbeie of ander bessies daarin vir heerlike smoothies, nageregte of sommer net so se eet.

PVC-pype word teelaarde vir bessies



Boublokke vir 'n vetplanttuin

Stapel 'n klompie boublokke op interessante wys op mekaar en plant jou vetplantversameling daarin in jou agtertuin.



Maak 'n sirkel met ogiesdraad, vul dit met oase en druk 'n klomp vetplante daarin. So 'n versiering aan die deur lyk al te mooi.

Maak 'n vetplantkrans



Mense raak al meer kreatief met hoe en waar hulle tuinmaak. 'n Vorm van tuinmaak wat saam met siertuine al hoe gewilder raak, is vertikale tuine wat min spasie opneem, minder water gebruik en boonop 'n dekoratiewe funksie kan verrig. Met 'n kruietuin teen 'n buitemuur naby jou kombuis, word vars kruie in kos maklik haalbaar; 'n kruiemuur met die regte kruie kan jou ook sommer help om insekte weg te hou, en 'n minder mooi heining kry nuwe lewe met potte vol veelkleurige blomme soos die Italianers en Grieke se bougainvilleas en malvas.

Hier is 'n paar voorbeelde van vertikale tuine waaraan jy self jou hand kan waag:



Plantpiramide

Slaai groente soos verskillende blaarslaai, radise en klein tamatietjies kan maklik in so 'n piramide geplant word.

Goeiste geute!



Of gebruik geute om jou slaai in te plant en 'n muur lewe te gee.



Trappiestuin

Met reghoekige plantbakke en vier stukke hout bou jy vir jou so 'n interessante tuin waarin jy fyn blommetjies of kruie kan plant. Jy kan ook vir die struktuur wiele aansit sodat jy jou tuin agter die son aan of uit die son uit kan verskuif.



Plantpilaar

Bou pilare van verskillende hoogtes met hout en ogiesdraad vir hierdie interessante effek. Jy kan ook op dié pilare 'n bak aanbring waaruit voëls kan kom eet of drink.

Koel met koeldrankbottels



'n Gewone muur word 'n interessante fokuspunt wanneer jy tweeliterkoeldrankbottels op hierdie wyse inspan. Weereens kan die bottels met kruie of fyn blommetjies gevul word.

Geniet die plesier van 'n **vertikale tuin**

Houtletter



Maak die gesin se voorletters uit hout, vul dit met grond en laat elke lid van die gesin sy of haar eie letter vul.

Skoenesak



Toe jy die skoenesak gekoop het, het jy gedink dis 'n goeie manier om jou skoene te organiseer, maar kort voor lank was die skoene maar weer almal op die hangkas se vloer. Gebruik daardie skoenesak om jou kruie in te plant!

Vrolike heining



Nog 'n slim manier waarop 'n vervelige houtheining met kleurvolle plantpotte en blomme versier kan word.

Emmers vol blomme



Kyk hoe mooi lyk die emmers met hul kleurstroke wat met vleishake aan 'n eenvoudige raam gehang word. Dit gaan moeilik wees om te kies tussen 'n kruetuin en emmers vol blomme met hierdie plan!



UNITED SEEDS

www.unitedseeds.co.za

Kontak ons:
Tel: 012 819 8128
Sel: 083 230 8444

BEPROEFDE MIELIE KULTIVARS BESKIKBAAR LANDWYD

AGENTE LANDWYD:

Middelburg-Ermelo:	Ignus Gouws	: 066 245 5154
Ohrigstad	: Dewald Els	: 079 526 2519
Bethal- Hendrina	: Tienie von Wielligh	: 082 550 8094
Standerton, Brits	: Cobus Meintjies	: 082 448 4313
Vrede	: Machiel Engelbrecht	: 071 675 0885
Limpopo	: Jan du Toit	: 082 802 5888
Delmas	: Org Vermeulen	: 083 227 8326
Vereeniging	: Hannes de Klerk	: 072 993 5815
Senekal	: Jan Rossouw	: 082 770 2845
Lindley	: Hilgard Muller	: 082 824 3654
Bethlehem	: Dr Francios du Toit	: 083 630 2645
Carltonville	: Linda Nel	: 074 078 2787
Bloemhof	: Henna Hertzog	: 082 712 1011
Petrusburg	: Tjaart Venter	: 083 257 4847
Newcastle	: Barry Brummer	: 083 357 8876
Underberg	: Duncan Little	: 083 781 6691
Winterton	: Rijk Neethling	: 082 806 0667
Wes Kaap	: Stephan Lambrechts	: 082 666 5152
Streeksbestuurder Mpumalanga	: Ignus Gouws	: 066 245 5154
Bemarking	: Wykie van der Merwe	: 083 287 3699
Hoofkantoor	: James Wickens	: 083 230 8444



US9612

GEEL BASTER

US 9610
US 9612 (nuut)
US 9614 (nuut)
US 9616 (nuut)
US 9618 (nuut)
US 9620
US 9622 (nuut)
US 9800 (kuilvoer)

US9680 BR*(nuut)
US9682 B* (nuut)
USL 9690 R*
USL 9696 R*

WIT BASTER

US 9721 (nuut)
US 9723 (nuut)
US 9737 B*(nuut)
US 9777



UNITED SEEDS



YieldGard[®]
MAIZE II

*Roundup Ready, Yieldgard II enTela is geregistreerde handelsmerke van Monsanto Technology LLC



www.unitedseeds.co.za



6

deur Natalie Healey, www.goeiehuishouding.co.za

dinge oor probiotika wat jou maagdokter wil hê jy moet weet

Op pad apteek toe om iets vir 'n gesonder maagdermkanaal te kry? Lees eers hier.

Prioritisering van die gesondheid van ons dermkanaal bly 'n belangrike voedingsneiging. Dit beteken al hoe meer mense oorweeg dit om probiotika te neem met die hoop om hul immuunstelsel te versterk en verligting van algemene maagkwessies te kry, van opgeblasenheid tot prikkelbaredermsindroom. Maar wat is probiotika, en kan dit jou help? Ons het 'n toonaangewende gastroënteroloog gevra om haar insigte te deel. Lees hier wat dr. Ana Wilson, konsultantgastroënteroloog by die St Mark's-hospitaal in Londen, wil hê almal moet van "goeie" bakterieë weet.

1. Probiotika kan jou immuunstelsel 'n hupstoot gee

Probiotika is lewende bakterieë en gis. Ons dink daaraan as "goeie" bakterieë – dieselfde as of soortgelyk aan die soort wat in die menslike dermkanaal voorkom en wat 'n voordelige uitwerking op ons gesondheid het. Probiotika help om jou dermkanaal gesond te hou en dit het weer 'n positiewe uitwerking op jou immuunstelsel en algehele gesondheid.

2. Probiotika kan nie medikasie vervang nie

Om probiotika te neem (hetsy as aanvulling of deur meer daarvan in jou dieet in te sluit) sal waarskynlik nie alle simptome op hul eie verbeter nie. Probiotika kan nie medikasie vervang nie, maar dit kan gebruik word om bestaande behandelings aan te vul. Dit is voordelig om probiotika as voorkomende maatreël te gebruik, maar dis belangrik om te besef dat dit nie op hul eie gebruik kan word om simptome te verlig nie. Veral in toestande soos

prikkelbaredermsindroom (PDS) is elke pasiënt 'n individu en probiotika is nie 'n behandelingsmetode wat presies dieselfde op almal toegepas kan word nie.

3. Daar is verskillende soorte probiotika

Daar is bewys dat laktobasil (*Lactobacillus*) en bifidobakterie die grootste voordeel vir gastroïntestinale simptome inhou. Laktobasil ondersteun die immuunstelsel, beveg skadelike bakterieë en moedig 'n bakteriële balans aan. Bifidobakterie perk skadelike bakterieë in, ondersteun die immuunstelselrespons en is voordelig vir 'n gesonde maagdermkanaal. Spesifieke lyne het verskillende uitwerkings, maar baie mense kan by probiotika baat vind vir algemene gesondheid en welstand. Jy kan gewoonlik hierdie probiotika as 'n kombinasie in tabletvorm drink.

4. Probiotika help met ingewandsprobleme

Probiotika kan jou ingewandsgesondheid verbeter, veral vir toestande soos PDS en opgeblasenheid. PDS is 'n "funksionele dermkanaalsteuring" en daar is bewyse dat probiotika die simptome van PDS kan verlig. Daar is bewys dat dit opelyf kan reguleer en opgeblasenheid, pyn en winderigheid kan verlig. Ek het gesien hoe pasiënte baat vind deur probiotika te neem, veral dié wat aan PDS ly.

5. Gesonde mense het waarskynlik nie probiotika-aanvullings nodig nie

Daar is geen bewyse dat mense sonder gesondheidsprobleme nodig het om probiotika te neem nie, maar ek wil aanvoer dat dit deel van 'n normale gesonde dieet kan wees. Sommige kosse bevat dieselfde probiotikavoordedele as aanvullings. Dit sluit jogurt met lewende kulture, kimchi, rou kaas en sauerkraut in. Ek sou dus aanbeveel dat gesonde mense hierdie kosse eet as hulle 'n probiotiese hupstoot wil hê sonder om 'n aanvulling te drink.

6. Probiotika is nie 'n plaasvervanger vir 'n swak dieet nie

Wanneer jy eers die regte probiotika in jou dermkanaal het, is dit belangrik om dit in stand te hou sodat dit 'n positiewe uitwerking kan hê. Om te floreer het probiotika ook prebiotika nodig – nieverteerbare koolhidrate wat as brandstof dien. Dit kom natuurlik in nieverteerbare vesel voor in die vorm van kos soos heelgrane, rou vrugte en groente; wesenlik gesonde kos wat ons in 'n gebalanseerde dieet nodig het. Hou in gedagte dat probiotika nie 'n swak dieet kan vervang nie. Alle probiotika werk verskillend en dit is onduidelik presies hoe dit werk.



4 kosse wat jou immuunstelsel help versterk

Word jy gedurig siek? Voeg hierdie kosse by jou eetplan en gee jou immuunstelsel 'n ekstra hupstoot.

Ons is nog in die middel van die verkoue-en-griepseisoen, en selfs al was jy reeds siek, kan jy jou immuunstelsel sterk hou om te keer dat jy weer siek word.

“Gee jou liggaam die regte vitamien en minerale deur 'n dieet ryk aan voedingstowwe te eet. Dit doen baie om jou liggaam teen verkoue en griep te versterk en selfs infeksies te beveg,” sê Naazneen Khan, bestuurder van voeding, gesondheid en welstand by Nestlé Suid-Afrika. Om die winterkieme hok te slaan, rond jou bord met hierdie immuunversterkende bestanddele af.

Blomkool

Dit help om jou selle in 'n werkende toestand te hou, waaronder die selle wat infeksies beveg en jou

immuunstelsel sterk hou. 'n Sterker immuunstelsel beteken dat jou liggaam beter toegerus sal wees om verkoues en griep te beveg.

Wortels en patats

Wortels en patats help om jou vel en slymvliese te ondersteun, wat jou hoofverdedigingslyn teen virusse is.

Hoender

Wanneer dit gekook word, help hoenderproteïen om slym te verdun en dit uit die liggaam te skei.

Voel jy nie so lekker nie?

“Soppe is 'n goeie manier om jou gehidreer te hou en die hitte van die sop help om slym te verdun. Dit help om die neusgange oop te maak,” sê Khan.

Misbruik jy antibiotika?

Antibiotika is 'n waardevolle vorm van medikasie, maar misbruik kan tot selfs groter gesondheidsgevaare lei.

Antibiotika word al vir meer as 70 jaar gebruik om bakteriële infeksies te behandel, die verspreiding van siektes te voorkom en komplikasies onder beheer te hou. Ongelukkig het die misbruik van hierdie medisyne gemaak dat antibiotika met verloop van tyd minder doeltreffend geraak het. Hoe kan jy seker maak dat jy dit reg gebruik?



Wanneer om dit nie te gebruik nie

Volgens 'n artikel wat deur die Mayo-kliniek in die VSA gepubliseer is, word die liggaam se weerstand teen antibiotika deur oorgebruik bevorder – veral wanneer antibiotika nie die korrekte behandeling vir 'n toestand is nie. En volgens die sentrums vir siektebeheer en -voorkoming in die VSA is tot 50% van die gebruik van antibiotika onnodig en ondoeltreffend.

Antibiotika behandel bakteriële infeksies en behoort nie vir virusinfeksies geneem te word nie. Algemene virusinfeksies wat nie by antibiotiese behandeling baat nie, sluit in:

- Verkoue
- Griep
- Brongitis
- Die meeste hoestoestande
- Sommige oorinfeksies
- Sommige sinusinfeksies
- Maaggriep



Volgens die Mayo-kliniek sal die gebruik van 'n antibiotikum vir 'n virusinfeksie nie die infeksie laat opklaar óf voorkom dat ander mense siek word óf jou beter laat voel nie. Dit kan ook onnodige en skadelike nuwe-effekte tot gevolg hê, en bevorder antibiotiese weerstandigheid.

Wanneer jy antibiotika vir 'n virusinfeksie neem, sal die antibiotika óf die goeie bakterieë in jou liggaam óf dié wat nie vir die infeksie verantwoordelik is nie aanval. Dit kan tot antibiotiese weerstandigheid lei. Volgens 'n artikel deur

die sentrums vir siektebeheer en -voorkoming ontstaan antibiotiese weerstandigheid wanneer die bakterieë veranderinge ondergaan wat die medisyne, chemikalieë of ander middels wat geformuleer is om infeksies te voorkom, minder doeltreffend maak. Hierdie bakterieë oorleef en hou aan vermeerder en rig verdere skade aan.

Wanneer 'n antibiotikum gebruik word om bakterieë te beveg, ondergaan die bakterieë veranderinge wat dit met verloop van tyd weerstandig maak. Dit is 'n natuurlike resultaat van dié organismes se oorlewingsinstink, skryf Marlena Norwood in 'n aanlyn artikel wat deur Sustainable World Coalition gepubliseer is. Met die oorgebruik van antibiotika word daardie evolusie egter verhaas en ontstaan daar subtypes van antimikrobiese-weerstandige bakterieë – sonder enige antibiotika wat daarteen gebruik kan word.

Wees verantwoordelik

Mense kom dikwels in die versoeking om hul antibiotika te staak sodra hulle beter voel, maar dit is noodsaaklik om die behandeling te voltooi sodat al die skadelike bakterieë doodgemaak word. Wanneer daar voortydig met antibiotika opgehou word, kan dit beteken dat die behandeling later hervat moet word – en dit kan die verspreiding van antibiotikaweerstandige eienskappe onder skadelike bakterieë bevorder.

Volgens Norwood is dit belangrik om die verskil tussen 'n bakteriële en 'n virusinfeksie te verstaan voordat jy jou dokter vir antibiotika vra. En wanneer jou dokter in die vervolgt antibiotika wil voorskryf, behoort jy seker te maak dat hy of sy deeglike toetse gedoen het om te bevestig dat die infeksie wel bakterieel is.

Beskerm jouself teen antibiotikaweerstandige superkieme

Antimikrobiese weerstand hou 'n groot wêreldwye gesondheidsrisiko in.

Het jy al ooit een kursus antibiotika ná die ander gedrink sonder om beter te raak? Antimikrobiese weerstand (AMW) of die antibiotikaweerstandige superkiem is dalk die sondaar ...

Wat op aarde is antibiotikaweerstandige superkieme?

Wanneer sommige mikro-organismes soos bakterieë, fungusse, parasiete en virusse aan medikasie soos antibiotika blootgestel word, verander dit van vorm en word weerstandig teen antibiotika. Die medikasie is nie meer doeltreffend om dit te dood nie; van daar die naam "antibiotikaweerstandige superkieme". Dit hou 'n groot risiko vir wêreldwye gesondheid in.

Twee oplossings vir antibiotikaweerstandige superkieme

Pharma Dynamics, een van die land se grootste toonaangewende verskaffers van antibiotika, versprei bewustheid van AMW.

Hulle het twee maniere geïdentifiseer om antimikrobiese weerstand aan bande te lê: inenting, asook die verantwoordelike gebruik van antibiotika.

Hoekom inentings belangrik is

- Inentings sal jou gesond hou en teen aansteeklike siektes en kwale beskerm.
- Inentings sal jou immuunstelsel van 'n jong ouderdom af opbou.
- Inentings is veilig en doeltreffend. Die risiko's wat met siektes geassosieer word, is meer as dié wat met inentings geassosieer word.
- Inentings sal keer dat die siekte versprei en kan toekomstige generasies teen siektes beskerm.
- Inentings sal die koste van gesondheidskwessies op lang termyn verminder.

Deur antibiotika korrek te gebruik kan jy help om die aanvang van antibiotikaweerstandigheid te keer

Gebruik antibiotika net wanneer absoluut noodsaaklik en wanneer dit deur jou dokter voorgeskryf word.

- Hou by die voorgeskrewe daaglikse dosis.
- Moenie jou daaglikse dosis vermeerder om vinniger te probeer herstel nie.
- Voltooi jou hele kursus antibiotika.
- Gee jou liggaam 'n kans om eers die infeksie te beveg. Probeer tuisremedies voordat jy jou tot antibiotika wend.
- Versterk jou immuunstelsel gedurende die griepseisoen.

016 422 3171 / 082 925 9630

 amtecservice.co.za



AMTEC
Service Centre



AMTEC SERVICE CENTRE
SPESIALISEER IN
DIESEL POMPE & INJECTORS

AGENTE VAN

STANADYNE
BOSCH
DELPHI
DENSO

**VIR
ALLES
WAT JOU
VOERTUIG BENODIG**

'N VERTROUDELING VAN VKB TAKKE REGOOR SUID-AFRIKA

VERSKAFFER # 12299

ons **waardeer** dit as dinge bymekaar kom...
...en ons laat dit alles gebeur

van plaas tot tafel | vir geïntegreerde landbouwaardeketting oplossings



vk**b**

VKB Hoofkantoor | President CR Swartstraat 31, Reitz, 9810 | Tel. 087 358 8111
VKB Landbou (Edms.) Bpk. is 'n goedgekeurde Finansiële Diensteverskaffer FDV 4813
vir die **LIEFDE** van die **LAND** | www.vkb.co.za

Oorspronklike Formule

Lassie

en vriende
and friends



Nou **20** jaar oud

HONDEKOS

Beskikbaar by NTK Handelstakke



Lassie Hondekos is volledig gebalanseerd, al wat u kan byvoeg is skoon water daagliks en baie Liefde.

Riaan Bester 083 271 8710 | lassiedogfood@gmail.com



**GRAIN FIELD
CHICKENS**

From the farms of the Free State
Need we say more?



For any queries please contact our
Customer Care Line: 087 940 5100 or visit www.grainfieldchickens.co.za



GRAIN FIELD CHICKENS

DIJON MUSTARD CHICKEN ON THE BRAAI

60ml olive oil
60ml beer
30ml soy sauce
60ml Worcestershire sauce
Juice of 1 lemon
30ml brown sugar
30ml dried rosemary
30ml Dijon mustard
1 garlic clove, crushed
800g **Grain Field Chickens** Braai Pack

Combine all of the ingredients except the chicken in a large mixing bowl and whisk together. Remove half of the marinade and bring the other half to the boil. Simmer until slightly thickened and set aside keeping it warm. Place the chicken in a large bowl and pour over the unboiled half of the marinade, mix to combine. Leave for about 1 hour. Prepare the braai to your liking, remove the chicken from the marinade and discard marinade.

Braai the chicken until cooked through. Place cooked chicken in boiled marinade, set aside covered with foil and allow to rest for at least 2 minutes, before serving.



**For any queries please contact our
Customer Care Line: 087 940 5100 or visit www.grainfieldchickens.co.za**



vkb
Liebensbergvlei
CANOE MARATHON



Great Prize Money & Giveaways to all!

15 & 16 September 2018
K1 RACE | REITZ - FRANKFORT | FREE STATE | 30 & 32 km

SA Schools National River Championships



Entries opening soon!

For more information visit [LIEBENSBERGVLEI](#) Facebook page

for the
LOVE
of the
LAND

www.vkb.co.za



vkb



**DABULAMANZI
CANOE CLUB**

"THE FINEST CANOE CLUB IN THE WHOLE DAM UNIVERSE"



**GRAIN FIELD
CHICKENS**



Gundle Plastics materials are manufactured for African conditions.



SILAGE

Long lasting SILEX has greater puncture and tear resistance and maintains an effective air/rain tight seal and ensures less damage to the silage.



DAM LINING

Dam Lining engineered for proven quality and cost effective solutions in the Agricultural, Industrial, Mining, Leisure and Waste Disposal sectors.



GUNMULCH

South Africa's most technically advanced plastic mulch. Ensuring optimum growth and improved yield.

OTHER PRODUCTS

- Packaging
- Cucumber Shrink
- Fumigation Sheeting
- Brick Covers
- Pond Liners
- Pool Covers
- Planting Bags
- Ground Covers
- Truck Liners
- Damp and Waterproof sheeting for construction applications
- Roofing Underlayment Products
- WeedStop Spunwoven



NETWRAP

Round bale netwrap is manufactured from high quality raw material using advanced technological processes.



FROST COVERS

RYDEK reduces frost damage. It is formulated for short season applications where crops require protection for only one season.



NTK: FOR THE LOVE OF...

... THE GAME



Die NTK Rugbyweek het onlangs plaasgevind by die Hoërskool Merensky op Tzaneen. Die takbestuurder, Frikkie van Vuuren, se seun Neil is in twee wedstryde aangewys aan "Man of the Match". Wyle Leunis van Rooyen van Tzaneen Handel se pa, Wally

Denton, het die trofee aan hom oorhandig. Frikkie het Wally genooi om deel te wees van die week aangesien hy vir vele jare 'n rugby-afrigter was, maar ook ter nagedagtenis aan Leunis.

... KNOWLEDGE



NTK, as part of the VKB Group, places a high priority on training and empowerment of personnel. That is why there are ongoing courses for the benefit of both the company and the individual. A group that

concluded the NQF2 recently received their certificates at the workplace. Walter Morema of Trichardtsdal received this from manager Riaan van Wyk.

... THY NEIGHBOUR



NTKners se harte en hande was nog altyd oop vir hul medemens. Of dit nou 'n kollega in nood is of om Cansa te ondersteun, hulle gee mildelik. André Vermeulen het uit sy pad gegaan om 'n kliënt te help wat afhanklik is van suurstof

toe Modimolle sonder krag was. Hy het sy eie kragopwekker na die kliënt geneem terwyl die kliënt se opwekker stukkend was. André het meer as die ekstra myl in diens gestap.

... OF THE FARMER



Through the years the farmer has always been the core reason of NTK/VKB's existence. And that will never change. The Department of Agricultural Development recently attended the farmer's day of Thato Moagi. Patience Ntloko addressed the

farmers present and invited them to do business with NTK. Braam Crots, as manager of the department, was also part of the day.

NTK ... FOR THE LOVE OF THE LAND...

VKB Fuels at Pienaarsrivier in full swing

The first thing you notice when you drive in at the new fuel station in Pienaarsrivier is how neat and tidy it is. Inside the kiosk you will be amazed that a shop can actually be so neat and tidy. And the people who work here are very proud of their fuel station and kiosk – they keep it in tiptop shape!

After a few hiccups VKB Fuels started to pump fuel to motorists and farmers of the area. They are very busy because everyone wants to fill up at this modern station. From the first day business was great and Pienaarsrivier's staff is optimistic that it will stay this way!

Congratulations to the team. Keep up the good liter count.



Hurricane promotion at Bochum

Bochum, depot of the newly formed Blouberg Branch, recently held a promotion of Hurricane pumps. Rae Mackie of Hurricane spent a whole day at the depot to assist staff with the sales and do some marketing.

Rae presented each buyer of Hurricane with a cap. Mr. Jan Makhura, a local contractor, received a cap and was delighted with the gesture from Hurricane. Sometimes it takes only a small gesture to ensure continued good business with a customer. Good relations between NTK branches and suppliers lead to a win-win situation for all.



Assistance to Vingerkraal Project

A group of people who are currently unemployed and staying just outside Bela Bela have started a vegetable garden to earn some money. They are in need of many things just to survive in Vingerkraal.

The Department of Agricultural Development assisted them with equipment to put to use in their garden. Braam Crots met with the group and presented wheelbarrows and other equipment.

This is a social economic development contribution towards the Vingerkraal Village. We wish the community the best of luck with their efforts to be independent.



Victor Matfield op Tolwe



Dit was 'n lekker geleentheid vir die boere van Tolwe om Victor Matfield, Springbok-legende, in lewende lywe op eie bodem te ontmoet. Victor was daar om die voere waarby hy betrokke is, aan die boere te kom bemark. Victor is al vir etlike jare betrokke in die wildbedryf en kan eerstehands van die voordele van Wildswinkel se voere vertel.

By die boeresaal het die boere hom ingewag. Hulle het die inligting insiggewend gevind en van die boere het kom bladskud met die Springbokslot van 'n paar seisoene gelede. Die opkoms was goed, 'n geslaagde bemarkingsgeleentheid vir NTK en Wildswinkel.

Meganisasie in Limpopo

Cobus Steenkamp van Warmbad Meganisasie is ná die pas afgelope finansiële jaar aangewys as Heelgoederebemarker van die Jaar nadat hy die meeste bruto wins gegeneer het in NTK-gebied. Boy du Preez het sy toekening aan hom oorhandig. Meganisasie is baie trots op die heelgoederebemarkers wat almal goeie wins ingebring het met jaareinde. Tzaneen was die mees winsgewende Meganisasie-tak in Limpopo vir die boekjaar 2017/2018. Nico van der Walt het die trofee aan hulle oorhandig. Jaco de Wet (heelgoederebemarker) staan agter. Thomas Ngobeni en Sammy Madia (onderdele) staan voor in die middel. Andre is die werktuigkundige en Sane die vakleerling van Tzaneen voor op die foto. Lize van der Merwe, die steunpilaar met die admin, was afwesig met die neem van die foto. Baie geluk aan Meganisasie-personeel met goeie prestasies.



Boy wens Cobus geluk



Nico en die personeel

NTK-Handelsafdeling

'n Nuwe tak is in die lewe geroep, naamlik Blouberg-tak. Dit bestaan uit Vivo, Bochum en Dendron. Die bestuurder van Blouberg is Mariëtte Muller wat oorhoofs aangestel is oor al drie bedryfspunte. Gerrie Heinlein is verantwoordelik vir Dendron, Patricia Mothiba bly steeds verantwoordelik vir Bochum en Heinrich Wait is verantwoordelik vir Vivo terwyl Mariëtte oorhoofs oor al drie is. Johan Schlebusch, wat onlangs aangestel is as takbestuurder van Dendron, is na Letsitele verplaas ná die afsterwe van Ferdi du Toit. Janet de Beer van Settlers neem waar as bestuurder van Marken nadat Freddie Roos oorgeplaas is na die nuwe tak in Nelspruit. Louw Coetzee het op 1 Junie die leisels oorgeneem van Roedtan nadat Gideon van Niekerk bedank het. Schalk Kruger is aangestel as bestuurder: besproeiing terwyl Lammie Henn voortaan bestuurder: besproeiing-opleiding sal hanteer.

Graan-afdeling

Daar is onlangs op Settlers en Roedtan die geleentheid geskep om gesprekke te voer met lede en produsente. Rolspelers van verskeie afdelings was teenwoordig om NTK in totaliteit te bemark met Graan-afdeling wat as gasheer opgetree het. Francois Froneman het die boere toegesprek. Hy het hulle bedank vir hul ondersteuning, aangemoedig om NTK verder te ondersteun en die pad vorentoe uitgestippel. Die geleentheid het in goeie gesindheid plaasgevind. NTK bly steeds die beste keuse vir die hantering van graan vir alle produsente. Pryse word soms ten alle koste nagejaag, maar daardie spreekwoord "ver van jou goed, na aan jou skade" is ook in die graanbedryf van toepassing. NTK Graan kommunikeer met lede oor aspekte soos laer graderings omdat NTK die pad met die boer stap.

Naboom wen Complete

Complete Hondkos het 'n kompetisie onder deelnemende handelstakke geloods en Naboomspruit is as wenner aangewys. Die individu wat R5 000 gewen het was Beauty Ramphabana wat haar aankope in Musina gedoen het.



Moedersdag op Thabazimbi

Thabazimbi is een van die takke in NTK wat geen geleentheid laat verbygaan om NTK se beeld te versterk of bemarking te doen nie. Maar Thabazimbi doen ook baie in die gemeenskap sonder om iets terug te verwag. Moedersdag is ook by die tak gevier en 'n spesiale geskenkpak was aan 'n gelukkige moeder-wenner oorhandig. Elke vrou het die geleentheid gekry om 'n ballon te bars waarin die gelukkige wennommer versteek was. Ina Engelbrecht het die bederf-pakkie huis toe gevat.

Die hare waai by Hoofkantoor



Daar het groot opgewondenheid by Hoofkantoor geheers toe hare geskeer en gespuit is ten bate van Cansa. Party het net die moed gehad om met gekleurde koppe in die openbaar te verskyn terwyl ander bereid was om al hulle hare af te skeer. Alma, Morne en Surina het gewys dat hulle werklik omgee en al hulle hare het gewaai. Daar is 'n bedrag van R1 340 is ten bate van Cansa by Hoofkantoor ingesamel. Baie dankie aan almal wat deelgeneem het.

NTK supports WRSA training

A farm workers' day was recently held at Castle de Wildt just outside Modimolle. The purpose of the day was to provide ongoing training for farm workers in die game industry. Training was done on post mortem of animals, etiquette, basic first aid, basic electricity, basic plumbing and basic service of tractors.

NTK was assisted by Agrinet and Plastteknik SA. Both suppliers provided training to various groups of workers. It was a successful day for WRSA, NTK and workers who attended.



Ishmael and Steve of Kralingen Bow hunting with the certificates they received.

Nuus uit Messina



NTK Messina het die laerskool se rugby geborg. Hier is Annemarie en Cobus saam met die afrigter en die span.

AFASA Young Farmers Day

NTK has visited with Thato Moagi on several occasions and was invited to give a presentation at the AFASA Young Farmers Day on their farm Legae La Banareng in the Modimolle district.

The day was attended by Nuffield co-students of Thato from all over the world. They gave interesting information about farming in their respective countries.

Mr. Moagi gave a very interesting overview of his farming

model for the upliftment of developing farmers with sustainable future for all. His optimism and clear thinking is inspirational.

The emphasis of the day was on young farmers – the future of food security of our country. Mr. Moagi placed emphasis on the development of skills for young farmers. He also said safety and security in agriculture are very important factors. Patience Ntloko of NTK Development Agriculture showed a video of VKB. She invited all to expand business with NTK through the different departments.

From NTK's side the day was attended by manager Braam Crots with his team: Patience Ntloko, David Kekana, Vincent Masikela and Mashia Photoane.

"Abundance is not about providing everyone with a life of luxury – rather it's providing all with a life of possibility."



The team: Braam, Patience, Vincent, Mashia and David.

Bestuurder: besproeiing: Schalk Kruger



Baie welkom aan Schalk Kruger wat onlangs aangestel is as bestuurder: besproeiing van NTK. Schalk het nie veel bekendstelling nodig nie aangesien hy in sy hoedanigheid by Agrinet in die verlede baie keer paaie met NTK gekruis het.

Schalk het al die SABI-kursusse, asook 'n bestuurskursus deur Noordwes Universiteit voltooi. Hy is 100% gereed

vir die uitdaging by NTK wat op hom wag en opgewonde daarvoor. Hy sien NTK as 'n projek waarin hy binne drie jaar 'n wesentliche verskil wil maak.

Schalk glo deur eerlike kommunikasie word verhoudinge gebou. Dit is belangrik om 'n boer ingelig te hou sodat hy sy beplanning dienooreenkomstig kan doen. Hy werk saam met 'n boer om sy boerdery te bevoordeel wat aan die einde van die dag tot alle partye se voordeel sal strek. Kontak hom gerus by 014 717 1685.

NTK borg VLU Noord

Die VLU is 'n vrouebelangegroep wat ten doel het om die vrou se visie te verbreed. Dit leer vroue om betrokke te raak by die gemeenskap en entrepreneurskap deur vaardighede in te skerp. Vaardighede word ook aangewend om ander op te hef.

Die jaarlikse VLU Noord-kongres is onlangs by Weesgerus buite Modimolle aangebied en bygewoon deur ongeveer 150 vroue van oor die hele provinsie. Die tema vir die kongres was: Hef 'n vrou op – want geen mens is 'n eiland nie.

NTK het weereens as borg opgetree en Marcia Froneman het die eer gehad om NTK se groet-boodskap aan die dames oor te dra. Sy het verwys na die vele jare van bestaan vir beide NTK en die VLU, en die raakpunte tussen die twee uitgewys. Marcia het beklemtoon dat die produsent se besigheid steeds die spil is waarom NTK draai. Sy het die voordele van lidmaatskap uitgewys en gesê dat VKB/NTK se goeie resultate genade van Bo is. Ten slotte het sy die versugting uitgespreek dat NTK en VLU se verbintenis net van krag tot krag sal gaan.



*Bewys jou liefde aan jou mees
lojale werker, jou beste vriend...*

TLC Adult, Puppy en Katkos is beskikbaar
by alle VKB Handelstakke.



Al wat jou troeteldier kort is **TLC en jy !**



www.tlcpetnutrition.co.za





SA's Greenest celebrated at the Eco-logic Awards



The 2018 Eco-Logic Awards took place on World Environment Day (5th of June) at The Maslow, Times Square in Menlyn, Pretoria. The award finalists, together with company CEO's, celebrities and thought-leaders celebrated by stepping out in their most 'glamorously green' outfits to observe the good work South Africans are doing to preserve our planet. Twin Mosia, known as the 'miner from Petrus Steyn' who

has been re-enacting the Anglo Boer War to emphasise the role non-white South Africans played in this war, and who is now working together with Transnet to establish the Elandskop Museum in Mamafubedu, Petrus Steyn, has also been selected for a Presidential Award in the category Compassion.



MSD Akademie Malelane: Dr. Faffa Malan, wie se bydraes op die webwerf www.landbou.com ons gereeld in *Die Pad Saam* gebruik, en Daniëlle Maree van die Aankope-afdeling van VKB-hoofkantoor in gesprek.



MSD Akademie Malelane



Cipla-opleiding by Intulo Lodge, Naboomspruit



Cipla-opleiding by Intulo Lodge, Naboomspruit



Cipla-opleiding by Intulo Lodge, Naboomspruit

Free State Oil se presteerders vereer

Tydens 'n gesellige braai het Free State Oil onlangs ook 'n prysuitdeling gehou waar sertifikate toegeken is aan verlede jaar se presteerders. Tydens die geleentheid is die Skof van die Jaar ook aangewys, en David Gaserotse het die toekenning in ontvangs geneem as toesighouer van die wen-skof.





HELP MET WATERBESPARING

INNOVERENDE TOP GEHALTE TUIN BESPROEING

#1 KEUSE VIR HUISEIENAARS
IN DIE V.S.A.

Die Orbit tuinbesproeiing reeks het alles wat jy nodig het om 'n professionele tuin besproeiingstelsels self op te stel. Die produkreeks is innoverend, volledig en ontwerp met die eindverbruiker in gedagte vir maklike installering, instandhouding en gebruik.

- Orbit is al 'n geruime tyd in Suid Afrika, en is deeglik getoets in hierdie klimaat
- Installering videos en volledige gidse vrylik aanlyn beskikbaar

PRODUKTE IN DIE REEKS



Uitwip Sprinkelaars en Spuitstukke



Besproeiing Kontrolleerders



Mis Spreei Stelsels



Sprinkelaar Koppe

Solenoid Kleppe

Orbit is beskikbaar by deelnemende NTK/VKB handelstakke. Die Orbit reeks word eksklusief versprei deur Agrinet

Water-saving Micro Irrigation Solutions



Rain-Jet

Micro Irrigation Systems

Quality micro irrigation that offers a wide variety of spray patterns and types for all applications and conditions.



STARTER KITS AVAILABLE
easy
DIY
kits



- **Easy Installation**
- **Comprehensive Range**
- **Value for Money**
- **Water Saving, but with Great Results**
- **Wide Variety of Spray Patterns**

Rain-Jet is available from participating NTK/VKB Stores. Rain-Jet is exclusively distributed by Agrinet



O.16- en O.19-netbalstreekstoernooi

Tydens die sewende netbaltoernooi by die Hoërskool Hennenman het die spanning omtrent hoog geloop. Dit was vier dae se naelbyt-netbalwedstryde met slegs een wenner wat aan die einde van die week aangekondig is.

Thepa Trading, in samewerking met VKB, was onder andere die borg van die week. VKB is reeds vyf jaar by die toernooi betrokke.

Brenda Hoffman, skoolhoof van die Hoërskool Hennenman, bedank elke streek wat 'n span gestuur het. Sy noem ook dat dit die eerste jaar is wat die O.16-spanne deel is van die toernooi.

Francois Swanepoel van VKB sê die week is vir VKB 'n geleentheid waarop ons baie trots is om betrokke te wees.

Die O.16 Lejweleputswa Rooikatte en die O.16 Lejweleputswa Flaminke het die Vrydag in die 19de rondte deelgeneem om die titel as wenner van die toernooi. Ná 'n fantastiese vier kwarte het die twee spanne gelykop geëindig en 'n verdere tien minute (vyf minute aan elke kant) is gespeel. Die Lejweleputswa Rooikatte het met die titel weggestap met 'n telling van 32-30.

Chamél Els van die Hoërskool Hentie Cilliers in Virginia was die speler van dié wedstryd.

Die veelsydigste O.16-speler van die hele toernooi was

Mamello Monkoe van die Lejweleputswa Rooikatte.

Die O.19 Fezile Dabi Kiewiete en die O.19 Xhariep Platteland het almal in groot afwagting gehad tydens die finaal.

Dit was 'n uitstekende wedstryd en dit was, behalwe vir die telling, baie moeilik om die beste span te identifiseer. Xhariep Platteland het weggestap met die beker met 'n telling van 26-21.

Ilané Lavarack van die Hoërskool Lavarack in Jacobsdal was speler van dié wedstryd.

Die veelsydigste O.19-speler van die hele toernooi was Colette Uys van Lejweleputswa Tigers.

Die Oos-Vrystaat Kosmosse het beide 'n O.16- en 'n O.19-span ingeskryf en hoewel hulle nie in die finaal gespeel het nie, het hulle baie goed gevaar. Jakkie Cilliers, O.19-speler van die Hoërskool Witteberg in Bethlehem, is aangewys as beste senter in die Beste Speler per Posisie vir 2018, terwyl Milindie Kleynhans, ook van die Hoërskool Witteberg, aangewys is as beste doelverdediger. Salé Opperman, O.16-speler van die Hoërskool Witteberg, is aangewys as beste verdedigende vleuel vir 2018 en Sue-Marie Claasen, O.16-speler óók van die Hoërskool Witteberg, is aangewys as beste doelverdediger vir 2018.

Baie geluk, dames. VKB sien uit na 2019 se toernooi.



O.19 Oos-Vrystaat Kosmosse



O.16 Lejweleputswa Flaminke



O.16 Oos-Vrystaat Kosmosse



O.16 Lejweleputswa Rooikatte



O.19 Lejweleputswa Flaminke



O.19 Lejweleputswa Tigers



O.19 Fezile Dabi Kiewiete



O.19 Lejweleputswa Rooikatte



O.19 Xhariep Platteland



Tel: 058 303 8799

28 Pretorius Street
Bethlehem, 9701

**SHELL HAS THE RIGHT
LUBRICANT FOR EVERY TASK**



ENGINE

SHELL RIMULA B4 X	SHELL SPIRAX S3 T	SHELL RIMULA R2 EXTRA	SHELL RIMULA R2

STEERING

SHELL SPIRAX S2 ATF D2

AXLE

SHELL SPIRAX S2 A	SHELL SPIRAX S3 T	SHELL SPIRAX S4 TXM

GEARBOX

SHELL SPIRAX S2 G	SHELL SPIRAX S3 T	SHELL SPIRAX S4 TXM

FUEL

Shell Diesel Extra

GREASE

SHELL GADUS RANGE

HYDRAULICS

SHELL SPIRAX S4 TXM	SHELL SPIRAX S3 T

Leeukop Lubricants
smeermiddels beskikbaar by
alle VKB takke!!



VKB Head Office • 31 President Cr Swart Street, Reitz, 9810
Tel: 087 358 8111 • vkb@vkb.co.za • www.vkb.co.za
VKB Agriculture (Pty) Ltd is an Authorised Financial Service Provider, Licence no 4813



Ons het die afgelope 50 jaar 'n paar dinge oor groei geleer.

Total het die afgelope vyf dekades sterk op die landbousektor gefokus. Gedurende hierdie tyd het ons hard gewerk om innoverende, kliëntgesentreerde oplossings te ontwikkel wat daarop gemik is om groei in die sektor te bevorder, deur ons boere te ondersteun met die baanbreker-produkte en kundige advies wat hulle nodig het.



TOTAL

Committed to Better Energy